6. (1) This Act does not apply to the processing of personal information—

(a) in the course of a purely personal or household activity;

(b) that has been de-identified to the extent that it cannot be re-identified again;

(c) by or on behalf of a public body—
  (i) which involves national security, including activities that are aimed at assisting in the identification of the financing of terrorist and related activities, defence or public safety; or

welke geval, behoudens artikel 37, die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting soos in Hoofstuk 3 bedoel aan voldoen moet word.

(6) Die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting deur of namens 'n verantwoordelike party vir doeleindes van direkte bemarking by wyse van enige middel is in Hoofstuk 3 vervat, gelees met artikel 69 vir soverre daardie artikel met direkte bemarking deur middel van ongeoorloofde elektroniese kommunikasie verband hou.

(7) Artikels 60 tot 68 maak, in gepaste omstandighede, voorsiening vir die ontwikkeling van gedragskodes wat uitklaar hoe die voorwaardes bedoel in subartikel (1), onderhewig aan enige vrystellings wat ingevolge artikel 37 verleen is, toegepas moet word, of aan voldoen moet word binne 'n bepaalde sektor.

Regte van datasubjekte

5. 'n Datasubjek het die reg dat daardie datasubjek se persoonlike inligting in ooreenstemming met die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting soos in Hoofstuk 3 bedoel, geprosesseer word, met inbegrip van die reg—

(a) om verwittig te word dat—
  (i) persoonlike inligting aangaande daardie datasubjek ingesamel word soos wat in artikel 18 voorsien word; of
  (ii) daardie datasubjek se persoonlike inligting deur 'n ongemagtigde persoon verkry is of dat toegang daartoe verkry is soos wat in artikel 22 voorsien word;

(b) om vas te stel of 'n verantwoordelike party persoonlike inligting van daardie datasubjek het en om toegang tot daardie datasubjek se persoonlike inligting te versoek soos wat in artikel 23 voorsien word;

(c) om, waar nodig, die regstelling, vernietiging of uitwissing van daardie datasubjek se persoonlike inligting te versoek soos wat in artikel 24 voorsien word;

(d) om op redelike gronde met verwysing na daardie datasubjek se besondere situasie beswaar aan te teken teen die prosessering van daardie datasubjek se persoonlike inligting soos in artikel 11(3)*(a)* voorsien word;

(e) om beswaar aan te teken teen die prosessering van daardie datasubjek se persoonlike inligting—
  (i) te eniger tyd, vir doeleindes van direkte bemarking ingevolge artikel 11(3)*(b)*; of
  (ii) ingevolge artikel 69(3)*(c)*;

(f) om nie daardie datasubjek se persoonlike inligting te laat prosesseer nie vir doeleindes van direkte bemarking deur middel van ongeoorloofde elektroniese kommunikasie, behalwe soos in artikel 69(1) bedoel;

(g) om nie, onder sekere omstandighede, onderhewig te wees nie aan 'n besluit wat alleenlik op die geoutomatiseerde prosessering van daardie datasubjek se persoonlike inligting gebaseer is en bedoel is om 'n profiel van sodanige persoon te verskaf soos wat in artikel 71 voorsien word;

(h) 'n klagte by die Reguleerder in te dien aangaande die beweerde inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van enige datasubjek of om 'n klagte by die Reguleerder in te dien ten opsigte van 'n vasstelling van 'n skeidsregter soos in artikel 74 voorsien word; en

(i) om siviele verrigtinge in te stel met betrekking tot die beweerde inmenging met die beskerming van daardie datasubjek se persoonlike inligting soos in artikel 99 voorsien word.

Uitsluitings

6. (1) Hierdie Wet is nie op die prosessering van persoonlike inligting van toepassing nie—

(a) in die loop van 'n uitsluitlik persoonlike of huishoudelike aktiwiteit;

(b) wat in so 'n mate gedeïdentifiseer is dat dit nie weer hergeïdentifiseer kan word nie;

(c) deur of namens 'n openbare liggaam—
  (i) vir doeleindes van nasionale veiligheid, met inbegrip van aktiwiteite wat daarop gemik is om te help met die identifisering van die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite, verdediging of openbare veiligheid; of

(ii) the purpose of which is the prevention, detection, including assistance in the identification of the proceeds of unlawful activities and the combating of money laundering activities, investigation or proof of offences, the prosecution of offenders or the execution of sentences or security measures,

to the extent that adequate safeguards have been established in legislation for the protection of such personal information;

(d) by the Cabinet and its committees or the Executive Council of a province; or

(e) relating to the judicial functions of a court referred to in section 166 of the Constitution.

(2) **"Terrorist and related activities"**, for purposes of subsection (1)*(c)*, means those activities referred to in section 4 of the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004 (Act No. 33 of 2004).

Exclusion for journalistic, literary or artistic purposes

7. (1) This Act does not apply to the processing of personal information solely for the purpose of journalistic, literary or artistic expression to the extent that such an exclusion is necessary to reconcile, as a matter of public interest, the right to privacy with the right to freedom of expression.

(2) Where a responsible party who processes personal information for exclusively journalistic purposes is, by virtue of office, employment or profession, subject to a code of ethics that provides adequate safeguards for the protection of personal information, such code will apply to the processing concerned to the exclusion of this Act and any alleged interference with the protection of the personal information of a data subject that may arise as a result of such processing must be adjudicated as provided for in terms of that code.

(3) In the event that a dispute may arise in respect of whether adequate safeguards have been provided for in a code as required in terms of subsection (2) or not, regard may be had to—

(a) the special importance of the public interest in freedom of expression;

(b) domestic and international standards balancing the—

(i) public interest in allowing for the free flow of information to the public through the media in recognition of the right of the public to be informed; and

(ii) public interest in safeguarding the protection of personal information of data subjects;

(c) the need to secure the integrity of personal information;

(d) domestic and international standards of professional integrity for journalists; and

(e) the nature and ambit of self-regulatory forms of supervision provided by the profession.

CHAPTER 3

CONDITIONS FOR LAWFUL PROCESSING OF PERSONAL INFORMATION

Part A

Processing of personal information in general

Condition 1

Accountability

Responsible party to ensure conditions for lawful processing

8. The responsible party must ensure that the conditions set out in this Chapter, and all the measures that give effect to such conditions, are complied with at the time of the

(ii) waarvan die oogmerk die voorkoming, opsporing, met inbegrip van hulpverlening in die identifisering van die opbrengste uit onwettige aktiwiteite en die bestryding van geldwassery-aktiwiteite, die ondersoek of bewys van misdrywe, die vervolging van oortreders of die uitvoering van vonnisse of veiligheidsmaatreëls, is,

vir sover genoegsame voorsorgmaatreëls in wetgewing vir die beskerming van sodanige persoonlike inligting daargestel is;

(d) deur die Kabinet en kabinetskomitees of die Uitvoerende Raad van 'n provinsie; of

(e) met betrekking tot die regterlike werksaamhede van 'n hof in artikel 166 van die Grondwet bedoel.

(2) **"Terroriste- en verwante aktiwiteite"**, by die toepassing van subartikel (1)*(c)*, beteken daardie aktiwiteite bedoel in artikel 4 van die Wet op die Beskerming van Staatkundige Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 33 van 2004).

Uitsluiting vir joernalistieke, literêre of artistieke oogmerke

7. (1) Hierdie Wet is nie van toepassing op persoonlike inligting wat alleenlik vir die oogmerk van joernalistieke, literêre of artistieke uitdrukking geprosesseeer word nie, vir sover sodanige uitsluiting noodsaaklik is om, as 'n saak van openbare belang, die reg op privaatheid met die reg op vryheid van uitdrukking te versoen.

(2) Waar 'n verantwoordelike party wat persoonlike inligting prosesseer vir uitsluitlik joernalistieke oogmerke, by wyse van amp, betrekking of professie, aan 'n etiese kode onderhewig is wat genoegsame voorsorgmaatreëls vir die beskerming van persoonlike inligting daarstel, geld sodanige kode ten opsigte van daardie prosessering tot die uitsluiting van hierdie Wet en enige beweerde inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek wat uit sodanige prosessering mag voortvloei moet bereg word soos in daardie kode voorsiening gemaak word.

(3) In die geval waar 'n dispuut mag ontstaan oor die vraag of voorsiening gemaak is vir genoegsame voorsorgmaatreëls in 'n kode soos vereis ingevolge subartikel (2), al dan nie, kan—

(a) die spesiale belangrikheid van die openbare belang in vryheid van uitdrukking;

(b) binnelandse en internasionale standaarde wat geld vir die opweging van die—

(i) openbare belang wat die vrye vloei van inligting aan die publiek deur die media toelaat in erkenning van die reg van die publiek om ingelig te word; en

(ii) openbare belang in die beskerming van die persoonlike inligting van datasubjekte;

(c) die noodsaak om die integriteit van persoonlike inligting te beveilig;

(d) binnelandse en internasionale standaarde van professionele integriteit vir joernaliste; en

(e) die aard en omvang van self-regulerende vorme van toesig wat deur die professie voorsien word,

in ag geneem word.

HOOFSTUK 3

VOORWAARDES VIR REGMATIGE PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Deel A

Prosessering van persoonlike inligting in algemeen

Voorwaarde 1

Verantwoordingspligtigheid

Verantwoordelike party moet voorwaardes vir regmatige prosessering verseker

8. Die verantwoordelike party moet verseker dat die voorwaardes in hierdie Hoofstuk vervat, en alle maatreëls wat aan sodanige voorwaardes uitvoering gee, aan voldoen

determination of the purpose and means of the processing and during the processing itself.

Condition 2

Processing limitation

Lawfulness of processing

9. Personal information must be processed—
(a) lawfully; and
(b) in a reasonable manner that does not infringe the privacy of the data subject.

Minimality

10. Personal information may only be processed if, given the purpose for which it is processed, it is adequate, relevant and not excessive.

Consent, justification and objection

11. (1) Personal information may only be processed if—
(a) the data subject or a competent person where the data subject is a child consents to the processing;
(b) processing is necessary to carry out actions for the conclusion or performance of a contract to which the data subject is party;
(c) processing complies with an obligation imposed by law on the responsible party;
(d) processing protects a legitimate interest of the data subject;
(e) processing is necessary for the proper performance of a public law duty by a public body; or
(f) processing is necessary for pursuing the legitimate interests of the responsible party or of a third party to whom the information is supplied.

(2) *(a)* The responsible party bears the burden of proof for the data subject's or competent person's consent as referred to in subsection (1)*(a)*.

(b) The data subject or competent person may withdraw his, her or its consent, as referred to in subsection (1)*(a)*, at any time: Provided that the lawfulness of the processing of personal information before such withdrawal or the processing of personal information in terms of subsection (1)*(b)* to *(f)* will not be affected.

(3) A data subject may object, at any time, to the processing of personal information—
(a) in terms of subsection (1)*(d)* to *(f)*, in the prescribed manner, on reasonable grounds relating to his, her or its particular situation, unless legislation provides for such processing; or
(b) for purposes of direct marketing other than direct marketing by means of unsolicited electronic communications as referred to in section 69.

(4) If a data subject has objected to the processing of personal information in terms of subsection (3), the responsible party may no longer process the personal information.

Collection directly from data subject

12. (1) Personal information must be collected directly from the data subject, except as otherwise provided for in subsection (2).

(2) It is not necessary to comply with subsection (1) if—
(a) the information is contained in or derived from a public record or has deliberately been made public by the data subject;
(b) the data subject or a competent person where the data subject is a child has consented to the collection of the information from another source;

word ten tye van die vasstelling van die oogmerk en middele van die prosessering en gedurende die prosessering self.

Voorwaarde 2

Beperkte prosessering

Regmatigheid van prosessering

9. Persoonlike inligting moet—
(a) regmatig; en
(b) op 'n redelike wyse wat nie op die privaatheid van die datasubjek inbreuk maak nie,
geprosesseer word.

Minimaliteit

10. Persoonlike inligting kan slegs geprosesseer word indien dit, gegewe die oogmerk waarvoor dit geprosesseer word, genoegsaam, relevant en nie uitermatig is nie.

Toestemming, regverdiging en beswaarmaking

11. (1) Persoonlike inligting kan slegs geprosesseer word indien—
(a) die datasubjek of, waar die datasubjek 'n kind is, 'n bevoegde persoon tot die prosessering toestem;
(b) prosessering noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van 'n kontrak waartoe die datasubjek 'n party is;
(c) prosessering voldoen aan 'n verpligting wat deur die reg op die verantwoordelike party opgelê word;
(d) prosessering 'n regmatige belang van die datasubjek beskerm;
(e) prosessering noodsaaklik is vir die behoorlike uitoefening van 'n openbare regsplig deur 'n openbare liggaam; of
(f) prosessering noodsaaklik is vir die nastrewing van die regmatige belange van die verantwoordelike party of 'n derde party aan wie die inligting verskaf word.

(2) *(a)* Die verantwoordelike party dra die bewyslas vir die datasubjek of die bevoegde persoon se toestemming soos in subartikel (1)*(a)* bedoel.

(b) Die datasubjek of bevoegde persoon kan, te eniger tyd, daardie datasubjek of bevoegde persoon se toestemming, soos in subartikel (1)*(a)* bedoel, terugtrek: Met dien verstande dat die regmatigheid van die prosessering van die persoonlike inligting voor sodanige terugtrekking of die prosessering van persoonlike inligting ingevolge subartikel (1)*(b)* tot *(f)* nie daardeur geraak word nie.

(3) 'n Datasubjek kan, te eniger tyd, beswaar aanteken teen die prosessering van persoonlike inligting—
(a) ingevolge subartikel (1)*(d)* tot *(f)*, op die voorgeskrewe wyse, op redelike gronde met betrekking tot daardie datasubjek se besondere situasie, tensy wetgewing vir sodanige prosessering voorsiening maak; of
(b) vir doeleindes van direkte bemarking anders as direkte bemarking deur middel van ongeoorloofde elektroniese kommunikasie soos in artikel 69 bedoel.

(4) Indien 'n datasubjek ingevolge subartikel (3) teen die prosessering van persoonlike inligting beswaar aangeteken het, kan die verantwoordelike party nie meer die persoonlike inligting prosesseer nie.

Insameling direk vanaf datasubjek

12. (1) Persoonlike inligting moet, behalwe soos andersins in subartikel (2) bepaal, direk vanaf die datasubjek ingesamel word.

(2) Dit is nie nodig om aan subartikel (1) te voldoen nie, indien—
(a) die inligting vervat is in of afkomstig is uit 'n openbare rekord of opsetlik deur die datasubjek openbaar gemaak is;
(b) die datasubjek of, waar die datasubjek 'n kind is, 'n bevoegde persoon tot die insameling van die inligting vanaf 'n ander bron toegestem het;

(c) collection of the information from another source would not prejudice a legitimate interest of the data subject;
(d) collection of the information from another source is necessary—
(i) to avoid prejudice to the maintenance of the law by any public body, including the prevention, detection, investigation, prosecution and punishment of offences;
(ii) to comply with an obligation imposed by law or to enforce legislation concerning the collection of revenue as defined in section 1 of the South African Revenue Service Act, 1997 (Act No. 34 of 1997);
(iii) for the conduct of proceedings in any court or tribunal that have commenced or are reasonably contemplated;
(iv) in the interests of national security; or
(v) to maintain the legitimate interests of the responsible party or of a third party to whom the information is supplied;
(e) compliance would prejudice a lawful purpose of the collection; or
(f) compliance is not reasonably practicable in the circumstances of the particular case.

Condition 3

Purpose specification

Collection for specific purpose

13. (1) Personal information must be collected for a specific, explicitly defined and lawful purpose related to a function or activity of the responsible party.

(2) Steps must be taken in accordance with section 18(1) to ensure that the data subject is aware of the purpose of the collection of the information unless the provisions of section 18(4) are applicable.

Retention and restriction of records

14. (1) Subject to subsections (2) and (3), records of personal information must not be retained any longer than is necessary for achieving the purpose for which the information was collected or subsequently processed, unless—
(a) retention of the record is required or authorised by law;
(b) the responsible party reasonably requires the record for lawful purposes related to its functions or activities;
(c) retention of the record is required by a contract between the parties thereto; or
(d) the data subject or a competent person where the data subject is a child has consented to the retention of the record.

(2) Records of personal information may be retained for periods in excess of those contemplated in subsection (1) for historical, statistical or research purposes if the responsible party has established appropriate safeguards against the records being used for any other purposes.

(3) A responsible party that has used a record of personal information of a data subject to make a decision about the data subject, must—
(a) retain the record for such period as may be required or prescribed by law or a code of conduct; or
(b) if there is no law or code of conduct prescribing a retention period, retain the record for a period which will afford the data subject a reasonable opportunity, taking all considerations relating to the use of the personal information into account, to request access to the record.

(4) A responsible party must destroy or delete a record of personal information or de-identify it as soon as reasonably practicable after the responsible party is no longer authorised to retain the record in terms of subsection (1) or (2).

(c) insameling van die inligting vanaf ’n ander bron nie ’n regmatige belang van die datasubjek sal benadeel nie;

(d) insameling van die inligting vanaf ’n ander bron noodsaaklik is—

(i) om benadeling van die handhawing van die reg, met inbegrip van die voorkoming, opsporing, ondersoek, vervolging en bestrawwing van misdrywe deur enige openbare liggaam, te voorkom;

(ii) om aan ’n verpligting wat deur die reg opgelê word te voldoen of om wetgewing met betrekking tot die invordering van belasting, soos in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997), omskryf, af te dwing;

(iii) vir die voer van verrigtinge in enige hof of tribunaal wat ’n aanvang geneem het of redelikerwys beoog word;

(iv) in die belang van nasionale veiligheid; of

(v) om die regmatige belange van die verantwoordelike party of ’n derde party aan wie die inligting verskaf is, te handhaaf;

(e) nakoming ’n regmatige oogmerk van die insameling sal benadeel; of

(f) nakoming nie in die omstandighede van die betrokke geval redelikerwys moontlik is nie.

Voorwaarde 3

Oogmerkspesifikasie

Insameling vir bepaalde oogmerk

13. (1) Persoonlike inligting moet vir ’n bepaalde, uitdruklik omskrewe en regmatige oogmerk wat verband hou met ’n werksaamheid of aktiwiteit van die verantwoordelike party ingesamel word.

(2) Stappe moet ooreenkomstig artikel 18(1) gedoen word ten einde te verseker dat die datasubjek van die oogmerk van die insameling van die inligting bewus is, tensy die bepalings van artikel 18(4) van toepassing is.

Behoud en inperking van rekords

14. (1) Rekords van persoonlike inligting moet, behoudens subartikels (2) en (3), nie enigsins langer gehou word nie as wat noodsaaklik is om die oogmerk waarvoor die inligting ingesamel of verder geprosesseer is te bereik, tensy—

(a) behoud van die rekord regtens vereis of gemagtig word;

(b) die verantwoordelike party die rekord redelikerwys benodig vir regmatige oogmerke wat met daardie verantwoordelike party se werksaamhede of aktiwiteite verband hou;

(c) behoud van die rekord deur ’n kontrak tussen die partye daartoe vereis word; of

(d) die datasubjek of, waar die datasubjek ’n kind is, ’n bevoegde persoon tot die behoud van die rekord toegestem het.

(2) Rekords van persoonlike inligting kan vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke vir langer tydperke as dié waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, gehou word indien die verantwoordelike party geskikte voorsorgmaatreëls teen die gebruik van die rekords vir enige ander oogmerke ingestel het.

(3) ’n Verantwoordelike party wat ’n rekord van persoonlike inligting van ’n datasubjek gebruik het om ’n besluit aangaande die datasubjek te neem, moet—

(a) die rekord vir sodanige tydperk behou as wat regtens of deur ’n gedragskode vereis of voorgeskryf mag word; of

(b) indien daar geen wet of gedragskode is wat die tydperk van behoud voorskryf nie, vir ’n tydperk wat die datasubjek ’n redelike geleentheid, met inagneming van alle oorwegings met betrekking tot die gebruik van die persoonlike inligting, sal gun om toegang tot die rekord te versoek.

(4) ’n Verantwoordelike party moet ’n rekord van persoonlike inligting vernietig of uitwis of deïdentifiseer so gou as wat dit redelikerwys moontlik is nadat die verantwoordelike party nie meer gemagtig is om die rekord ingevolge subartikel (1) of (2) te behou nie.

(5) The destruction or deletion of a record of personal information in terms of subsection (4) must be done in a manner that prevents its reconstruction in an intelligible form.

(6) The responsible party must restrict processing of personal information if—

(a) its accuracy is contested by the data subject, for a period enabling the responsible party to verify the accuracy of the information;

(b) the responsible party no longer needs the personal information for achieving the purpose for which the information was collected or subsequently processed, but it has to be maintained for purposes of proof;

(c) the processing is unlawful and the data subject opposes its destruction or deletion and requests the restriction of its use instead; or

(d) the data subject requests to transmit the personal data into another automated processing system.

(7) Personal information referred to in subsection (6) may, with the exception of storage, only be processed for purposes of proof, or with the data subject's consent, or with the consent of a competent person in respect of a child, or for the protection of the rights of another natural or legal person or if such processing is in the public interest.

(8) Where processing of personal information is restricted pursuant to subsection (6), the responsible party must inform the data subject before lifting the restriction on processing.

Condition 4

Further processing limitation

Further processing to be compatible with purpose of collection

15. (1) Further processing of personal information must be in accordance or compatible with the purpose for which it was collected in terms of section 13.

(2) To assess whether further processing is compatible with the purpose of collection, the responsible party must take account of—

(a) the relationship between the purpose of the intended further processing and the purpose for which the information has been collected;

(b) the nature of the information concerned;

(c) the consequences of the intended further processing for the data subject;

(d) the manner in which the information has been collected; and

(e) any contractual rights and obligations between the parties.

(3) The further processing of personal information is not incompatible with the purpose of collection if—

(a) the data subject or a competent person where the data subject is a child has consented to the further processing of the information;

(b) the information is available in or derived from a public record or has deliberately been made public by the data subject;

(c) further processing is necessary—

(i) to avoid prejudice to the maintenance of the law by any public body including the prevention, detection, investigation, prosecution and punishment of offences;

(ii) to comply with an obligation imposed by law or to enforce legislation concerning the collection of revenue as defined in section 1 of the South African Revenue Service Act, 1997 (Act No. 34 of 1997);

(iii) for the conduct of proceedings in any court or tribunal that have commenced or are reasonably contemplated; or

(iv) in the interests of national security;

(d) the further processing of the information is necessary to prevent or mitigate a serious and imminent threat to—

(i) public health or public safety; or

(ii) the life or health of the data subject or another individual;

(5) Die vernietiging of uitwissing van ’n rekord van persoonlike inligting ingevolge subartikel (4) moet op ’n wyse gedoen word wat die herkonstruksie daarvan in verstaanbare vorm verhoed.

(6) Die verantwoordelike party moet die prosessering van persoonlike inligting inperk indien—

(a) die akkuraatheid daarvan deur die datasubjek betwis word, vir ’n tydperk wat die verantwoordelike party in staat stel om die akkuraatheid van die inligting te kontroleer;

(b) die verantwoordelike party nie meer die inligting benodig om die oogmerk waarvoor die inligting ingesamel of verder geprosesseer is te bereik nie, maar dit vir bewysdoeleindes behou moet word;

(c) die prosessering onregmatig is en die datasubjek die vernietiging of uitwissing daarvan teenstaan en eerder die inperking van die gebruik daarvan versoek; of

(d) die datasubjek versoek dat die inligting na ’n ander geoutomatiseerde prosesseringstelsel oorgeplaas word.

(7) Persoonlike inligting in subartikel (6) bedoel kan, met die uitsondering van die stoor daarvan, slegs vir bewysdoeleindes geprosesseer word, of met die datasubjek se toestemming, of met die toestemming van ’n bevoegde persoon ten opsigte van ’n kind, of ter beskerming van die regte van ’n ander natuurlike of regspersoon of indien sodanige prosessering in die openbare belang is.

(8) Waar die prosessering van persoonlike inligting in navolging van subartikel (6) ingeperk is, moet die verantwoordelike party die datasubjek verwittig voordat die inperking op prosessering opgehef word.

Voorwaarde 4

Beperkte verdere prosessering

Verdere prosessering moet versoenbaar met oogmerk van insameling wees

15. (1) Verdere prosessering van persoonlike inligting moet in ooreenstemming of versoenbaar wees met die oogmerk waarvoor dit ingevolge artikel 13 ingesamel is.

(2) Ten einde vas te stel of verdere prosessering versoenbaar is met die oogmerk van insameling, moet die verantwoordelike party—

(a) die verhouding tussen die oogmerk van die beoogde verdere prosessering en die oogmerk waarvoor die inligting ingesamel is;

(b) die aard van die betrokke inligting;

(c) die gevolge van die beoogde verdere prosessering vir die datasubjek;

(d) die wyse waarop die inligting ingesamel is; en

(e) enige kontraktuele regte en verpligtinge tussen die partye,

in ag neem.

(3) Die verdere prosessering van persoonlike inligting is nie onversoenbaar met die oogmerk van die insameling nie, indien—

(a) die datasubjek of, waar die datasubjek ’n kind is, ’n bevoegde persoon tot die verdere prosessering van die inligting toegestem het;

(b) die inligting vervat is in of afkomstig is uit ’n openbare rekord of opsetlik deur die datasubjek openbaar gemaak is;

(c) verdere prosessering noodsaaklik is—

(i) om benadeling van die handhawing van die reg, met inbegrip van die voorkoming, opsporing, ondersoek, vervolging en bestrawwing van misdrywe, deur ’n openbare liggaam te voorkom;

(ii) om aan ’n verpligting wat deur die reg opgelê word te voldoen of om wetgewing met betrekking tot die invordering van belasting, soos in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997), omskryf, af te dwing;

(iii) vir die voer van verrigtinge in enige hof of tribunaal wat ’n aanvang geneem het of redelikerwys beoog word; of

(iv) in die belang van nasionale veiligheid;

(d) die verdere prosessering van die inligting noodsaaklik is om ’n ernstige en onmiddellike bedreiging teenoor—

(i) openbare gesondheid of openbare veiligheid; of

(ii) die lewe of gesondheid van die datasubjek of ’n ander individu,

te voorkom of te verlig;

(e) the information is used for historical, statistical or research purposes and the responsible party ensures that the further processing is carried out solely for such purposes and will not be published in an identifiable form; or

(f) the further processing of the information is in accordance with an exemption granted under section 37.

Condition 5

Information quality

Quality of information

16. (1) A responsible party must take reasonably practicable steps to ensure that the personal information is complete, accurate, not misleading and updated where necessary.

(2) In taking the steps referred to in subsection (1), the responsible party must have regard to the purpose for which personal information is collected or further processed.

Condition 6

Openness

Documentation

17. A responsible party must maintain the documentation of all processing operations under its responsibility as referred to in section 14 or 51 of the Promotion of Access to Information Act.

Notification to data subject when collecting personal information

18. (1) If personal information is collected, the responsible party must take reasonably practicable steps to ensure that the data subject is aware of—

(a) the information being collected and where the information is not collected from the data subject, the source from which it is collected;

(b) the name and address of the responsible party;

(c) the purpose for which the information is being collected;

(d) whether or not the supply of the information by that data subject is voluntary or mandatory;

(e) the consequences of failure to provide the information;

(f) any particular law authorising or requiring the collection of the information;

(g) the fact that, where applicable, the responsible party intends to transfer the information to a third country or international organisation and the level of protection afforded to the information by that third country or international organisation;

(h) any further information such as the—

(i) recipient or category of recipients of the information;

(ii) nature or category of the information;

(iii) existence of the right of access to and the right to rectify the information collected;

(iv) existence of the right to object to the processing of personal information as referred to in section 11(3); and

(v) right to lodge a complaint to the Information Regulator and the contact details of the Information Regulator,

which is necessary, having regard to the specific circumstances in which the information is or is not to be processed, to enable processing in respect of the data subject to be reasonable.

(2) The steps referred to in subsection (1) must be taken—

(a) if the personal information is collected directly from the data subject, before the information is collected, unless the data subject is already aware of the information referred to in that subsection; or

(e) die inligting vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke gebruik word en die verantwoordelike party verseker dat die verdere prosessering alleenlik vir sodanige oogmerke uitgevoer word en nie in 'n identifiseerbare vorm openbaar gemaak sal word nie; of

(f) die verdere prosessering van die inligting in ooreenstemming is met 'n vrystelling wat ingevolge artikel 37 verleen is.

Voorwaarde 5

Inligtingsgehalte

Gehalte van inligting

16. (1) 'n Verantwoordelike party moet redelikerwys moontlike stappe doen ten einde te verseker dat die persoonlike inligting volledig is, akkuraat is, nie misleidend is nie en, waar nodig, opgedateer is.

(2) Die verantwoordelike party moet, by die doen van die stappe in subartikel (1) bedoel, die oogmerk waarvoor persoonlike inligting ingesamel word of verder geprosesseer word in aanmerking neem.

Voorwaarde 6

Openheid

Dokumentasie

17. 'n Verantwoordelike party moet die dokumentasie van alle prosesseringsbedrywighede waarvoor daardie verantwoordelike party verantwoordelik is soos in artikel 14 of 51 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting bedoel, byhou.

Kennisgewing aan datasubjek wanneer persoonlike inligting ingesamel word

18. (1) Indien persoonlike inligting ingesamel word, moet die verantwoordelike party redelikerwys moontlike stappe doen om te verseker dat die datasubjek bewus is—

(a) van die feit dat die inligting ingesamel word en waar die inligting nie vanaf die datasubjek ingesamel word nie, die bron waarvandaan dit ingesamel word;

(b) van die naam en adres van die verantwoordelike party;

(c) van die oogmerk waarvoor die inligting ingesamel word;

(d) daarvan of die verskaffing van die inligting deur die datasubjek vrywillig of verpligtend is, al dan nie;

(e) van die gevolge van versuim om die inligting te verskaf;

(f) van enige bepaalde wetsbepaling wat die insameling van die inligting magtig of vereis;

(g) van die feit dat, waar van toepassing, die verantwoordelike party beoog om die inligting na 'n derde land of internasionale organisasie te stuur en die vlak van beskerming wat daardie derde land of internasionale organisasie aan die inligting verleen;

(h) van enige verdere inligting soos die—

(i) ontvanger of kategorie van ontvangers van die inligting;

(ii) aard of kategorie van die inligting;

(iii) bestaan van die reg van toegang tot en die reg tot regstelling van die inligting wat ingesamel is;

(iv) bestaan van die reg om beswaar aan te teken teen die prosessering van persoonlike inligting soos in artikel 11(3) bedoel; en

(v) reg om 'n klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien en die kontakbesonderhede van die Inligtingsreguleerder,

wat noodsaaklik is, met inagneming van die bepaalde omstandighede waaronder die inligting geprosesseer of nie geprosesseer word nie, sodat prosessering ten opsigte van 'n datasubjek redelik kan wees.

(2) Die stappe in subartikel (1) bedoel moet gedoen word—

(a) indien die persoonlike inligting direk van die datasubjek ingesamel word, alvorens die inligting ingesamel word, tensy die datasubjek reeds bewus is van die inligting in daardie subartikel bedoel; of

(b) in any other case, before the information is collected or as soon as reasonably practicable after it has been collected.

(3) A responsible party that has previously taken the steps referred to in subsection (1) complies with subsection (1) in relation to the subsequent collection from the data subject of the same information or information of the same kind if the purpose of collection of the information remains the same.

(4) It is not necessary for a responsible party to comply with subsection (1) if—

(a) the data subject or a competent person where the data subject is a child has provided consent for the non-compliance;

(b) non-compliance would not prejudice the legitimate interests of the data subject as set out in terms of this Act;

(c) non-compliance is necessary—

(i) to avoid prejudice to the maintenance of the law by any public body, including the prevention, detection, investigation, prosecution and punishment of offences;

(ii) to comply with an obligation imposed by law or to enforce legislation concerning the collection of revenue as defined in section 1 of the South African Revenue Service Act, 1997 (Act No. 34 of 1997);

(iii) for the conduct of proceedings in any court or tribunal that have been commenced or are reasonably contemplated; or

(iv) in the interests of national security;

(d) compliance would prejudice a lawful purpose of the collection;

(e) compliance is not reasonably practicable in the circumstances of the particular case; or

(f) the information will—

(i) not be used in a form in which the data subject may be identified; or

(ii) be used for historical, statistical or research purposes.

Condition 7

Security Safeguards

Security measures on integrity and confidentiality of personal information

19. (1) A responsible party must secure the integrity and confidentiality of personal information in its possession or under its control by taking appropriate, reasonable technical and organisational measures to prevent—

(a) loss of, damage to or unauthorised destruction of personal information; and

(b) unlawful access to or processing of personal information.

(2) In order to give effect to subsection (1), the responsible party must take reasonable measures to—

(a) identify all reasonably foreseeable internal and external risks to personal information in its possession or under its control;

(b) establish and maintain appropriate safeguards against the risks identified;

(c) regularly verify that the safeguards are effectively implemented; and

(d) ensure that the safeguards are continually updated in response to new risks or deficiencies in previously implemented safeguards.

(3) The responsible party must have due regard to generally accepted information security practices and procedures which may apply to it generally or be required in terms of specific industry or professional rules and regulations.

(b) in enige ander geval, alvorens die inligting ingesamel word of so gou as wat dit redelikerwys moontlik is nadat dit ingesamel is.

(3) 'n Verantwoordelike party wat voorheen die stappe in subartikel (1) bedoel, met betrekking tot dieselfde inligting of inligting van 'n soortgelyke aard, gedoen het, voldoen aan subartikel (1) indien die oogmerk van die insameling onveranderd bly.

(4) Dit is nie nodig vir 'n verantwoordelike party om aan subartikel (1) te voldoen nie, indien—

(a) die datasubjek of, waar die datasubjek 'n kind is, 'n bevoegde persoon toestemming vir die nienakoming verleen het;

(b) nienakoming nie die regmatige belange van die datasubjek, soos in hierdie Wet uiteengesit, sal benadeel nie;

(c) nienakoming noodsaaklik is—

(i) om benadeling van die handhawing van die reg, met inbegrip van die voorkoming, opsporing, ondersoek, vervolging en bestrawwing van misdrywe, deur enige openbare liggaam te voorkom;

(ii) om aan 'n verpligting wat deur die reg opgelê word te voldoen of om wetgewing met betrekking tot die invordering van belasting, soos in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, 1997 (Wet No. 34 van 1997), omskryf, af te dwing;

(iii) vir die voer van verrigtinge in enige hof of tribunaal wat 'n aanvang geneem het of redelikerwys beoog word; of

(iv) in die belang van nasionale veiligheid;

(d) nakoming 'n regmatige oogmerk van die insameling sal benadeel;

(e) nakoming nie redelikerwys moontlik in die omstandighede van die betrokke geval is nie; of

(f) die inligting—

(i) nie gebruik sal word in 'n vorm waarin die datasubjek geïdentifiseer kan word nie; of

(ii) vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke gebruik sal word.

Voorwaarde 7

Veiligheidsvoorsorgmaatreëls

Veiligheidsvoorsorgmaatreëls oor integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting

19. (1) 'n Verantwoordelike party moet die integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting in die verantwoordelike party se besit of onder die verantwoordelike party se beheer beveilig deur geskikte, redelike tegniese en organisatoriese maatreëls daar te stel om—

(a) verlies van, skade aan, of ongemagtigde vernietiging van persoonlike inligting; en

(b) onregmatige toegang tot of prosessering van persoonlike inligting,

te voorkom.

(2) Ten einde aan subartikel (1) gevolg te gee, moet die verantwoordelike party redelike maatreëls daarstel om—

(a) alle redelik voorsienbare interne en eksterne risiko's ten opsigte van persoonlike inligting in die verantwoordelike party se besit of onder die verantwoordelike party se beheer, te identifiseer;

(b) geskikte voorsorgmaatreëls teen die geïdentifiseerde risiko's in te stel en te onderhou;

(c) gereeld te kontroleer dat die voorsorgmaatreëls effektief geïmplementeer is; en

(d) te verseker dat die voorsorgmaatreëls voortdurend in reaksie op nuwe risiko's of gebreke in vorige geïmplementeerde voorsorgmaatreëls opgedateer word.

(3) Die verantwoordelike party moet behoorlik ag slaan op algemeen aanvaarde inligtingsveiligheidspraktyke en prosedures wat van toepassing kan wees op 'n verantwoordelike party hetsy in die algemeen of wat ingevolge bepaalde bedryfs- of professionele reëls en regulasies vereis kan word.

Information processed by operator or person acting under authority

20. An operator or anyone processing personal information on behalf of a responsible party or an operator, must—

(a) process such information only with the knowledge or authorisation of the responsible party; and

(b) treat personal information which comes to their knowledge as confidential and must not disclose it,

unless required by law or in the course of the proper performance of their duties.

Security measures regarding information processed by operator

21. (1) A responsible party must, in terms of a written contract between the responsible party and the operator, ensure that the operator which processes personal information for the responsible party establishes and maintains the security measures referred to in section 19.

(2) The operator must notify the responsible party immediately where there are reasonable grounds to believe that the personal information of a data subject has been accessed or acquired by any unauthorised person.

Notification of security compromises

22. (1) Where there are reasonable grounds to believe that the personal information of a data subject has been accessed or acquired by any unauthorised person, the responsible party must notify—

(a) the Regulator; and

(b) subject to subsection (3), the data subject, unless the identity of such data subject cannot be established.

(2) The notification referred to in subsection (1) must be made as soon as reasonably possible after the discovery of the compromise, taking into account the legitimate needs of law enforcement or any measures reasonably necessary to determine the scope of the compromise and to restore the integrity of the responsible party's information system.

(3) The responsible party may only delay notification of the data subject if a public body responsible for the prevention, detection or investigation of offences or the Regulator determines that notification will impede a criminal investigation by the public body concerned.

(4) The notification to a data subject referred to in subsection (1) must be in writing and communicated to the data subject in at least one of the following ways:

(a) Mailed to the data subject's last known physical or postal address;

(b) sent by e-mail to the data subject's last known e-mail address;

(c) placed in a prominent position on the website of the responsible party;

(d) published in the news media; or

(e) as may be directed by the Regulator.

(5) The notification referred to in subsection (1) must provide sufficient information to allow the data subject to take protective measures against the potential consequences of the compromise, including—

(a) a description of the possible consequences of the security compromise;

(b) a description of the measures that the responsible party intends to take or has taken to address the security compromise;

(c) a recommendation with regard to the measures to be taken by the data subject to mitigate the possible adverse effects of the security compromise; and

(d) if known to the responsible party, the identity of the unauthorised person who may have accessed or acquired the personal information.

(6) The Regulator may direct a responsible party to publicise, in any manner specified, the fact of any compromise to the integrity or confidentiality of personal

Inligting geprosesseer deur operateur of persoon wat kragtens magtiging optree

20. 'n Operateur of iemand wat persoonlike inligting namens 'n verantwoordelike party of 'n operateur prosesseer, moet—

(a) sodanige inligting slegs met die kennis of magtiging van die verantwoordelike party prosesseer; en

(b) persoonlike inligting wat tot hul wete kom as vertroulik hanteer en moet dit nie bekend maak nie,

tensy dit regtens of in die loop van die behoorlike uitoefening van hul pligte vereis word.

Veiligheidsvoorsorgmaatreëls aangaande inligting deur operateur geprosesseer

21. (1) 'n Verantwoordelike party moet, ingevolge 'n skriftelike kontrak tussen die verantwoordelike party en die operateur, verseker dat 'n operateur wat persoonlike inligting vir die verantwoordelike party prosesseer veiligheidsvoorsorgmaatreëls, in artikel 19 bedoel, instel en onderhou.

(2) Die operateur moet die verantwoordelike party onmiddellik in kennis stel indien daar redelike gronde is om te vermoed dat 'n ongemagtigde persoon toegang tot die persoonlike inligting van 'n datasubjek verkry het of die persoonlike inligting verkry het.

Kennisgewing van veiligheidsbreuke

22. (1) Waar daar redelike gronde is om te vermoed dat 'n ongemagtigde persoon toegang tot die persoonlike inligting van 'n datasubjek verkry het of die persoonlike inligting verkry het, moet die verantwoordelike party die—

(a) Reguleerder; en

(b) datasubjek, behoudens subartikel (3), tensy die identiteit van sodanige datasubjek nie vasgestel kan word nie,

in kennis stel.

(2) Die kennisgewing in subartikel (1) bedoel moet so gou as wat dit redelikerwys moontlik is na ontdekking van die veiligheidsbreuk uitgereik word, met inagneming van die regmatige noodsaak van wetstoepassing of enige maatreëls wat redelikerwys noodsaaklik is om die omvang van die veiligheidsbreuk vas te stel en om die integriteit van die verantwoordelike party se inligtingstelsel te herstel.

(3) Die verantwoordelike party kan slegs kennisgewing aan die datasubjek uitstel indien 'n openbare liggaam wat verantwoordelik is vir die voorkoming, opsporing of ondersoek van misdrywe of die Reguleerder bepaal dat kennisgewing 'n strafregtelike ondersoek deur die betrokke openbare liggaam sal belemmer.

(4) Die kennisgewing aan 'n datasubjek in subartikel (1) bedoel moet skriftelik wees en op ten minste een van die volgende wyses aan die datasubjek oorgedra word:

(a) Per pos na die datasubjek se laaste bekende fisiese of posadres;

(b) per e-pos na die datasubjek se laaste bekende e-posadres;

(c) deur plasing op 'n prominente posisie op die webtuiste van die verantwoordelike party;

(d) gepubliseer in die nuusmedia; of

(e) soos deur die Reguleerder aangewys.

(5) Die kennisgewing in subartikel (1) bedoel moet voldoende inligting voorsien om die datasubjek in staat te stel om beskermende maatreëls teen die potensiële gevolge van die veiligheidsbreuk te neem, met inbegrip van—

(a) 'n beskrywing van die moontlike gevolge van die veiligheidsbreuk;

(b) 'n beskrywing van die maatreëls wat die verantwoordelike party beoog om te neem of geneem het om die veiligheidsbreuk te hanteer;

(c) 'n aanbeveling met betrekking tot die maatreëls wat deur die datasubjek geneem kan word om die moontlike nadelige gevolge van die veiligheidsbreuk te verlig; en

(d) indien dit bekend is aan die verantwoordelike party, die identiteit van die ongemagtigde persoon wat moontlik toegang tot die persoonlike inligting verkry het of die persoonlike inligting verkry het.

(6) Die Reguleerder kan 'n verantwoordelike party aansê om op enige bepaalde wyse die feit van enige veiligheidsbreuk van die integriteit of vertroulikheid van persoonlike inligting, te publiseer indien die Reguleerder redelike gronde het om te vermoed dat

information, if the Regulator has reasonable grounds to believe that such publicity would protect a data subject who may be affected by the compromise.

Condition 8

Data subject participation

Access to personal information

23. (1) A data subject, having provided adequate proof of identity, has the right to—

(a) request a responsible party to confirm, free of charge, whether or not the responsible party holds personal information about the data subject; and

(b) request from a responsible party the record or a description of the personal information about the data subject held by the responsible party, including information about the identity of all third parties, or categories of third parties, who have, or have had, access to the information—

(i) within a reasonable time;

(ii) at a prescribed fee, if any;

(iii) in a reasonable manner and format; and

(iv) in a form that is generally understandable.

(2) If, in response to a request in terms of subsection (1), personal information is communicated to a data subject, the data subject must be advised of the right in terms of section 24 to request the correction of information.

(3) If a data subject is required by a responsible party to pay a fee for services provided to the data subject in terms of subsection (1)*(b)* to enable the responsible party to respond to a request, the responsible party—

(a) must give the applicant a written estimate of the fee before providing the services; and

(b) may require the applicant to pay a deposit for all or part of the fee.

(4) *(a)* A responsible party may or must refuse, as the case may be, to disclose any information requested in terms of subsection (1) to which the grounds for refusal of access to records set out in the applicable sections of Chapter 4 of Part 2 and Chapter 4 of Part 3 of the Promotion of Access to Information Act apply.

(b) The provisions of sections 30 and 61 of the Promotion of Access to Information Act are applicable in respect of access to health or other records.

(5) If a request for access to personal information is made to a responsible party and part of that information may or must be refused in terms of subsection (4)*(a)*, every other part must be disclosed.

Correction of personal information

24. (1) A data subject may, in the prescribed manner, request a responsible party to—

(a) correct or delete personal information about the data subject in its possession or under its control that is inaccurate, irrelevant, excessive, out of date, incomplete, misleading or obtained unlawfully; or

(b) destroy or delete a record of personal information about the data subject that the responsible party is no longer authorised to retain in terms of section 14.

(2) On receipt of a request in terms of subsection (1) a responsible party must, as soon as reasonably practicable—

(a) correct the information;

(b) destroy or delete the information;

(c) provide the data subject, to his or her satisfaction, with credible evidence in support of the information; or

sodanige publisiteit 'n datasubjek, wat deur sodanige veiligheidsbreuk geraak kan word, sal beskerm.

Voorwaarde 8

Deelname deur datasubjek

Toegang tot persoonlike inligting

23. (1) 'n Datasubjek, by verskaffing van genoegsame bewys van identiteit, het die reg om—

(a) 'n verantwoordelike party te versoek om, kosteloos, te bevestig of die verantwoordelike party persoonlike inligting oor die datasubjek hou, al dan nie; en

(b) van 'n verantwoordelike party, die rekord of 'n beskrywing van die persoonlike inligting oor die datasubjek wat deur die verantwoordelike party gehou word, met inbegrip van inligting oor die identiteit van alle derde partye, of kategorieë van derde partye, wat toegang tot die inligting het of gehad het—

(i) binne 'n redelike tydperk;
(ii) teen voorgeskrewe gelde, indien enige;
(iii) in 'n redelike wyse en formaat; en
(iv) in 'n vorm wat algemeen verstaanbaar is,

te versoek.

(2) Indien persoonlike inligting in reaksie op 'n versoek ingevolge subartikel (1) aan 'n datasubjek oorgedra word, moet die datasubjek ingelig word van die reg ingevolge artikel 24 om regstelling van die inligting te versoek.

(3) Indien 'n datasubjek deur 'n verantwoordelike party versoek word om 'n gelde te betaal vir die dienste wat ingevolge subartikel (1)*(b)* aan die datasubjek gelewer word ten einde die verantwoordelike party in staat te stel om te reageer op die versoek—

(a) moet die verantwoordelike party 'n skriftelike beraming van die gelde aan die applikant gee, alvorens die dienste gelewer word; en

(b) kan die verantwoordelike party vereis dat die applikant 'n deposito vir die somtotaal of 'n gedeelte van die gelde betaal.

(4) *(a)* 'n Verantwoordelike party kan of moet, na gelang van die geval, weier om enige inligting wat ingevolge subartikel (1) versoek is, te verskaf ten opsigte waarvan die gronde vir die weiering van toegang tot rekords in die toepaslike artikels van Hoofstuk 4 van Deel 2 en Hoofstuk 4 van Deel 3 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, van toepassing is.

(b) Die bepalings van artikels 30 en 61 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting is van toepassing ten opsigte van toegang tot gesondheids- of ander rekords.

(5) Indien 'n versoek om persoonlike inligting tot 'n verantwoordelike party gerig word en 'n gedeelte van daardie inligting kan of moet ingevolge subartikel (4)*(a)* geweier word, moet enige ander gedeelte daarvan verskaf word.

Regstelling van persoonlike inligting

24. (1) 'n Datasubjek kan, op die voorgeskrewe wyse, 'n verantwoordelike party versoek om—

(a) persoonlike inligting aangaande die datasubjek wat in die verantwoordelike party se besit is of onder die verantwoordelike party se beheer is wat onakkuraat, irrelevant, oortollig, verouderd, onvolledig, misleidend is of onregmatig verkry is, reg te stel of uit te wis; of

(b) 'n rekord van persoonlike inligting aangaande die datasubjek wat die verantwoordelike party nie langer, ingevolge artikel 14, kan behou nie te vernietig of uit te wis.

(2) By ontvangs van 'n versoek ingevolge subartikel (1), moet 'n verantwoordelike party so gou as wat redelikerwys moontlik is—

(a) die inligting regstel;

(b) die inligting vernietig of uitwis;

(c) die datasubjek, tot sy of haar oortuiging, van geloofwaardige bewysmateriaal ter stawing van die inligting, voorsien; of

(d) where agreement cannot be reached between the responsible party and the data subject, and if the data subject so requests, take such steps as are reasonable in the circumstances, to attach to the information in such a manner that it will always be read with the information, an indication that a correction of the information has been requested but has not been made.

(3) If the responsible party has taken steps under subsection (2) that result in a change to the information and the changed information has an impact on decisions that have been or will be taken in respect of the data subject in question, the responsible party must, if reasonably practicable, inform each person or body or responsible party to whom the personal information has been disclosed of those steps.

(4) The responsible party must notify a data subject, who has made a request in terms of subsection (1), of the action taken as a result of the request.

Manner of access

25. The provisions of sections 18 and 53 of the Promotion of Access to Information Act apply to requests made in terms of section 23 of this Act.

Part B

Processing of special personal information

Prohibition on processing of special personal information

26. A responsible party may, subject to section 27, not process personal information concerning—

(a) the religious or philosophical beliefs, race or ethnic origin, trade union membership, political persuasion, health or sex life or biometric information of a data subject; or

(b) the criminal behaviour of a data subject to the extent that such information relates to—

(i) the alleged commission by a data subject of any offence; or

(ii) any proceedings in respect of any offence allegedly committed by a data subject or the disposal of such proceedings.

General authorisation concerning special personal information

27. (1) The prohibition on processing personal information, as referred to in section 26, does not apply if the—

(a) processing is carried out with the consent of a data subject referred to in section 26;

(b) processing is necessary for the establishment, exercise or defence of a right or obligation in law;

(c) processing is necessary to comply with an obligation of international public law;

(d) processing is for historical, statistical or research purposes to the extent that—

(i) the purpose serves a public interest and the processing is necessary for the purpose concerned; or

(ii) it appears to be impossible or would involve a disproportionate effort to ask for consent,

and sufficient guarantees are provided for to ensure that the processing does not adversely affect the individual privacy of the data subject to a disproportionate extent;

(e) information has deliberately been made public by the data subject; or

(f) provisions of sections 28 to 33 are, as the case may be, complied with.

(2) The Regulator may, subject to subsection (3), upon application by a responsible party and by notice in the *Gazette*, authorise a responsible party to process special

(d) waar geen ooreenkoms tussen die verantwoordelike party en die datasubjek bereik kan word nie, en indien die datasubjek so versoek, sodanige stappe doen as wat redelik in die omstandighede is, om op so 'n wyse dat dit altyd saam met die inligting gelees word, 'n aanduiding aan die inligting te heg dat regstelling van die inligting versoek is, maar nie aangebring is nie.

(3) Indien 'n verantwoordelike party stappe kragtens subartikel (2) gedoen het wat 'n wysiging aan die inligting tot gevolg het en die gewysigde inligting 'n invloed het op die besluite wat aangaande die betrokke datasubjek geneem is of geneem gaan word, moet die verantwoordelike party, indien redelikerwys moontlik, elke persoon of liggaam of verantwoordelike party aan wie die persoonlike inligting bekend gemaak is, van sodanige stappe verwittig.

(4) Die verantwoordelike party moet 'n datasubjek, wat 'n versoek ingevolge subartikel (1) gerig het, in kennis stel van die stappe wat as gevolg van die versoek gedoen is.

Wyse van toegang

25. Die bepalings van artikels 18 en 53 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting is van toepassing op versoeke wat ingevolge artikel 23 van hierdie Wet gerig word.

Deel B

Prosessering van spesiale persoonlike inligting

Verbod op prosessering van spesiale persoonlike inligting

26. 'n Verantwoordelike party mag, behoudens artikel 27, nie persoonlike inligting met betrekking tot—

(a) die geloofs- of filosofiese oortuiginge, ras of etniese herkoms, vakbondlidmaatskap, politieke oortuiginge, gesondheid of sekslewe of biometriese inligting van 'n datasubjek; of

(b) die kriminele gedrag van 'n datasubjek vir sover sodanige inligting van toepassing is op—

(i) die beweerde pleeg van 'n misdryf deur 'n datasubjek; of

(ii) enige verrigtinge ten opsigte van 'n misdryf wat na bewering deur 'n datasubjek gepleeg is of die beskikking oor sodanige verrigtinge,

prosesseer nie.

Algemene magtiging met betrekking tot spesiale persoonlike inligting

27. (1) Die verbod op die prosessering van spesiale persoonlike inligting, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie indien die—

(a) prosessering met die toestemming van die datasubjek in artikel 26 bedoel uitgevoer word;

(b) prosessering noodsaaklik is vir die vestiging, uitoefening of beskerming van 'n reg of regsplig;

(c) prosessering noodsaaklik is om aan 'n verpligting van die internasionale publiekreg te voldoen;

(d) prosessering vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke is vir sover—

(i) die oogmerk 'n openbare belang dien en die prosessering noodsaaklik vir die betrokke oogmerk is; of

(ii) dit onmoontlik blyk te wees of buitensporige moeite tot gevolg sal hê om vir toestemming te vra,

en voldoende waarborge voorsien word om te verseker dat die prosessering nie die individuele privaatheid van die datasubjek tot 'n buitensporige mate nadelig beïnvloed nie;

(e) inligting opsetlik deur die datasubjek openbaar gemaak is; of

(f) bepalings van artikels 28 tot 33, na gelang van die geval, aan voldoen word.

(2) Die Reguleerder kan, behoudens subartikel (3), op aansoek deur 'n verantwoordelike party en by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n verantwoordelike party magtig om spesiale persoonlike inligting te prosesseer indien

personal information if such processing is in the public interest and appropriate safeguards have been put in place to protect the personal information of the data subject.

(3) The Regulator may impose reasonable conditions in respect of any authorisation granted under subsection (2).

Authorisation concerning data subject's religious or philosophical beliefs

28. (1) The prohibition on processing personal information concerning a data subject's religious or philosophical beliefs, as referred to in section 26, does not apply if the processing is carried out by—

(a) spiritual or religious organisations, or independent sections of those organisations if—
  (i) the information concerns data subjects belonging to those organisations; or
  (ii) it is necessary to achieve their aims and principles;
(b) institutions founded on religious or philosophical principles with respect to their members or employees or other persons belonging to the institution, if it is necessary to achieve their aims and principles; or
(c) other institutions: Provided that the processing is necessary to protect the spiritual welfare of the data subjects, unless they have indicated that they object to the processing.

(2) In the cases referred to in subsection (1)*(a)*, the prohibition does not apply to processing of personal information concerning the religion or philosophy of life of family members of the data subjects, if—

(a) the association concerned maintains regular contact with those family members in connection with its aims; and
(b) the family members have not objected in writing to the processing.

(3) In the cases referred to in subsections (1) and (2), personal information concerning a data subject's religious or philosophical beliefs may not be supplied to third parties without the consent of the data subject.

Authorisation concerning data subject's race or ethnic origin

29. The prohibition on processing personal information concerning a data subject's race or ethnic origin, as referred to in section 26, does not apply if the processing is carried out to—

(a) identify data subjects and only when this is essential for that purpose; and
(b) comply with laws and other measures designed to protect or advance persons, or categories of persons, disadvantaged by unfair discrimination.

Authorisation concerning data subject's trade union membership

30. (1) The prohibition on processing personal information concerning a data subject's trade union membership, as referred to in section 26, does not apply to the processing by the trade union to which the data subject belongs or the trade union federation to which that trade union belongs, if such processing is necessary to achieve the aims of the trade union or trade union federation.

(2) In the cases referred to under subsection (1), no personal information may be supplied to third parties without the consent of the data subject.

Authorisation concerning data subject's political persuasion

31. (1) The prohibition on processing personal information concerning a data subject's political persuasion, as referred to in section 26, does not apply to processing by or for an institution, founded on political principles, of the personal information of—

(a) its members or employees or other persons belonging to the institution, if such processing is necessary to achieve the aims or principles of the institution; or
(b) a data subject if such processing is necessary for the purposes of—

sodanige prosessering in die openbare belang is en geskikte voorsorgmaatreëls in plek gestel is om die persoonlike inligting van die datasubjek te beskerm.

(3) Die Reguleerder kan redelike voorwaardes oplê ten opsigte van enige magtiging wat kragtens subartikel (2) verleen is.

Magtiging met betrekking tot datasubjek se geloofs- of filosofiese oortuiginge

28. (1) Die verbod op prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se geloofs- of filosofiese oortuiginge, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie indien die prosessering uitgevoer word deur—

(a) geestelike of geloofsverenigings, of onafhanklike afdelings van daardie verenigings indien—
  (i) die inligting betrekking het op datasubjekte wat aan daardie verenigings behoort; of
  (ii) dit noodsaaklik is om hul oogmerke en beginsels te bereik;

(b) instellings gegrond op geloofs- of filosofiese beginsels ten opsigte van hul lede of werknemers of ander persone wat aan die instelling behoort, indien dit noodsaaklik is vir die bereiking van hul oogmerke en beginsels; of

(c) ander instellings: Met dien verstande dat die prosessering noodsaaklik is om die geestelike welstand van die datasubjekte te beskerm, tensy hulle aangedui het dat hulle beswaar teen die prosessering aanteken.

(2) Die verbod, in die gevalle in subartikel (1)*(a)* bedoel, geld nie vir die prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot die geloof of lewensfilosofie van familielede van die datasubjekte nie, indien—

(a) die betrokke vereniging gereeld, in verband met die oogmerke van die vereniging, met daardie familielede in verbinding bly; en

(b) die familielede nie skriftelik beswaar teen die prosessering aangeteken het nie.

(3) In die gevalle in subartikels (1) en (2) bedoel, mag persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se geloofs- of filosofiese oortuiginge nie sonder die toestemming van die datasubjek, aan derde partye verskaf word nie.

Magtiging aangaande datasubjek se ras of etniese herkoms

29. Die verbod op prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se ras of etniese herkoms, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie indien die prosessering uitgevoer word ten einde—

(a) datasubjekte te identifiseer en slegs wanneer dit noodsaaklik vir daardie oogmerk is; en

(b) aan wetsbepalings en ander maatreëls te voldoen wat gerig is op die beskerming en vooruitgang van persone, of kategorieë van persone, wat deur onregverdige diskriminasie benadeel is.

Magtiging aangaande datasubjek se vakbondlidmaatskap

30. (1) Die verbod op prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se vakbondlidmaatskap, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing op die prosessering deur die vakbond waaraan die datasubjek behoort of die vakbondfederasie waaraan die vakbond behoort nie, indien sodanige prosessering noodsaaklik is vir die bereiking van die oogmerke van die vakbond of die vakbondfederasie.

(2) In die gevalle in subartikel (1) bedoel, mag geen persoonlike inligting sonder die toestemming van die datasubjek, aan derde partye verskaf word nie.

Magtiging aangaande datasubjek se politieke oortuiging

31. (1) Die verbod op prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se politieke oortuiging, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie op prosessering deur of namens 'n instelling, wat op politieke beginsels gestig is, van die persoonlike inligting van—

(a) die lede of werknemers of ander persone wat aan die instelling behoort, indien sodanige prosessering noodsaaklik is om die oogmerke of beginsels van die instelling te bereik; of

(b) 'n datasubjek indien sodanige prosessering noodsaaklik is vir die oogmerke van—

(i) forming a political party;
(ii) participating in the activities of, or engaging in the recruitment of members for or canvassing supporters or voters for, a political party with the view to—
(aa) an election of the National Assembly or the provincial legislature as regulated in terms of the Electoral Act, 1998 (Act No. 73 of 1998);
(bb) municipal elections as regulated in terms of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act No. 27 of 2000); or
(cc) a referendum as regulated in terms of the Referendums Act, 1983 (Act No. 108 of 1983); or
(iii) campaigning for a political party or cause.

(2) In the cases referred to under subsection (1), no personal information may be supplied to third parties without the consent of the data subject.

Authorisation concerning data subject's health or sex life

32. (1) The prohibition on processing personal information concerning a data subject's health or sex life, as referred to in section 26, does not apply to the processing by—

(a) medical professionals, healthcare institutions or facilities or social services, if such processing is necessary for the proper treatment and care of the data subject, or for the administration of the institution or professional practice concerned;
(b) insurance companies, medical schemes, medical scheme administrators and managed healthcare organisations, if such processing is necessary for—
(i) assessing the risk to be insured by the insurance company or covered by the medical scheme and the data subject has not objected to the processing;
(ii) the performance of an insurance or medical scheme agreement; or
(iii) the enforcement of any contractual rights and obligations;
(c) schools, if such processing is necessary to provide special support for pupils or making special arrangements in connection with their health or sex life;
(d) any public or private body managing the care of a child if such processing is necessary for the performance of their lawful duties;
(e) any public body, if such processing is necessary in connection with the implementation of prison sentences or detention measures; or
(f) administrative bodies, pension funds, employers or institutions working for them, if such processing is necessary for—
(i) the implementation of the provisions of laws, pension regulations or collective agreements which create rights dependent on the health or sex life of the data subject; or
(ii) the reintegration of or support for workers or persons entitled to benefit in connection with sickness or work incapacity.

(2) In the cases referred to under subsection (1), the information may only be processed by responsible parties subject to an obligation of confidentiality by virtue of office, employment, profession or legal provision, or established by a written agreement between the responsible party and the data subject.

(3) A responsible party that is permitted to process information concerning a data subject's health or sex life in terms of this section and is not subject to an obligation of confidentiality by virtue of office, profession or legal provision, must treat the information as confidential, unless the responsible party is required by law or in connection with their duties to communicate the information to other parties who are authorised to process such information in accordance with subsection (1).

(4) The prohibition on processing any of the categories of personal information referred to in section 26, does not apply if it is necessary to supplement the processing

(i) die vorming van 'n politieke party;
(ii) deelname in die aktiwiteite van, of onderneming van die werwing van lede, ondersteuners of kiesers vir 'n politieke party, met die oog op—
(aa) 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering of die provinsiale wetgewer soos ingevolge die Kieswet, 1998 (Wet No. 73 van 1998), gereguleer;
(bb) munisipale verkiesings soos ingevolge die "Local Government: Municipal Electoral Act", 2000 (Wet No. 27 van 2000), gereguleer; of
(cc) 'n referendum soos ingevolge die Wet op Referendums, 1983 (Wet No. 108 van 1983), gereguleer; of
(iii) die voer van 'n veldtog vir 'n politieke party of saak.

(2) In die gevalle in subartikel (1) bedoel, mag geen persoonlike inligting sonder die toestemming van die datasubjek, aan derde partye verskaf word nie.

Magtiging aangaande datasubjek se gesondheid of sekslewe

32. (1) Die verbod op prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se gesondheid of sekslewe, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie op die prosessering deur—

(a) professionele medici, gesondheidsorg-instellings of -fasiliteite of maatskaplike dienste, indien sodanige prosessering noodsaaklik is vir die behoorlike behandeling en versorging van die datasubjek, of vir die administrasie van die betrokke instelling of professionele praktyk;
(b) versekeringsmaatskappye, mediese skemas, mediese skema administrateurs en bestuurde gesondheidsorg-organisasies, indien sodanige prosessering noodsaaklik is vir—
(i) vasstelling van die risiko wat deur die versekeringsmaatskappy verseker staan te word of deur die mediese skema gedek staan te word en die datasubjek nie beswaar ten opsigte van die prosessering aangeteken het nie;
(ii) die uitvoering van 'n versekerings- of mediese skema ooreenkoms; of
(iii) die afdwinging van enige kontraktuele regte en verpligtinge;
(c) skole, indien sodanige prosessering noodsaaklik is om spesiale ondersteuning aan leerlinge te verleen of om spesiale reëlings in verband met hul gesondheid of sekslewe te tref;
(d) enige openbare of privaatliggaam wat die versorging van 'n kind bestuur indien sodanige prosessering noodsaaklik vir die uitvoering van hul regmatige pligte is;
(e) enige openbare liggaam, indien sodanige prosessering noodsaaklik in verband met die toepassing van gevangenisstraf of aanhoudingsmaatreëls is; of
(f) administratiewe liggame, pensioenfondse, werkgewers of instellings wat vir hulle werk, indien sodanige prosessering noodsaaklik is vir—
(i) die toepassing van die bepalings van wette, pensioenregulasies of kollektiewe ooreenkomste wat regte skep wat van die gesondheid of sekslewe van die datasubjek afhanklik is; of
(ii) die herintegrasie van of ondersteuning vir werkers of persone wat op voordele in verband met siekte of werksonbevoegdheid geregtig is.

(2) Die inligting, in die gevalle in subartikel (1) bedoel, mag slegs deur verantwoordelike partye geprosesseer word onderhewig aan 'n verpligting van vertroulikheid uit hoofde van 'n amp, betrekking, professie of regsvoorskrif, of wat gevestig is deur 'n skriftelike ooreenkoms tussen die verantwoordelike party en die datasubjek.

(3) 'n Verantwoordelike party wat toegelaat word om inligting aangaande 'n datasubjek se gesondheid of sekslewe ingevolge hierdie artikel te prosesseer en wat nie uit hoofde van 'n amp, professie of regsvoorskrif aan 'n vertroulikheidsplig onderhewig is nie, moet die inligting as vertroulik hanteer, tensy daar van die verantwoordelike party, by wyse van 'n regsplig of in verband met die verantwoordelike party se pligte, vereis word om die inligting aan ander partye oor te dra wat gemagtig is om sodanige inligting kragtens subartikel (1) te prosesseer.

(4) Die verbod op die prosessering van enige van die kategorieë van persoonlike inligting in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie indien dit noodsaaklik is dat die prosessering van persoonlike inligting met betrekking tot 'n datasubjek se gesondheid,

of personal information concerning a data subject's health, as referred to under subsection (1)*(a)*, with a view to the proper treatment or care of the data subject.

(5) Personal information concerning inherited characteristics may not be processed in respect of a data subject from whom the information concerned has been obtained, unless—

(a) a serious medical interest prevails; or

(b) the processing is necessary for historical, statistical or research activity.

(6) More detailed rules may be prescribed concerning the application of subsection (1)*(b)* and *(f)*.

Authorisation concerning data subject's criminal behaviour or biometric information

33. (1) The prohibition on processing personal information concerning a data subject's criminal behaviour or biometric information, as referred to in section 26, does not apply if the processing is carried out by bodies charged by law with applying criminal law or by responsible parties who have obtained that information in accordance with the law.

(2) The processing of information concerning personnel in the service of the responsible party must take place in accordance with the rules established in compliance with labour legislation.

(3) The prohibition on processing any of the categories of personal information referred to in section 26 does not apply if such processing is necessary to supplement the processing of information on criminal behaviour or biometric information permitted by this section.

Part C

Processing of personal information of children

Prohibition on processing personal information of children

34. A responsible party may, subject to section 35, not process personal information concerning a child.

General authorisation concerning personal information of children

35. (1) The prohibition on processing personal information of children, as referred to in section 34, does not apply if the processing is—

(a) carried out with the prior consent of a competent person;

(b) necessary for the establishment, exercise or defence of a right or obligation in law;

(c) necessary to comply with an obligation of international public law;

(d) for historical, statistical or research purposes to the extent that—

(i) the purpose serves a public interest and the processing is necessary for the purpose concerned; or

(ii) it appears to be impossible or would involve a disproportionate effort to ask for consent,

and sufficient guarantees are provided for to ensure that the processing does not adversely affect the individual privacy of the child to a disproportionate extent; or

(e) of personal information which has deliberately been made public by the child with the consent of a competent person.

(2) The Regulator may, notwithstanding the prohibition referred to in section 34, but subject to subsection (3), upon application by a responsible party and by notice in the *Gazette*, authorise a responsible party to process the personal information of children if the processing is in the public interest and appropriate safeguards have been put in place to protect the personal information of the child.

(3) The Regulator may impose reasonable conditions in respect of any authorisation granted under subsection (2), including conditions with regard to how a responsible party must—

soos kragtens subartikel (1)*(a)* bedoel, aangevul moet word met die oog op die behoorlike behandeling of versorging van die datasubjek.

(5) Persoonlike inligting aangaande oorgeërfde eienskappe mag nie ten opsigte van 'n datasubjek, van wie die betrokke inligting verkry is, geprosesseer word nie tensy—

(a) 'n ernstige mediese belang geld; of

(b) die prosessering noodsaaklik is vir historiese, statistiese of navorsingsaktiwiteite.

(6) Meer uitvoerige reëls oor die toepassing van subartikel (1)*(b)* en *(f)* kan voorgeskryf word.

Magtiging aangaande datasubjek se kriminele gedrag of biometriese inligting

33. (1) Die verbod op prosessering van persoonlike inligting aangaande 'n datasubjek se kriminele gedrag of biometriese inligting, soos in artikel 26 bedoel, is nie van toepassing nie indien die prosessering deur liggame wat regtens belas is met die toepassing van die strafreg of deur verantwoordelike partye wat daardie inligting regtens verkry het, uitgevoer word.

(2) Die prosessering van inligting aangaande personeel in diens van die verantwoordelike party moet plaasvind ooreenkomstig die reëls daargestel in voldoening aan arbeidswetgewing.

(3) Die verbod op prosessering van enige kategorieë van persoonlike inligting in artikel 26 bedoel is nie van toepassing nie indien sodanige prosessering noodsaaklik is om die prosessering van inligting ten opsigte van kriminele gedrag of biometriese inligting wat deur hierdie artikel toegelaat word, aan te vul.

Deel C

Prosessering van persoonlike inligting van kinders

Verbod op prosessering van persoonlike inligting van kinders

34. 'n Verantwoordelike party mag, behoudens artikel 35, nie persoonlike inligting aangaande 'n kind prosesseer nie.

Algemene magtiging aangaande persoonlike inligting van kinders

35. (1) Die verbod op prosessering van persoonlike inligting van kinders, soos in artikel 34 bedoel, is nie van toepassing nie indien die prosessering—

(a) met die vooraf toestemming van 'n bevoegde persoon uitgevoer word;

(b) noodsaaklik is vir die vestiging, uitoefening of beskerming van 'n reg of 'n regsplig;

(c) noodsaaklik is vir voldoening aan 'n verpligting van internasionale publiekreg;

(d) vir historiese, statistiese of navorsingsoogmerke is vir sover—

(i) die oogmerk 'n openbare belang dien en die prosessering noodsaaklik vir die betrokke oogmerk is; of

(ii) dit onmoontlik blyk te wees of buitensporige moeite tot gevolg sal hê om toestemming te vra,

en voldoende waarborge voorsien word om te verseker dat die prosessering nie die individuele privaatheid van die kind tot 'n buitensporige mate nadelig beïnvloed nie; of

(e) persoonlike inligting behels wat opsetlik, met die toestemming van 'n bevoegde persoon, deur die kind openbaar gemaak is.

(2) Die Reguleerder kan, ondanks die verbod in artikel 34 bedoel, maar onderhewig aan subartikel (3), op aansoek deur 'n verantwoordelike party en by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n verantwoordelike party magtig om persoonlike inligting van kinders te prosesseer indien sodanige prosessering in die openbare belang is en geskikte voorsorgmaatreëls in plek gestel is om die persoonlike inligting van die kind te beskerm.

(3) Die Reguleerder kan redelike voorwaardes ten opsigte van enige magtiging kragtens subartikel (2) verleen, oplê, met inbegrip van voorwaardes oor hoe die verantwoordelike party—

(a) upon request of a competent person provide a reasonable means for that person to—
  (i) review the personal information processed; and
  (ii) refuse to permit its further processing;
(b) provide notice—
  (i) regarding the nature of the personal information of children that is processed;
  (ii) how such information is processed; and
  (iii) regarding any further processing practices;
(c) refrain from any action that is intended to encourage or persuade a child to disclose more personal information about him- or herself than is reasonably necessary given the purpose for which it is intended; and
(d) establish and maintain reasonable procedures to protect the integrity and confidentiality of the personal information collected from children.

CHAPTER 4

EXEMPTION FROM CONDITIONS FOR PROCESSING OF PERSONAL INFORMATION

General

36. Processing of personal information is not in breach of a condition for the processing of such information if the—
(a) Regulator grants an exemption in terms of section 37; or
(b) processing is in accordance with section 38.

Regulator may exempt processing of personal information

37. (1) The Regulator may, by notice in the *Gazette*, grant an exemption to a responsible party to process personal information, even if that processing is in breach of a condition for the processing of such information, or any measure that gives effect to such condition, if the Regulator is satisfied that, in the circumstances of the case—
(a) the public interest in the processing outweighs, to a substantial degree, any interference with the privacy of the data subject that could result from such processing; or
(b) the processing involves a clear benefit to the data subject or a third party that outweighs, to a substantial degree, any interference with the privacy of the data subject or third party that could result from such processing.

(2) The public interest referred to in subsection (1) includes—
(a) the interests of national security;
(b) the prevention, detection and prosecution of offences;
(c) important economic and financial interests of a public body;
(d) fostering compliance with legal provisions established in the interests referred to under paragraphs *(b)* and *(c)*;
(e) historical, statistical or research activity; or
(f) the special importance of the interest in freedom of expression.

(3) The Regulator may impose reasonable conditions in respect of any exemption granted under subsection (1).

Exemption in respect of certain functions

38. (1) Personal information processed for the purpose of discharging a relevant function is exempt from sections 11(3) and (4), 12, 15 and 18 in any case to the extent to which the application of those provisions to the personal information would be likely to prejudice the proper discharge of that function.

(2) **"Relevant function"** for purposes of subsection (1), means any function—
(a) of a public body; or

(a) op versoek van ’n bevoegde persoon, redelike middele aan daardie persoon moet verskaf om—
(i) die persoonlike inligting wat geprosesseer word na te gaan; en
(ii) te weier dat verdere prosessering toegelaat word;
(b) kennis moet gee—
(i) aangaande die aard van die persoonlike inligting van kinders wat geprosesseer word;
(ii) hoe sodanige inligting geprosesseer word; en
(iii) aangaande enige verdere prosesseringsaktiwiteite;
(c) enige stappe moet vermy wat daarop gemik is om ’n kind aan te moedig of te oorreed om meer persoonlike inligting aangaande hom- of haarself bekend te maak as wat redelikerwys noodsaaklik is met inagneming van die oogmerk waarvoor dit bedoel is; en
(d) redelike prosedures moet vestig en handhaaf om die integriteit en vertroulikheid van die persoonlike inligting wat vanaf kinders ingesamel word, te beskerm.

HOOFSTUK 4

VRYSTELLING VAN VOORWAARDES VIR PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Algemeen

36. Prosessering van persoonlike inligting is nie ’n verbreking van ’n voorwaarde vir die prosessering van sodanige inligting nie, indien die—
(a) Reguleerder ’n vrystelling ingevolge artikel 37 verleen; of
(b) prosessering in ooreenstemming met artikel 38 is.

Reguleerder kan prosessering van persoonlike inligting vrystel

37. (1) Die Reguleerder kan, by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant*, ’n vrystelling aan ’n verantwoordelike party verleen om persoonlike inligting te prosesseer, selfs al is die prosessering ’n verbreking van ’n voorwaarde vir die prosessering van sodanige inligting, of enige maatreël wat aan sodanige voorwaarde uitvoering gee, indien die Reguleerder, in die omstandighede van die geval, oortuig is dat—
(a) die openbare belang in die prosessering wesenlik swaarder weeg as enige inmenging met die privaatheid van ’n datasubjek wat uit sodanige prosessering kan voortvloei; of
(b) die prosessering ’n duidelike voordeel vir die datasubjek of ’n derde party inhou wat wesenlik swaarder weeg as enige inmenging met die privaatheid van die datasubjek of ’n derde party wat uit die prosessering kan voortvloei.

(2) Die openbare belang in subartikel (1) bedoel, behels ook—
(a) die belange van nasionale veiligheid;
(b) die voorkoming, opsporing en vervolging van misdrywe;
(c) belangrike ekonomiese en finansiële belange van ’n openbare liggaam;
(d) bevordering van voldoening aan die regsbepalings wat gevestig is in die belange bedoel kragtens paragrawe *(b)* en *(c)*;
(e) historiese, statistiese of navorsingsaktiwiteit; of
(f) die spesiale belangrikheid van die belang in vryheid van uitdrukking.

(3) Die Reguleerder mag redelike voorwaardes ten opsigte van enige vrystelling wat kragtens subartikel (1) verleen is, oplê.

Vrystelling ten opsigte van sekere werksaamhede

38. (1) Persoonlike inligting wat vir die oogmerk van die uitvoering van ’n tersaaklike werksaamheid geprosesseer word, is vrygestel van artikels 11(3) en (4), 12, 15 en 18 in enige geval vir sover die toepassing van daardie bepalings op persoonlike inligting, die behoorlike uitvoering van daardie werksaamheid waarskynlik sal benadeel.

(2) **“Tersaaklike werksaamheid”**, by die toepassing van subartikel (1), beteken enige werksaamheid—
(a) van ’n openbare liggaam; of

(b) conferred on any person in terms of the law,

which is performed with the view to protecting members of the public against—

(i) financial loss due to dishonesty, malpractice or other seriously improper conduct by, or the unfitness or incompetence of, persons concerned in the provision of banking, insurance, investment or other financial services or in the management of bodies corporate; or

(ii) dishonesty, malpractice or other seriously improper conduct by, or the unfitness or incompetence of, persons authorised to carry on any profession or other activity.

CHAPTER 5

SUPERVISION

Part A

Information Regulator

Establishment of Information Regulator

39. There is hereby established a juristic person to be known as the Information Regulator, which—

(a) has jurisdiction throughout the Republic;

(b) is independent and is subject only to the Constitution and to the law and must be impartial and perform its functions and exercise its powers without fear, favour or prejudice;

(c) must exercise its powers and perform its functions in accordance with this Act and the Promotion of Access to Information Act; and

(d) is accountable to the National Assembly.

Powers, duties and functions of Regulator

40. (1) The powers, duties and functions of the Regulator in terms of this Act are—

(a) to provide **education** by—

(i) promoting an understanding and acceptance of the conditions for the lawful processing of personal information and of the objects of those conditions;

(ii) undertaking educational programmes, for the purpose of promoting the protection of personal information, on the Regulator's own behalf or in co-operation with other persons or authorities acting on behalf of the Regulator;

(iii) making public statements in relation to any matter affecting the protection of the personal information of a data subject or of any class of data subjects;

(iv) giving advice to data subjects in the exercise of their rights; and

(v) providing advice, upon request or on its own initiative, to a Minister or a public or private body on their obligations under the provisions, and generally on any matter relevant to the operation, of this Act;

(b) to **monitor and enforce compliance** by—

(i) public and private bodies with the provisions of this Act;

(ii) undertaking research into, and monitoring developments in, information processing and computer technology to ensure that any adverse effects of such developments on the protection of the personal information of data subjects are minimised, and reporting to the Minister the results of such research and monitoring;

(iii) examining any proposed legislation, including subordinate legislation, or proposed policy of the Government that the Regulator considers may

(b) regtens aan enige persoon opgedra,

wat verrig word met die oog op die beskerming van lede van die publiek teen—

(i) finansiële verlies as gevolg van oneerlikheid, wanpraktyk of ander ernstige onbehoorlike gedrag deur, of die onbekwaamheid of onbevoegdheid van, persone wat betrokke is by voorsiening van bank-, versekerings-, beleggings- of ander finansiële dienste of in die bestuur is van korporatiewe verenigings; of

(ii) oneerlikheid, wanpraktyk of ander ernstige onbehoorlike gedrag deur, of die onbekwaamheid of onbevoegdheid van, persone wat gemagtig is om enige professie of ander aktiwiteit te beoefen.

HOOFSTUK 5

TOESIG

Deel A

Inligtingsreguleerder

Instelling van Inligtingsreguleerder

39. 'n Regspersoon wat as die Inligtingsreguleerder bekend sal staan, word hierby ingestel, wat—

(a) jurisdiksie deur die hele Republiek het;

(b) onafhanklik is en slegs aan die Grondwet en die reg onderhewig is en wat onpartydig moet wees en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel die Reguleerder se werksaamhede moet verrig en bevoegdhede moet uitoefen;

(c) die Reguleerder se werksaamhede en bevoegdhede in ooreenstemming met hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting moet verrig en uitoefen; en

(d) aan die Nasionale Vergadering verantwoordbaar is.

Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van Reguleerder

40. (1) Die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die Reguleerder ingevolge hierdie Wet is—

(a) om **opvoeding** te verskaf deur—

(i) begrip en aanvaarding van die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting en die oogmerke van daardie voorwaardes te bevorder;

(ii) opvoedingsprogramme te onderneem, met die oog op bevordering van die beskerming van persoonlike inligting, namens die Reguleerder self of in samewerking met ander persone of instansies wat in belang van die Reguleerder optree;

(iii) openbare verklarings te maak ten aansien van enige aangeleentheid wat die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek of enige klas van datasubjekte beïnvloed;

(iv) advies aan datasubjekte aangaande die uitoefening van hul regte, te verleen; en

(v) advies, op versoek of uit eie beweging, aan 'n Minister of 'n openbare of privaatliggaam te verleen met betrekking tot hul verpligtinge kragtens die bepalings, en in die algemeen, aangaande enige aangeleentheid tersaaklik tot die toepassing, van hierdie Wet;

(b) om **voldoening te kontroleer en af te dwing** deur—

(i) openbare en privaatliggame met die bepalings van hierdie Wet;

(ii) navorsing te onderneem met betrekking tot, en ontwikkelinge te kontroleer ten opsigte van, inligtingsprosessering- en rekenaartegnologie ten einde te verseker dat enige nadelige gevolge van sodanige ontwikkelinge op die beskerming van persoonlike inligting van datasubjekte tot die minimum beperk word, en om verslag te doen aan die Minister aangaande die resultate van sodanige navorsing en kontrolering;

(iii) enige voorgestelde wetgewing, met inbegrip van ondergeskikte wetgewing, of voorgestelde beleid van die Regering te ontleed wat na

affect the protection of the personal information of data subjects, and reporting to the Minister the results of that examination;

(iv) reporting upon request or on its own accord, to Parliament from time to time on any policy matter affecting the protection of the personal information of a data subject, including the need for, or desirability of, taking legislative, administrative, or other action to give protection or better protection to the personal information of a data subject;

(v) submitting a report to Parliament, within five months of the end of its financial year, on all its activities in terms of this Act during that financial year;

(vi) conducting an assessment, on its own initiative or when requested to do so, of a public or private body, in respect of the processing of personal information by that body for the purpose of ascertaining whether or not the information is processed according to the conditions for the lawful processing of personal information;

(vii) monitoring the use of unique identifiers of data subjects, and reporting to Parliament from time to time on the results of that monitoring, including any recommendation relating to the need of, or desirability of taking, legislative, administrative, or other action to give protection, or better protection, to the personal information of a data subject;

(viii) maintaining, publishing and making available and providing copies of such registers as are prescribed in this Act; and

(ix) examining any proposed legislation that makes provision for the—

(aa) collection of personal information by any public or private body; or

(bb) disclosure of personal information by one public or private body to any other public or private body, or both, to have particular regard, in the course of that examination, to the matters set out in section 44(2), in any case where the Regulator considers that the information might be used for the purposes of an information matching programme,

and reporting to the Minister and Parliament the results of that examination;

(c) to **consult** with interested parties by—

(i) receiving and inviting representations from members of the public on any matter affecting the personal information of a data subject;

(ii) co-operating on a national and international basis with other persons and bodies concerned with the protection of personal information; and

(iii) acting as mediator between opposing parties on any matter that concerns the need for, or the desirability of, action by a responsible party in the interests of the protection of the personal information of a data subject;

(d) to handle **complaints** by—

(i) receiving and investigating complaints about alleged violations of the protection of personal information of data subjects and reporting to complainants in respect of such complaints;

(ii) gathering such information as in the Regulator's opinion will assist the Regulator in discharging the duties and carrying out the Regulator's functions under this Act;

(iii) attempting to resolve complaints by means of dispute resolution mechanisms such as mediation and conciliation; and

(iv) serving any notices in terms of this Act and further promoting the resolution of disputes in accordance with the prescripts of this Act;

oordeel van die Reguleerder die beskerming van persoonlike inligting van datasubjekte kan beïnvloed en om verslag aan die Minister te doen aangaande die resultate van die ontleding;

(iv) van tyd tot tyd, op versoek of uit eie beweging, aan die Parlement verslag te doen aangaande enige beleidsaangeleentheid wat die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek beïnvloed, met inbegrip van die behoefte vir, of wenslikheid van, die instel van wetgewende, administratiewe of ander stappe om beskerming of beter beskerming aan die persoonlike inligting van 'n datasubjek te verleen;

(v) binne vyf maande na die verstryking van 'n finansiële jaar van die Reguleerder 'n verslag aan die Parlement voor te lê aangaande alle aktiwiteite van die Reguleerder kragtens hierdie Wet gedurende daardie finansiële jaar;

(vi) 'n oudit, uit eie beweging of wanneer so versoek word, van 'n openbare of privaatliggaam te onderneem ten opsigte van die prosessering van persoonlike inligting deur daardie liggaam met die oogmerk om vas te stel of daardie inligting ooreenkomstig die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting geprosesseer word, al dan nie;

(vii) die gebruik van unieke identifiseerders van datasubjekte te kontroleer en om van tyd tot tyd aan die Parlement verslag te doen aangaande die resultate van daardie kontrolering, met inbegrip van enige aanbeveling met betrekking tot die behoefte aan, of wenslikheid van die doen van wetgewende, administratiewe of ander stappe om beskerming of beter beskerming aan die persoonlike inligting van 'n datasubjek te verleen;

(viii) sodanige registers, as wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf word, by te hou, te publiseer en om afskrifte van sodanige registers beskikbaar te stel en te verskaf; en

(ix) enige voorgestelde wetgewing te ontleed wat voorsiening maak vir die—

(aa) insameling van persoonlike inligting deur enige openbare of privaatliggaam; of

(bb) bekendmaking van persoonlike inligting deur een openbare of privaatliggaam aan enige ander openbare of privaatliggaam, of aan beide, ten einde in die besonder oorweging, in die loop van die ontleding, te skenk aan die aangeleenthede wat in artikel 44(2) uiteengesit is, in elke geval waar die Reguleerder van mening is dat die inligting moontlik vir die doeleindes van 'n inligtingspas-program gebruik kan word,

en om aan die Minister en die Parlement verslag te doen aangaande die resultate van die ontleding;

(c) om met belanghebbende partye te **konsulteer** deur—

(i) vertoë vanaf lede van die publiek te ontvang en te vra aangaande enige aangeleentheid wat die persoonlike inligting van 'n datasubjek beïnvloed;

(ii) op 'n nasionale en internasionale basis met ander persone en liggame wat met die beskerming van persoonlike inligting gemoeid is, saam te werk; en

(iii) as bemiddelaar tussen opponerende partye op te tree met betrekking tot enige aangeleentheid betreffende die behoefte aan, of wenslikheid van, stappe deur 'n verantwoordelike party in die belang van die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek;

(d) om **klagtes** te hanteer deur—

(i) klagtes met betrekking tot beweerde inmenging met die beskerming van persoonlike inligting van datasubjekte te ontvang en te ondersoek en om oor sodanige klagtes aan klaers of klaagsters verslag te doen;

(ii) sodanige inligting in te samel wat na oordeel van die Reguleerder die Reguleerder behulpsaam sal wees in die verrigting van die Reguleerder se pligte en werksaamhede kragtens hierdie Wet;

(iii) te poog om klagtes deur middel van dispuutbeslegtingsmeganismes soos bemiddeling en konsiliasie op te los; en

(iv) enige kennisgewings ingevolge hierdie Wet te beteken en verder om die beslegting van dispute ooreenkomstig die voorskrifte van hierdie Wet te bevorder;

(e) to conduct **research** and to report to Parliament—
(i) from time to time on the desirability of the acceptance, by South Africa, of any international instrument relating to the protection of the personal information of a data subject; and
(ii) on any other matter, including necessary legislative amendments, relating to protection of personal information that, in the Regulator's opinion, should be drawn to Parliament's attention;
(f) in respect of **codes of conduct** to—
(i) issue, from time to time, codes of conduct, amend codes and to revoke codes of conduct;
(ii) make guidelines to assist bodies to develop codes of conduct or to apply codes of conduct; and
(iii) consider afresh, upon application, determinations by adjudicators under approved codes of conduct;
(g) to facilitate **cross-border cooperation** in the enforcement of privacy laws by participating in any initiative that is aimed at such cooperation; and
(h) in **general** to—
(i) do anything incidental or conducive to the performance of any of the preceding functions;
(ii) exercise and perform such other functions, powers, and duties as are conferred or imposed on the Regulator by or under this Act or any other legislation;
(iii) require the responsible party to disclose to any person affected by a compromise to the integrity or confidentiality of personal information, such compromise in accordance with section 22; and
(iv) exercise the powers conferred upon the Regulator by this Act in matters relating to the access of information as provided by the Promotion of Access to Information Act.

(2) The Regulator may, from time to time, in the public interest or in the legitimate interests of any person or body of persons, publish reports relating generally to the exercise of the Regulator's functions under this Act or to any case or cases investigated by the Regulator, whether or not the matters to be dealt with in any such report have been the subject of a report to the Minister.

(3) The provisions of sections 3 and 4 of the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947), will apply, with the necessary changes, to the Regulator.

(4) The powers and duties of the Regulator in terms of the Promotion of Access to Information Act are set out in Parts 4 and 5 of that Act.

Appointment, term of office and removal of members of Regulator

41. (1) *(a)* The Regulator consists of the following members:
(i) A Chairperson; and
(ii) four other persons, as ordinary members of the Regulator.

(b) Members of the Regulator must be appropriately qualified, fit and proper persons—
(i) at least one of whom must be appointed on account of experience as a practising advocate or attorney or a professor of law at a university; and
(ii) the remainder of whom must be appointed on account of any other qualifications, expertise and experience relating to the objects of the Regulator.

(c) The Chairperson of the Regulator must be appointed in a full-time capacity and may, subject to subsection (4), not perform or undertake to perform any other remunerative work during the period in which he or she holds office as Chairperson.

(d) The ordinary members of the Regulator must be appointed as follows:
(i) Two ordinary members in a full-time capacity; and
(ii) two ordinary members in a full-time or part-time capacity.

(e) The members referred to in paragraph *(d)* who are appointed in a full-time capacity, may, subject to subsection (4), not perform or undertake to perform any other remunerative work during the period in which they hold office.

(e) om **navorsing** te doen en aan die Parlement verslag te doen—
(i) van tyd tot tyd aangaande die wenslikheid van die aanvaarding, deur Suid-Afrika, van enige internasionale instrument met betrekking tot die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek; en
(ii) aangaande enige ander aangeleentheid, met inbegrip van noodsaaklike wetgewende wysigings, met betrekking tot beskerming van persoonlike inligting wat, na oordeel van die Reguleerder, onder die Parlement se aandag gebring behoort te word;

(f) ten opsigte van **gedragskodes** om—
(i) van tyd tot tyd gedragskodes uit te reik, om kodes te wysig en om gedragskodes te herroep;
(ii) riglyne uit te vaardig om liggame behulpsaam te wees om gedragskodes te ontwikkel of om gedragskodes toe te pas; en
(iii) van nuuts af, op versoek, vasstellings deur skeidsregters kragtens goedgekeurde gedragskodes te oorweeg;

(g) om met **samewerking oor landsgrense** in die afdwinging van privaatheidswetgewing behulpsaam te wees deur aan enige inisiatief wat op sodanige samewerking gemik is, deel te neem; en

(h) in die **algemeen** om—
(i) enigiets wat verband hou met of ter bevordering van die verrigting van enige van die voormelde werksaamhede te doen;
(ii) sodanige ander werksaamhede, bevoegdhede en pligte te verrig en uit te oefen as wat aan die Reguleerder by of kragtens hierdie Wet of enige ander wetgewing opgedra of opgelê word;
(iii) te vereis dat die verantwoordelike party aan enige persoon, wat deur 'n inbreukmaking op die integriteit of vertroulikheid van persoonlike inligting geraak word, sodanige inbreukmaking in ooreenstemming met artikel 22 bekend maak; en
(iv) die bevoegdhede wat aan die Reguleerder by hierdie Wet opgedra word in aangeleenthede met betrekking tot die toegang tot inligting soos by die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting bedoel, uit te oefen.

(2) Die Reguleerder kan, van tyd tot tyd, in die openbare belang of in die regmatige belang van enige persoon of liggaam van persone, verslae publiseer wat in die algemeen verband hou met die uitoefening van die Reguleerder se werksaamhede kragtens hierdie Wet of met enige saak of sake deur die Reguleerder ondersoek, hetsy die aangeleenthede wat in sodanige verslag aangespreek word die onderwerp van 'n verslag aan die Minister was al dan nie.

(3) Die bepalings van artikels 3 en 4 van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), is, met die nodige veranderinge, op die Reguleerder van toepassing.

(4) Die bevoegdhede en pligte van die Reguleerder ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting word in Dele 4 en 5 van daardie Wet uiteengesit.

Aanstelling, ampstermyn en ontheffing van lede van Reguleerder

41. (1) *(a)* Die Reguleerder bestaan uit die volgende lede:
(i) 'n Voorsitter; en
(ii) vier ander persone as gewone lede van die Reguleerder.

(b) Lede van die Reguleerder moet geskik gekwalifiseerde, bekwame en gepaste persone wees waarvan—
(i) ten minste een persoon op grond van ondervinding as 'n praktiserende advokaat of prokureur of 'n professor in die regte aan 'n universiteit; en
(ii) die res op grond van enige ander kwalifikasie, kundigheid en ondervinding met betrekking tot die oogmerke van die Reguleerder,
aangestel moet word.

(c) Die Voorsitter van die Reguleerder moet in 'n voltydse hoedanigheid aangestel word en mag, behoudens subartikel (4), tydens die tydperk wat hy of sy die amp van Voorsitter beklee, geen ander besoldigde werk verrig of onderneem om te verrig nie.

(d) Die gewone lede van die Reguleerder moet as volg aangestel word:
(i) Twee gewone lede in 'n voltydse hoedanigheid; en
(ii) twee gewone lede in 'n voltydse of deeltydse hoedanigheid.

(e) Die lede in paragraaf *(d)* vermeld wat in 'n voltydse hoedanigheid aangestel is mag, behoudens subartikel (4), tydens die tydperk wat hulle die amp beklee, geen ander besoldigde werk verrig of onderneem om te verrig nie.

(f) The Chairperson must direct the work of the Regulator and the staff of the Regulator.

(g) A person may not be appointed as a member of the Regulator if he or she—

(i) is not a citizen of the Republic;
(ii) is a public servant;
(iii) is a member of Parliament, any provincial legislature or any municipal council;
(iv) is an office-bearer or employee of any political party;
(v) is an unrehabilitated insolvent;
(vi) has been declared by a court to be mentally ill or unfit; or
(vii) has at any time been convicted, whether in the Republic or elsewhere, of any offence involving dishonesty.

(2) *(a)* The Chairperson and the members of the Regulator referred to in subsection (1)*(a)* must be appointed by the President on the recommendation of the National Assembly, which recommendation must also indicate which ordinary members must be appointed in a full-time or part-time capacity.

(b) The National Assembly must recommend persons—

(i) nominated by a committee of the Assembly composed of members of parties represented in the Assembly; and
(ii) approved by the Assembly by a resolution adopted with a supporting vote of a majority of the members of the Assembly.

(3) The members of the Regulator will be appointed for a period of not more than five years and will, at the expiration of such period, be eligible for reappointment.

(4) The Chairperson of the Regulator or a member who has been appointed in a full-time capacity may, notwithstanding the provisions of subsection (1)*(c)* or *(e)*, only perform or undertake to perform any other remunerative work during the period that he or she holds office as Chairperson or member with the prior written consent of the Minister.

(5) A person appointed as a member of the Regulator may, upon written notice to the President, resign from office.

(6) *(a)* A member may be removed from office only on—

(i) the ground of misconduct, incapacity or incompetence;
(ii) a finding to that effect by a committee of the National Assembly; and
(iii) the adoption by the National Assembly of a resolution calling for that person's removal from office.

(b) A resolution of the National Assembly concerning the removal from office of a member of the Regulator must be adopted with a supporting vote of a majority of the members of the Assembly.

(c) The President—

(i) may suspend a member from office at any time after the start of the proceedings of a committee of the National Assembly for the removal of that member; and
(ii) must remove a member from office upon adoption by the Assembly of the resolution calling for that member's removal.

Vacancies

42. (1) A vacancy in the Regulator occurs if a member—

(a) becomes subject to a disqualification referred to in section 41(1)*(g)*;
(b) tenders his or her resignation as contemplated in section 41(5) and the resignation takes effect;
(c) is removed from office in terms of section 41(6);
(d) dies; or
(e) becomes permanently incapable of doing his or her work.

(2) *(a)* Where a vacancy has arisen as contemplated in subsection (1), the procedure contemplated in section 41(2) applies.

(b) Any member appointed under this subsection holds office for the rest of the period of the predecessor's term of office, unless the President, upon recommendation by the National Assembly, appoints that member for a longer period which may not exceed five years.

(f) Die Voorsitter moet die werk van die Reguleerder en die personeel van die Reguleerder bestuur.

(g) 'n Persoon kan nie as lid van die Reguleerder aangestel word nie, indien hy of sy—

(i) nie 'n burger van die Republiek is nie;
(ii) 'n staatsamptenaar is;
(iii) 'n lid van die Parlement, enige provinsiale wetgewer of enige munisipale raad is;
(iv) 'n ampsdraer of werknemer van enige politieke party is;
(v) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
(vi) deur 'n hof as geestesongesteld of onbevoeg verklaar is; of
(vii) te eniger tyd aan 'n misdryf, hetsy in die Republiek of elders, waarvan oneerlikheid 'n element is, skuldig bevind is.

(2) *(a)* Die Voorsitter en die lede van die Reguleerder in subartikel (1)*(a)* bedoel moet deur die President aangestel word op aanbeveling van die Nasionale Vergadering, welke aanbeveling ook moet aandui welke gewone lede in 'n voltydse of deeltydse hoedanigheid aangestel moet word.

(b) Die Nasionale Vergadering moet persone aanbeveel wat—

(i) deur 'n komitee van die Vergadering, wat uit lede van die partye wat in die Vergadering verteenwoordig word, benoem word; en
(ii) deur die Vergadering goedgekeur is by resolusie wat met die ondersteunende stem van die meerderheid van die lede van die Vergadering aanvaar is.

(3) Die lede van die Reguleerder word vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar aangestel en is, by die verstryking van sodanige tydperk, geskik vir heraanstelling.

(4) Die Voorsitter van die Reguleerder of 'n lid wat in 'n voltydse hoedanigheid aangestel is kan, ongeag die bepalings van subartikel (1)*(c)* of *(e)*, slegs met die vooraf skriftelike toestemming van die Minister enige ander werk teen vergoeding verrig of onderneem om dit te verrig gedurende die tydperk wat hy of sy die amp van Voorsitter of lid beklee.

(5) 'n Persoon wat as lid van die Reguleerder aangestel is kan, by wyse van skriftelike kennisgewing aan die President, uit sy of haar amp bedank.

(6) *(a)* 'n Lid kan slegs uit sy of haar amp onthef word op grond van—

(i) wangedrag, onbevoegdheid of onbekwaamheid;
(ii) 'n bevinding te dien effekte deur 'n komitee van die Nasionale Vergadering; en
(iii) die aanvaarding van 'n Nasionale Vergadering resolusie wat daardie persoon se ontheffing uit die amp versoek.

(b) 'n Resolusie deur die Nasionale Vergadering met betrekking tot die ontheffing uit amp van 'n lid van die Reguleerder moet met die ondersteunende stem van die meerderheid van die lede van die Vergadering aanvaar word.

(c) Die President—

(i) kan 'n lid te eniger tyd na die aanvang van die verrigtinge van 'n komitee van die Nasionale Vergadering vir die ontheffing van daardie lid, uit sy of haar amp skors; en
(ii) moet 'n lid uit sy of haar amp onthef by aanvaarding deur die Nasionale Vergadering van 'n resolusie wat die ontheffing van daardie lid versoek.

Vakatures

42. (1) 'n Vakature onstaan in die Reguleerder indien 'n lid—

(a) onderhewig word aan 'n diskwalifikasie in artikel 41(1)*(g)* bedoel;
(b) sy of haar bedanking soos in artikel 41(5) beoog, aanbied en die bedanking 'n aanvang neem;
(c) ingevolge artikel 41(6) uit sy of haar amp onthef word;
(d) sterf; of
(e) permanent onbevoeg word om sy of haar werk te verrig.

(2) *(a)* Indien 'n vakature ontstaan soos in subartikel (1) beoog, is die prosedure in artikel 41(2) beoog van toepassing.

(b) 'n Lid wat kragtens hierdie subartikel aangestel is beklee die amp vir die oorblywende tydperk van die voorganger se ampstermyn, tensy die President, op aanbeveling deur die Nasionale Vergadering, daardie lid vir 'n langer tydperk, welke tydperk nie vyf jaar mag oorskry nie, aanstel.

Powers, duties and functions of Chairperson and other members

43. (1) The Chairperson—

(a) must exercise the powers and perform the duties and functions conferred on or assigned to him or her by the Regulator in terms of this Act and the Promotion of Access to Information Act; and

(b) is, for the purposes of exercising the powers and performing the duties and functions conferred on or assigned to him or her by the Regulator in terms of this Act and the Promotion of Access to Information Act, accountable to the Regulator.

(2) *(a)* The members referred to in section 41(1)*(d)*(i) must exercise their powers and perform their duties and functions as follows:

(i) One member in terms of this Act; and

(ii) one member in terms of the Promotion of Access to Information Act.

(b) The members referred to in section 41(1)*(d)*(ii) must exercise their powers and perform their duties and functions either in terms of this Act or the Promotion of Access to Information Act, or both.

(c) The members, referred to in paragraphs *(a)* and *(b)*, are, for the purposes of exercising their powers and performing their duties and functions, accountable to the Chairperson.

Regulator to have regard to certain matters

44. (1) In the performance of its functions, and the exercise of its powers, under this Act the Regulator must—

(a) have due regard to the conditions for the lawful processing of personal information as referred to in Chapter 3;

(b) have due regard for the protection of all human rights and social interests that compete with privacy, including the general desirability of a free flow of information and the recognition of the legitimate interests of public and private bodies in achieving their objectives in an efficient way;

(c) take account of international obligations accepted by South Africa; and

(d) consider any developing general international guidelines relevant to the better protection of individual privacy.

(2) In performing its functions in terms of section 40(1)*(b)*(ix)*(bb)* with regard to information matching programmes, the Regulator must have particular regard to whether or not the—

(a) objective of the programme relates to a matter of significant public importance;

(b) use of the programme to achieve that objective will result in monetary savings that are both significant and quantifiable or in other comparable benefits to society;

(c) use of an alternative means of achieving that objective would give either of the results referred to in paragraph *(b)*;

(d) public interest in allowing the programme to proceed outweighs the public interest in adhering to the conditions for the lawful processing of personal information that the programme would otherwise contravene; and

(e) programme involves information matching on a scale that is excessive, having regard to—

(i) the number of responsible parties or operators that will be involved in the programme; and

(ii) the amount of detail about a data subject that will be matched under the programme.

(3) In determining whether the processing of personal information for exclusively journalistic purposes by a responsible party who is, by virtue of office, employment or profession, not subject to a code of ethics as referred to in section 7(1), constitutes an interference with the protection of the personal information of the data subject in terms of section 73, the Regulator must have particular regard to the factors referred to in section 7(3)*(a)* to *(d)*.

Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van Voorsitter en ander lede

43. (1) Die Voorsitter—

(a) moet die bevoegdhede uitoefen en die pligte en werksaamhede verrig wat die Reguleerder ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting aan hom of haar opdra of toewys; en

(b) is, vir die doeleindes van die uitoefening van die bevoegdhede en die verrigting van die pligte en werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting deur die Reguleerder aan hom of haar opgedra of toegewys word, aan die Reguleerder verantwoordbaar.

(2) *(a)* Die lede in artikel 41(1)*(d)*(i) bedoel moet hul bevoegdhede en hul pligte en werksaamhede as volg uitoefen en verrig:

(i) Een lid ingevolge hierdie Wet; en

(ii) een lid ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.

(b) Die lede in artikel 41(1)*(d)*(ii) bedoel moet hul bevoegdhede uitoefen en hul pligte en werksaamhede verrig ingevolge hierdie Wet of die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, of beide.

(c) Die lede in paragrawe *(a)* en *(b)* bedoel is, vir die doeleindes van die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul pligte en werksaamhede, aan die Voorsitter verantwoordbaar.

Reguleerder moet sekere aangeleenthede in aanmerking neem

44. (1) In die verrigting van sy werksaamhede, en die uitoefening van sy bevoegdhede, kragtens hierdie Wet moet die Reguleerder—

(a) behoorlik ag slaan op die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting in Hoofstuk 3 bedoel;

(b) behoorlik ag slaan op die beskerming van alle menseregte en maatskaplike belange wat met privaatheid meeding, met inbegrip van die algemene wenslikheid van die vrye vloei van inligting en die erkenning van die regmatige belange van openbare en privaatliggame in die bereiking van hul doelwitte op ’n effektiewe wyse;

(c) met die internasionale verpligtinge wat Suid-Afrika aanvaar rekening hou; en

(d) enige ontwikkelende algemene internasionale riglyne wat betrekking het op die verbeterde beskerming van individuele privaatheid, oorweeg.

(2) In die uitoefening van die werksaamhede van die Reguleerder ingevolge artikel 40(1)*(b)*(ix)*(bb)* met betrekking tot inligtingspasprogramme, moet die Reguleerder in besonder daarna oplet of die—

(a) doelwit van die program op ’n aangeleentheid van wesenlike openbare belang betrekking het;

(b) gebruik van die program om daardie doelwit te bereik monetêre besparing wat beide wesenlik sowel as berekenbaar is, of ander vergelykbare voordele vir die samelewing, tot gevolg sal hê;

(c) gebruik van alternatiewe middele om daardie doelwit te bereik enige van die resultate in paragraaf *(b)* bedoel, tot gevolg sal hê;

(d) openbare belang daarin om die program te laat voortgaan swaarder weeg as die openbare belang om die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting na te kom, wat die program andersins sal oortree; en

(e) program inligtingspassing behels op ’n skaal wat uitermatig is, met inagneming van—

(i) die getal verantwoordelike partye of operateurs wat by die program betrokke sal wees; en

(ii) die hoeveelhede besonderhede van ’n datasubjek wat kragtens die program gepas sal word,

al dan nie.

(3) Wanneer vasgestel word of die prosessering van persoonlike inligting vir uitsluitlik joernalistieke oogmerke deur ’n verantwoordelike party wat, by wyse van amp, betrekking of professie, nie aan ’n etiese kode, soos in artikel 7(1) bedoel, onderhewig is nie, ’n inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van die datasubjek ingevolge artikel 73 daarstel, moet die Reguleerder die faktore in artikel 7(3)*(a)* tot *(d)* bedoel, in besonder, in ag neem.

Conflict of interest

45. (1) If any member of the Regulator or any person appointed by the Regulator in terms of this Act has a material interest in any matter which could conflict with the proper performance of his or her duties in terms of this Act or the Promotion of Access to Information Act, he or she must disclose that interest, as prescribed, as soon as practicable after the relevant facts came to his or her knowledge.

(2) *(a)* If a member of the Regulator or person referred to in subsection (1)—

(i) is present at a meeting of the Regulator or committee referred to in section 49 or 50 at which a matter contemplated in that subsection is to be considered, the member or person concerned must disclose the nature of his or her interest to the meeting before the matter is considered; or

(ii) fails to make a disclosure as required by this subsection and is present at a meeting of the Regulator or committee, as the case may be, or in any other manner participates in the proceedings, such proceedings in relation to the relevant matter must, as soon as the non-disclosure is discovered, be reviewed and be varied or set aside by the Regulator or the committee, as the case may be, without the participation of the member or person concerned.

(b) A member of the Regulator or person referred to in subsection (1) who is obliged to make a disclosure in terms of this subsection may not be present during any deliberation, or take part in any decision, in relation to the matter in question.

(c) Any disclosure made in terms of this subsection must be noted in the minutes of the relevant meeting of the Regulator or committee.

(3) A member of the Regulator or person referred to in subsection (1) who has disclosed a conflict of interest in terms of subsection (1)—

(a) may perform all duties relating to the matter in question if a decision has been taken that the interest is trivial or irrelevant; or

(b) must be relieved of all duties relating to the matter in question and such duties must be performed by another member of the Regulator or by another person referred to in subsection (1), as the case may be, who has no such conflict of interest.

Remuneration, allowances, benefits and privileges of members

46. (1) A member of the Regulator or a person referred to in section 49(1)*(b)* or 50(1)*(b)* who is not subject to the provisions of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), or who is not a judge of the High Court of South Africa or a magistrate will be entitled to such remuneration, allowances, including allowances for reimbursement of travelling and subsistence expenses incurred by him or her in the performance of his or her functions under this Act and the Promotion of Access to Information Act, benefits and privileges as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine.

(2) The remuneration, allowances, benefits or privileges of different members of the Regulator may differ according to the different—

(a) positions held by them in the Regulator; or

(b) functions performed, whether in a part-time or full-time capacity, by them from time to time.

Staff

47. (1) The Regulator must establish its own administration to assist it in the performance of its functions and to this end the Regulator must appoint, or secure the secondment in terms of subsection (6) of—

(a) a suitably qualified and experienced person as chief executive officer of the Regulator for the purpose of assisting the Regulator, subject to the Regulator's direction and supervision, in the performance of all financial and administrative functions in terms of this Act and the Promotion of Access to Information Act, work arising from the administration of this Act and the Promotion of

Botsing van belange

45. (1) Indien enige lid van die Reguleerder of enige persoon wat ingevolge hierdie Wet deur die Reguleerder aangestel is 'n wesenlike belang in enige aangeleentheid het wat met die behoorlike uitoefening van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet of die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting kan bots, moet hy of sy, soos voorgeskryf, daardie belang so gou as wat dit moontlik is nadat die betrokke feite tot sy of haar wete gekom het, bekend maak.

(2) *(a)* Indien 'n lid van die Reguleerder of persoon in subartikel (1) bedoel—

(i) by 'n vergadering van die Reguleerder of komitee in artikel 49 of 50 bedoel teenwoordig is waartydens 'n aangeleentheid by daardie subartikel beoog oorweeg staan te word, moet die betrokke lid of persoon, alvorens die aangeleentheid oorweeg word, die aard van sy of haar belang aan die vergadering bekend maak; of

(ii) versuim om 'n bekendmaking soos deur hierdie subartikel vereis, te doen en by 'n vergadering van die Reguleerder of komitee, na gelang van die geval, teenwoordig is of op enige ander wyse deelneem aan die verrigtinge, moet sodanige verrigtinge met betrekking tot die betrokke aangeleentheid, so gou as wat die niebekendmaking ontdek word, hersien word en gewysig of tersyde gestel word deur die Reguleerder of die komitee, na gelang van die geval, sonder die deelname van die betrokke lid of persoon.

(b) 'n Lid van die Reguleerder of 'n persoon in subartikel (1) bedoel wat verplig is om 'n bekendmaking ingevolge hierdie subartikel te doen mag nie teenwoordig wees by enige beraadslaging, of deel wees van enige besluit, in verband met die betrokke aangeleentheid nie.

(c) Enige bekendmaking wat ingevolge hierdie subartikel gedoen word, moet in die notule van die betrokke vergadering van die Reguleerder of komitee aangeteken word.

(3) 'n Lid van die Reguleerder of persoon in subartikel (1) bedoel wat 'n botsing van belange ingevolge subartikel (1) bekend gemaak het—

(a) kan al die pligte met betrekking tot die betrokke aangeleentheid verrig indien 'n besluit geneem is dat die belang onbeduidend of nie ter sake is nie; of

(b) moet van alle pligte met betrekking tot die betrokke aangeleentheid onthef word en sodanige pligte moet deur 'n ander lid van die Reguleerder of deur 'n ander persoon in subartikel (1) bedoel, na gelang van die geval, wat nie sodanige botsing van belange het nie, verrig word.

Vergoeding, toelaes, voordele en voorregte van lede

46. (1) 'n Lid van die Reguleerder of 'n persoon in artikel 49(1)*(b)* of 50(1)*(b)* bedoel wat nie onderhewig is aan die bepalings van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), nie, of wat nie 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n landdros is nie, sal geregtig wees op sodanige vergoeding, toelaes, met inbegrip van toelaes ter vergoeding van uitgawes ten opsigte van reis en verblyf wat deur hom of haar in die uitvoering van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet of die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting aangegaan is, voordele en voorregte as wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies mag bepaal.

(2) Die vergoeding, toelaes, voordele of voorregte van verskillende lede van die Reguleerder kan verskil ooreenkomstig die verskillende—

(a) ampte wat hulle by die Reguleerder beklee; of

(b) werksaamhede, hetsy in 'n deeltydse of voltydse hoedanigheid, wat hulle van tyd tot tyd verrig.

Personeel

47. (1) Die Reguleerder moet die Reguleerder se eie administrasie oprig om die Reguleerder in die uitvoering van die Reguleerder se werksaamhede behulpsaam te wees en vir daardie doeleindes moet die Reguleerder—

(a) 'n gepas gekwalifiseerde en ervare persoon as hoof uitvoerende beampte van die Reguleerder aanstel om die Reguleerder behulpsaam te wees, onderhewig aan die Reguleerder se beheer en kontrole, in die verrigting van alle finansiële en administratiewe werksaamhede ingevolge hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, werk wat voortvloei uit die administrasie van hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot

Access to Information Act and to exercise any power delegated by the Regulator to him or her; and

(b) such other member of staff as the Regulator may deem necessary to assist the Regulator and the chief executive officer, as the case may be, with all such work as may arise through the performance of its functions.

(2) *(a)* The chief executive officer may appoint a senior member of staff as acting chief executive officer to perform the functions of the chief executive officer in his or her absence.

(b) A member of the Regulator may not be appointed as acting chief executive officer.

(c) In the event that a vacancy occurs in the office of the chief executive officer the Regulator must appoint an acting chief executive officer.

(3) The Regulator must, in the appointment of the staff of the Regulator—

(a) provide for the advancement of persons disadvantaged by unfair discrimination, with the aim that its staff, when viewed collectively, represents a broad cross-section of the population of the Republic; and

(b) subject to paragraph *(a)*, apply equal opportunity employment practices.

(4) The Regulator may pay to the persons in its employ such remuneration and allowances and provide them with such pension and other employment benefits as are consistent with that paid in the public sector.

(5) In exercising its powers in terms of subsections (1) and (4), the Regulator must consult with the Minister of Finance.

(6) The Regulator may, in the performance of the functions contemplated in subsection (1), at its request, be assisted by officials in the Public Service seconded to the service of the Regulator in terms of any law regulating such secondment: Provided that the secondment of an official to the service of the Regulator may not exceed 12 months and that the initial period of secondment may only be extended once for a subsequent period not exceeding 12 months.

(7) The Regulator may, in consultation with the Minister of Finance, on a temporary basis or for a particular matter which is being investigated by it, employ any person with special knowledge of any matter relating to the work of the Regulator, or obtain the co-operation of any body, to advise or assist the Regulator in the performance of its functions under this Act and the Promotion of Access to Information Act, and fix the remuneration, including reimbursement for travelling, subsistence and other expenses, of such person or body.

Powers, duties and functions of chief executive officer

48. The chief executive officer—

(a) is the head of administration and the accounting officer, as referred to in section 52(3), of the Regulator;

(b) may appoint a senior member of staff as acting chief executive officer as referred to in section 47(2);

(c) is responsible for the—

(i) management of the affairs and operations of the Regulator;

(ii) formation and development of an efficient administration;

(iii) organisation and management of, and administrative control over, all the members of staff appointed in terms of section 47(1)*(b)* and all the persons seconded in terms of section 47(6);

(iv) maintenance of discipline in respect of the members of staff; and

(v) execution of the decisions of the Regulator,

and is for those purposes accountable to the Regulator and must report thereon to the Regulator as often as may be required by the Regulator; and

(d) must exercise the powers and perform the duties and functions which the Regulator may from time to time confer upon or assign to him or her in order

Inligting en die uitoefening van enige bevoegdheid wat deur die Reguleerder aan hom of haar gedelegeer word; en

(b) sodanige ander personeellid as wat die Reguleerder mag nodig vind, aanstel om die Reguleerder en die hoof uitvoerende beampte, na gelang van die geval, met al sodanige werk behulpsaam te wees wat mag voortvloei uit die verrigting van hul werksaamhede,

of die sekondering van sodanige persone ingevolge subartikel (6) bewerkstellig.

(2) *(a)* Die hoof uitvoerende beampte kan 'n senior personeellid as waarnemende hoof uitvoerende beampte aanstel om die werksaamhede van die hoof uitvoerende beampte in sy of haar afwesigheid te verrig.

(b) 'n Lid van die Reguleerder mag nie as waarnemende hoof uitvoerende beampte aangestel word nie.

(c) Die Reguleerder moet, indien die amp van hoof uitvoerende beampte vakant word, 'n waarnemende hoof uitvoerende beampte aanstel.

(3) Die Reguleerder moet, by die aanstelling van die personeel van die Reguleerder—

(a) vir die vooruitgang van persone wat deur onregverdige diskriminasie benadeel is voorsiening maak, met die oogmerk dat sy personeel, wanneer gesamentlik in ag geneem word, 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek verteenwoordig; en

(b) behoudens paragraaf *(a)*, praktyke van gelyke indiensnemingsgeleenthede toepas.

(4) Die Reguleerder kan aan die persone in sy diens sodanige vergoeding en toelaes betaal en hulle met sodanige pensioen en ander diensvoordele voorsien wat in ooreenstemming met die openbare sektor is.

(5) Die Reguleerder moet in die uitoefening van die Reguleerder se bevoegdhede ingevolge subartikel (1) en (4), met die Minister van Finansies oorleg pleeg.

(6) Die Reguleerder kan, in die uitvoering van die Reguleerder se werksaamhede by subartikel (1) beoog, op die Reguleerder se versoek, bygestaan word deur beamptes in die Staatsdiens wat tot die diens van die Reguleerder gesekondeer is ingevolge enige wetgewing wat sodanige sekondering reguleer: Met dien verstande dat die sekondering van 'n beampte tot die diens van die Reguleerder nie 12 maande mag oorskry nie en dat die aanvanklike tydperk van sekondering slegs een keer vir 'n daaropvolgende tydperk wat nie 12 maande oorskry nie, verleng kan word.

(7) Die Reguleerder kan, in oorleg met die Minister van Finansies, op 'n tydelike basis of vir 'n bepaalde aangeleentheid wat deur die Reguleerder ondersoek word, enige persoon met spesiale kennis van enige aangeleentheid aangaande die werk van die Reguleerder in diens neem, of die samewerking van enige liggaam verkry, om die Reguleerder te adviseer of by te staan in die uitvoering van die Reguleerder se werksaamhede kragtens hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting en die vergoeding, met inbegrip van vergoeding vir reis, verblyf en ander uitgawes, van sodanige persoon of liggaam vasstel.

Bevoegdhede, pligte en werksaamhede van hoof uitvoerende beampte

48. Die hoof uitvoerende beampte—

(a) is die hoof van administrasie en die rekenpligtige beampte, soos in artikel 52(3) bedoel, van die Reguleerder;

(b) kan 'n senior lid van die personeel as waarnemende hoof uitvoerende beampte soos in artikel 47(2) bedoel, aanstel;

(c) is verantwoordelik vir die—

(i) bestuur van die besigheid en bedrywighede van die Reguleerder;

(ii) daarstelling en ontwikkeling van 'n effektiewe administrasie;

(iii) organisering en bestuur van, en administratiewe beheer oor, al die lede van die personeel wat ingevolge artikel 47(1)*(b)* aangestel is en al die persone wat ingevolge artikel 47(6) gesekondeer is;

(iv) handhawing van dissipline ten opsigte van die lede van die personeel; en

(v) uitvoering van die besluite van die Reguleerder,

en is vir daardie oogmerke verantwoordbaar aan die Reguleerder en moet daaroor aan die Reguleerder, so gereeld as wat die Reguleerder dit mag vereis, verslag doen; en

(d) moet die bevoegdhede uitvoer en die pligte en werksaamhede verrig wat die Reguleerder van tyd tot tyd aan hom of haar opdra of toewys ten einde die

to achieve the objects of the Regulator, and is for those purposes accountable to the Regulator.

Committees of Regulator

49. (1) The Regulator may, if it considers it necessary for the proper performance of its functions establish one or more committees, which must consist of—

(a) such members of the Regulator as the Regulator may designate; or

(b) such members of the Regulator as the Regulator may designate and other persons appointed by the Regulator, as referred to in section 47(7), for the period determined by the Regulator.

(2) The Regulator may at any time extend the period of an appointment referred to in subsection (1)*(b)* or, if in its opinion good reasons exist therefor, revoke any such appointment.

(3) The Regulator must designate the chairperson and, if the Regulator deems it necessary, the vice-chairperson of a committee established under subsection (1).

(4) *(a)* A committee referred to in subsection (1) must, subject to the directions of the Regulator, perform those functions of the Regulator assigned to it by the Regulator.

(b) Any function so performed by a committee referred to in subsection (1) will be deemed to have been performed by the Regulator.

(5) The Regulator may at any time dissolve any committee established by the Regulator.

(6) The provisions of sections 40(4) and 51 will apply, with the necessary changes, to a committee of the Regulator.

Establishment of Enforcement Committee

50. (1) The Regulator must establish an Enforcement Committee which must consist of—

(a) at least one member of the Regulator; and

(b) such other persons appointed by the Regulator, as referred to in section 47(7), for the period determined by the Regulator.

(2) The Regulator must—

(a) in consultation with the Chief Justice and Minister, appoint a—

(i) judge of the High Court of South Africa, whether in active service or not; or

(ii) magistrate with at least 10 years' appropriate experience, whether in active service or not; or

(b) appoint an advocate or attorney with at least 10 years' appropriate experience, as Chairperson of the Enforcement Committee.

(3) The Chairperson of the Enforcement Committee must manage the work of and preside at hearings of the Enforcement Committee.

(4) *(a)* A member referred to in subsection (1)*(a)* may not participate in any proceedings of the Regulator in terms of which a decision is taken with regard to a recommendation by the Enforcement Committee as referred to in section 93.

(b) A person referred to in subsection (1)*(b)* must be a fit and proper person and must comply with the criteria, referred to in section 41(1)*(g)*, for appointment as a member of the Regulator.

Meetings of Regulator

51. (1) Meetings of the Regulator must be held at the times and places determined by the Chairperson of the Regulator.

(2) Three members of the Regulator constitute a quorum for a meeting.

(3) *(a)* The Chairperson may regulate the proceedings at meetings as he or she may think fit and must keep minutes of the proceedings.

(b) If the Chairperson is absent from a meeting the members present shall elect one of their number to preside at that meeting.

doelwitte van die Reguleerder te bereik, en is vir daardie oogmerke aan die Reguleerder verantwoordbaar.

Komitees van Reguleerder

49. (1) Die Reguleerder kan, indien die Reguleerder dit nodig ag vir die behoorlike uitvoering van die Reguleerder se werksaamhede, een of meerdere komitees instel, wat uit—

(a) sodanige lede van die Reguleerder as wat die Reguleerder mag aanwys; of

(b) sodanige lede van die Reguleerder as wat die Reguleerder mag aanwys en ander persone wat deur die Reguleerder, soos in artikel 47(7) bedoel, aangestel is vir die tydperk wat die Reguleerder bepaal,

moet bestaan.

(2) Die Reguleerder kan te eniger tyd die tydperk van aanstelling in subartikel (1)*(b)* bedoel, verleng of, indien daar na die Reguleerder se oordeel goeie redes daarvoor bestaan, enige sodanige aanstelling terugtrek.

(3) Die Reguleerder moet die voorsitter en, indien die Reguleerder dit nodig ag, die ondervoorsitter van 'n komitee kragtens subartikel (1) ingestel, aanwys.

(4) *(a)* 'n Komitee in subartikel (1) bedoel moet, onderhewig aan die voorskrifte van die Reguleerder, daardie werksaamhede van die Reguleerder verrig wat die Reguleerder aan die komitee toewys.

(b) Enige werksaamheid wat deur 'n komitee in subartikel (1) bedoel, verrig word, word geag deur die Reguleerder verrig te wees.

(5) Die Reguleerder kan te eniger tyd 'n komitee deur die Reguleerder ingestel, ontbind.

(6) Die bepalings van artikels 40(4) en 51 is, met die nodige veranderinge, op 'n komitee van die Reguleerder van toepassing.

Instelling van Afdwingingskomitee

50. (1) Die Reguleerder moet 'n Afdwingingskomitee instel wat uit—

(a) ten minste een lid van die Reguleerder; en

(b) sodanige ander persone deur die Reguleerder, soos in artikel 47(7) bedoel, aangestel vir die tydperk wat die Reguleerder bepaal,

moet bestaan.

(2) Die Reguleerder moet—

(a) in oorleg met die Hoofregter en Minister, 'n—

(i) regter, hetsy in aktiewe diens al dan nie, van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; of

(ii) landdros, hetsy in aktiewe diens al dan nie, met ten minste 10 jaar toepaslike ondervinding; of

(b) 'n advokaat of prokureur met ten minste 10 jaar toepaslike ondervinding,

as Voorsitter van die Afdwingingskomitee aanstel.

(3) Die Voorsitter van die Afdwingingskomitee moet die werk van die Afdwingingskomitee bestuur en by die verhore van die Afdwingingskomitee voorsit.

(4) *(a)* 'n Lid in subartikel (1)*(a)* bedoel mag nie aan enige verrigtinge van die Reguleerder deelneem ingevolge waarvan 'n besluit met betrekking tot 'n aanbeveling deur die Afdwingingskomitee soos in artikel 93 bedoel, geneem word nie.

(b) 'n Persoon in subartikel (1)*(b)* bedoel moet 'n bekwame en gepaste persoon wees en moet aan die kriteria, in artikel 41(1)*(g)* bedoel, vir aanstelling as lid van die Reguleerder voldoen.

Vergaderings van Reguleerder

51. (1) Vergaderings van die Reguleerder moet op die tye en plekke gehou word wat deur die Voorsitter van die Reguleerder bepaal word.

(2) Drie lede van die Reguleerder vorm 'n kworum vir 'n vergadering.

(3) *(a)* Die Voorsitter kan die verrigtinge by vergaderings reguleer soos wat hy of sy goedvind en moet notules van die verrigtinge hou.

(b) Indien die Voorsitter afwesig is van 'n vergadering moet die lede aldaar teenwoordig iemand uit hul geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

(4) *(a)* Subject to subsection (2), a decision of the Regulator is taken by resolution agreed to by the majority of members at any meeting of the Regulator.

(b) In the event of an equality of votes regarding any matter the Chairperson has a casting vote in addition to his or her deliberative vote.

Funds

52. (1) Funds of the Regulator consist of—

(a) such sums of money that Parliament appropriates annually, for the use of the Regulator as may be necessary for the proper exercise, performance and discharge, by the Regulator, of its powers, duties and functions under this Act and the Promotion of Access to Information Act; and

(b) fees as may be prescribed in terms of section 111(1).

(2) The financial year of the Regulator is the period from 1 April in any year to 31 March in the following year, except that the first financial year of the Regulator begins on the date that this Chapter comes into operation, and ends on 31 March next following that date.

(3) The chief executive officer of the Regulator is for purposes of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), the accounting officer and must execute his or her duties in accordance with that Act.

(4) Within six months after the end of each financial year, the Regulator must prepare financial statements in accordance with established accounting practice, principles and procedures, comprising—

(a) a statement reflecting, with suitable and sufficient particulars, the income and expenditure of the Regulator during the preceding financial year; and

(b) a balance sheet showing the state of its assets, liabilities and financial position as at the end of that financial year.

(5) The Auditor-General must audit the Regulator's financial records each year.

Protection of Regulator

53. Any person acting on behalf or under the direction of the Regulator, is not civilly or criminally liable for anything done in good faith in the exercise or performance or purported exercise or performance of any power, duty or function of the Regulator in terms of this Act or the Promotion of Access to Information Act.

Duty of confidentiality

54. A person acting on behalf or under the direction of the Regulator, must, both during or after his or her term of office or employment, treat as confidential the personal information which comes to his or her knowledge in the course of the performance of his or her official duties, except if the communication of such information is required by law or in the proper performance of his or her duties.

Part B

Information Officer

Duties and responsibilities of Information Officer

55. (1) An information officer's responsibilities include—

(a) the encouragement of compliance, by the body, with the conditions for the lawful processing of personal information;

(b) dealing with requests made to the body pursuant to this Act;

(c) working with the Regulator in relation to investigations conducted pursuant to Chapter 6 in relation to the body;

(4) *(a)* 'n Besluit van die Reguleerder word, behoudens subartikel (2), geneem by wyse van 'n resolusie wat aanvaar word deur die meerderheid van die lede wat by enige vergadering van die Reguleerder teenwoordig is.

(b) In die geval van 'n staking van stemme aangaande enige aangeleentheid het die Voorsitter 'n beslissende stem bykomend tot sy of haar beraadslagende stem.

Fondse

52. (1) Fondse van die Reguleerder bestaan uit—

(a) sodanige bedrae wat die Parlement jaarliks bewillig vir die gebruik van die Reguleerder soos nodig mag wees vir die behoorlike uitoefening, verrigting en uitvoering, deur die Reguleerder, van die Reguleerder se bevoegdhede, pligte en werksaamhede kragtens hierdie Wet en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting; en

(b) gelde soos ingevolge artikel 111(1) voorgeskryf mag word.

(2) Die finansiële jaar van die Reguleerder is die tydperk vanaf 1 April in enige jaar tot 31 Maart in die daaropvolgende jaar, met die uitsondering dat die eerste finansiële jaar van die Reguleerder begin op die datum waarop hierdie Hoofstuk in werking tree, en eindig op 31 Maart wat op daardie datum volg.

(3) Die hoof uitvoerende beampte van die Reguleerder is by die toepassing van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), die rekenpligtige beampte van die Reguleerder en hy of sy moet sy of haar pligte in ooreenstemming met daardie Wet uitvoer.

(4) Binne ses maande na die einde van elke finansiële jaar, moet die Reguleerder finansiële state in ooreenstemming met gevestigde rekeningkundige praktyk, beginsels en prosedures voorberei wat bestaan uit—

(a) 'n verklaring, wat met gepaste en voldoende besonderhede, die inkomste en besteding van die Reguleerder gedurende die voorafgaande finansiële jaar weerspieël; en

(b) 'n balansstaat wat die stand van die bates, laste en finansiële posisie soos dit aan die einde van daardie finansiële jaar daar uitsien, uiteensit.

(5) Die Ouditeur-generaal moet die Reguleerder se finansiële rekords elke jaar nasien.

Beskerming van Reguleerder

53. Enige persoon wat namens of in opdrag van die Reguleerder optree, is nie siviel- of strafregtelik aanspreeklik nie vir enigiets wat in goeie trou gedoen is in die uitoefening of verrigting of beweerde uitoefening of verrigting van enige bevoegdheid, plig of werksaamheid van die Reguleerder ingevolge hierdie Wet of die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.

Vertroulikheidsplig

54. 'n Persoon wat namens of in opdrag van die Reguleerder optree moet, beide tydens of na afloop van sy of haar ampstermyn of tydperk van indiensneming, die persoonlike inligting waarvan hy of sy te wete kom gedurende die uitoefening van sy of haar amptelike pligte as vertroulik hanteer, tensy die oordrag van sodanige inligting regtens of in die behoorlike uitoefening van sy of haar pligte vereis word.

Deel B

Inligtingsbeampte

Pligte en verantwoordelikhede van Inligtingsbeampte

55. (1) 'n Inligtingsbeampte se verantwoordelikhede behels ook—

(a) die aanmoediging tot voldoening, deur die liggaam, aan die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting;

(b) die hantering van versoeke wat ooreenkomstig hierdie Wet aan die liggaam gerig word;

(c) om met die Reguleerder saam te werk in verband met ondersoeke wat ooreenkomstig Hoofstuk 6 met betrekking tot die liggaam gedoen word;

(d) otherwise ensuring compliance by the body with the provisions of this Act; and

(e) as may be prescribed.

(2) Officers must take up their duties in terms of this Act only after the responsible party has registered them with the Regulator.

Designation and delegation of deputy information officers

56. Each public and private body must make provision, in the manner prescribed in section 17 of the Promotion of Access to Information Act, with the necessary changes, for the designation of—

(a) such a number of persons, if any, as deputy information officers as is necessary to perform the duties and responsibilities as set out in section 55(1) of this Act; and

(b) any power or duty conferred or imposed on an information officer by this Act to a deputy information officer of that public or private body.

CHAPTER 6

PRIOR AUTHORISATION

Prior authorisation

Processing subject to prior authorisation

57. (1) The responsible party must obtain prior authorisation from the Regulator, in terms of section 58, prior to any processing if that responsible party plans to—

(a) process any unique identifiers of data subjects—

(i) for a purpose other than the one for which the identifier was specifically intended at collection; and

(ii) with the aim of linking the information together with information processed by other responsible parties;

(b) process information on criminal behaviour or on unlawful or objectionable conduct on behalf of third parties;

(c) process information for the purposes of credit reporting; or

(d) transfer special personal information, as referred to in section 26, or the personal information of children as referred to in section 34, to a third party in a foreign country that does not provide an adequate level of protection for the processing of personal information as referred to in section 72.

(2) The provisions of subsection (1) may be applied by the Regulator to other types of information processing by law or regulation if such processing carries a particular risk for the legitimate interests of the data subject.

(3) This section and section 58 are not applicable if a code of conduct has been issued and has come into force in terms of Chapter 7 in a specific sector or sectors of society.

(4) A responsible party must obtain prior authorisation as referred to in subsection (1) only once and not each time that personal information is received or processed, except where the processing departs from that which has been authorised in accordance with the provisions of subsection (1).

Responsible party to notify Regulator if processing is subject to prior authorisation

58. (1) Information processing as contemplated in section 57(1) must be notified as such by the responsible party to the Regulator.

(2) Responsible parties may not carry out information processing that has been notified to the Regulator in terms of subsection (1) until the Regulator has completed its investigation or until they have received notice that a more detailed investigation will not be conducted.

(d) om, andersins, voldoening deur die liggaam aan die bepalings van hierdie Wet te verseker; en

(e) soos wat voorgeskryf mag word.

(2) Beamptes moet hul werksaamhede ingevolge hierdie Wet opneem slegs nadat die verantwoordelike party hul by die Reguleerder geregistreer het.

Aanwysing en delegering van adjunk-inligtingsbeamptes

56. Elke openbare en privaatliggaam moet, op die wyse by artikel 17 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting voorgeskryf, met die nodige veranderinge, voorsiening maak vir die aanwysing van—

(a) sodanige getal persone, indien enige, as adjunk-inligtingsbeamptes wat noodsaaklik is om die pligte en verantwoordelikhede soos in artikel 55(1) van hierdie Wet uiteengesit, te verrig; en

(b) enige bevoegdheid of plig, wat ingevolge hierdie Wet aan 'n inligtingsbeampte opgedra of opgelê word, aan 'n adjunk-inligtingsbeampte van daardie openbare of privaatliggaam.

HOOFSTUK 6

VOORAFGAANDE MAGTIGING

Voorafgaande magtiging

Prosessering onderhewig aan voorafgaande magtiging

57. (1) Die verantwoordelike party moet voorafgaande magtiging ingevolge artikel 58 van die Reguleerder verkry, voor enige prosessering plaasvind indien daardie verantwoordelike party van plan is om—

(a) enige unieke identifiseerders van datasubjekte te prosesseer—

(i) vir 'n ander oogmerk as dié waarvoor die identifiseerder uitdruklik tydens insameling bedoel was; en

(ii) met die oog daarop om die inligting te koppel met inligting wat deur ander verantwoordelike partye geprosesseer word;

(b) inligting aangaande kriminele gedrag of aangaande onregmatige of afkeurenswaardige optrede namens derde partye te prosesseer;

(c) inligting vir die doeleindes van kredietverslagdoening te prosesseer; of

(d) spesiale persoonlike inligting, soos in artikel 26 bedoel, of die persoonlike inligting van kinders in artikel 34 bedoel, oor te dra na 'n derde party in die buiteland wat nie 'n genoegsame vlak van beskerming vir die prosessering van persoonlike inligting soos in artikel 72 bedoel, bied nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) kan deur die Reguleerder aangewend word ten opsigte van ander soorte inligtingsprosessering wat kragtens wet of regulasie plaasvind indien sodanige prosessering 'n besondere risiko vir die regmatige belange van die datasubjek inhou.

(3) Hierdie artikel en artikel 58 is nie van toepassing nie indien 'n gedragskode in 'n bepaalde sektor of sektore van die samelewing ingevolge Hoofstuk 7 uitgereik is en in werking getree het.

(4) 'n Verantwoordelike party moet voorafgaande magtiging soos in subartikel (1) bedoel slegs eenmaal verkry en nie elke keer wat persoonlike inligting ontvang of geprosesseer word nie, behalwe waar die prosessering afwyk van dit waarvoor magtiging ingevolge die bepalings van subartikel (1) verkry is.

Verantwoordelike party moet Reguleerder in kennis stel indien prosessering aan voorafgaande magtiging onderhewig is

58. (1) Die verantwoordelike party moet die Reguleerder in kennis stel van inligtingsprosessering soos in artikel 57(1) beoog.

(2) Verantwoordelike partye mag nie inligting prosesseer waarvan kennis ingevolge subartikel (1) aan die Reguleerder gegee is nie totdat die Reguleerder die ondersoek van die Reguleerder voltooi het of totdat hulle verwittig is dat 'n meer uitgebreide ondersoek nie onderneem gaan word nie.

(3) In the case of the notification of information processing to which section 57(1) is applicable, the Regulator must inform the responsible party in writing within four weeks of the notification as to whether or not it will conduct a more detailed investigation.

(4) In the event that the Regulator decides to conduct a more detailed investigation, it must indicate the period within which it plans to conduct this investigation, which period must not exceed 13 weeks.

(5) On conclusion of the more detailed investigation referred to in subsection (4) the Regulator must issue a statement concerning the lawfulness of the information processing.

(6) A statement by the Regulator in terms of subsection (5), to the extent that the information processing is not lawful, is deemed to be an enforcement notice served in terms of section 95 of this Act.

(7) A responsible party that has suspended its processing as required by subsection (2), and which has not received the Regulator's decision within the time limits specified in subsections (3) and (4), may presume a decision in its favour and continue with its processing.

Failure to notify processing subject to prior authorisation

59. If section 58(1) or (2) is contravened, the responsible party is guilty of an offence and liable to a penalty as set out in section 107.

CHAPTER 7

CODES OF CONDUCT

Issuing of codes of conduct

60. (1) The Regulator may from time to time issue codes of conduct.

(2) A code of conduct must—

(a) incorporate all the conditions for the lawful processing of personal information or set out obligations that provide a functional equivalent of all the obligations set out in those conditions; and

(b) prescribe how the conditions for the lawful processing of personal information are to be applied, or are to be complied with, given the particular features of the sector or sectors of society in which the relevant responsible parties are operating.

(3) A code of conduct may apply in relation to any one or more of the following:

(a) Any specified information or class of information;

(b) any specified body or class of bodies;

(c) any specified activity or class of activities; or

(d) any specified industry, profession, or vocation or class of industries, professions, or vocations.

(4) A code of conduct must also—

(a) specify appropriate measures—

(i) for information matching programmes if such programmes are used within a specific sector; or

(ii) for protecting the legitimate interests of data subjects insofar as automated decision making, as referred to in section 71, is concerned;

(b) provide for the review of the code by the Regulator; and

(c) provide for the expiry of the code.

Process for issuing codes of conduct

61. (1) The Regulator may issue a code of conduct under section 60—

(a) on the Regulator's own initiative, but after consultation with affected stakeholders or a body representing such stakeholders; or

(3) In die geval van kennisgewing van inligtingsprosessering waarop artikel 57(1) van toepassing is, moet die Reguleerder die verantwoordelike party binne vier weke na die kennisgewing skriftelik verwittig of 'n meer uitgebreide ondersoek onderneem gaan word, al dan nie.

(4) Indien die Reguleerder besluit om 'n meer uitgebreide ondersoek te onderneem, moet die Reguleerder die tydperk aandui waarbinne die Reguleerder van plan is om die ondersoek uit te voer, welke tydperk nie 13 weke moet oorskry nie.

(5) By afhandeling van die meer uitgebreide ondersoek in subartikel (4) bedoel, moet die Reguleerder 'n verklaring met betrekking tot die regmatigheid van die inligtingsprosessering uitreik.

(6) 'n Verklaring deur die Reguleerder ingevolge subartikel (5), vir sover die inligtingsprosessering nie regmatig is nie, word geag 'n afdwingingskennisgewing te wees wat ingevolge artikel 95 van hierdie Wet beteken is.

(7) 'n Verantwoordelike party wat prosessering, soos deur subartikel (2) vereis, opgeskort het en wat nie die Reguleerder se besluit binne die tydsbestek in subartikels (3) en (4) vermeld, ontvang het nie, kan aanvaar dat 'n besluit in die guns van die verantwoordelike party geneem is en met die verantwoordelike party se prosessering voortgaan.

Versuim om kennis te gee van prosessering onderhewig aan voorafgaande magtiging

59. Indien artikel 58(1) of (2) oortree word, is die verantwoordelike party skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n straf soos in artikel 107 uiteengesit.

HOOFSTUK 7

GEDRAGSKODES

Uitreiking van gedragskodes

60. (1) Die Reguleerder kan van tyd tot tyd gedragskodes uitreik.

(2) 'n Gedragskode moet—

(a) al die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting insluit of verpligtinge uiteensit wat 'n werkbare ekwivalent daarstel van al die verpligtinge wat in daardie voorwaardes uiteengesit is; en

(b) voorskryf hoe die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting toegepas of aan voldoen moet word, gegewe die bepaalde kenmerke van die sektor of sektore van die samelewing waarbinne die betrokke verantwoordelike partye optree.

(3) 'n Gedragskode kan met betrekking tot een of meer van die volgende van toepassing wees:

(a) Enige bepaalde inligting of klas van inligting;

(b) enige bepaalde liggaam of klas van liggame;

(c) enige bepaalde aktiwiteit of klas van aktiwiteite; of

(d) enige bepaalde bedryf, professie, of betrekking of klas van bedrywe, professies of betrekkings.

(4) 'n Gedragskode moet ook—

(a) behoorlike maatreëls bepaal—

(i) vir inligtingspasprogramme indien sodanige programme binne 'n bepaalde sektor gebruik word; of

(ii) vir die beskerming van die regmatige belange van datasubjekte vir sover geoutomatiseerde besluitneming, soos in artikel 71 bedoel, ter sake is;

(b) vir die hersiening van die kode deur die Reguleerder voorsiening maak; en

(c) vir die verstryking van die kode voorsiening maak.

Proses vir uitreiking van gedragskodes

61. (1) Die Reguleerder kan 'n gedragskode kragtens artikel 60 uitreik—

(a) op die Reguleerder se eie inisiatief, maar na oorlegpleging met belanghebbendes wat daardeur geraak word of 'n liggaam wat sodanige belanghebbendes verteenwoordig; of

(b) on the application, in the prescribed form, by a body which is, in the opinion of the Regulator, sufficiently representative of any class of bodies, or of any industry, profession, or vocation as defined in the code in respect of such class of bodies or of any such industry, profession or vocation.

(2) The Regulator must give notice in the *Gazette* that the issuing of a code of conduct is being considered, which notice must contain a statement that—

(a) the details of the code of conduct being considered, including a draft of the proposed code, may be obtained from the Regulator; and

(b) submissions on the proposed code may be made in writing to the Regulator within such period as is specified in the notice.

(3) The Regulator may not issue a code of conduct unless it has considered the submissions made to the Regulator in terms of subsection (2)*(b)*, if any, and is satisfied that all persons affected by the proposed code have had a reasonable opportunity to be heard.

(4) The decision as to whether an application for the issuing of a code has been successful must be made within a reasonable period which must not exceed 13 weeks.

Notification, availability and commencement of code of conduct

62. (1) If a code of conduct is issued under section 60 the Regulator must ensure that—

(a) there is published in the *Gazette*, as soon as reasonably practicable after the code is issued, a notice indicating—
(i) that the code has been issued; and
(ii) where copies of the code are available for inspection free of charge and for purchase; and

(b) as long as the code remains in force, copies of it are available—
(i) on the Regulator's website;
(ii) for inspection by members of the public free of charge at the Regulator's offices; and
(iii) for purchase or copying by members of the public at a reasonable price at the Regulator's offices.

(2) A code of conduct issued under section 60 comes into force on the 28th day after the date of its notification in the *Gazette* or on such later date as may be specified in the code and is binding on every class or classes of body, industry, profession or vocation referred to therein.

Procedure for dealing with complaints

63. (1) A code of conduct may prescribe procedures for making and dealing with complaints alleging a breach of the code, but no such provision may limit or restrict any provision of Chapter 10.

(2) If the code sets out procedures for making and dealing with complaints, the Regulator must be satisfied that—

(a) the procedures meet the—
(i) prescribed standards; and
(ii) guidelines issued by the Regulator in terms of section 65,
relating to the making of and dealing with complaints;

(b) the code provides for the appointment of an independent adjudicator to whom complaints may be made;

(c) the code provides that, in exercising his or her powers and performing his or her functions, under the code, an adjudicator for the code must have due regard to the matters listed in section 44;

(d) the code requires the adjudicator to prepare and submit a report, in a form satisfactory to the Regulator, to the Regulator within five months of the end of a financial year of the Regulator on the operation of the code during that financial year; and

(e) the code requires the report prepared for each year to specify the number and nature of complaints made to an adjudicator under the code during the relevant financial year.

(b) op die aansoek, in die voorgeskrewe vorm, deur ’n liggaam wat, na oordeel van die Reguleerder, voldoende verteenwoordigend is van enige klas van liggame, of van enige bedryf, professie, of betrekking soos in die kode ten opsigte van sodanige klas van liggame of van enige sodanige bedryf, professie of betrekking, omskryf.

(2) Die Reguleerder moet in die *Staatskoerant* kennis gee dat die uitreiking van ’n gedragskode oorweeg word, welke kennisgewing ’n verklaring moet bevat dat—

(a) die besonderhede van die gedragskode wat oorweeg word, met inbegrip van ’n konsep van die voorgestelde kode, by die Reguleerder verkry kan word; en

(b) skriftelike voorleggings met betrekking tot die voorgestelde kode, binne sodanige tydperk in die kennisgewing vermeld, aan die Reguleerder gerig kan word.

(3) Die Reguleerder kan nie ’n gedragskode uitreik nie tensy die Reguleerder die voorleggings, indien enige, oorweeg het wat aan die Reguleerder ingevolge subartikel (2)*(b)* voorgelê is en die Reguleerder oortuig is dat alle persone wat deur die voorgestelde kode geraak word ’n redelike geleentheid gehad het om aangehoor te word.

(4) Die besluit of ’n aansoek om die uitreiking van ’n kode suksesvol is moet binne ’n redelike tydperk, welke tydperk nie 13 weke mag oorskry nie, geneem word.

Kennisgewing, beskikbaarheid en inwerkingtreding van gedragskode

62. (1) Indien ’n gedragskode kragtens artikel 60 uitgereik word moet die Reguleerder verseker dat—

(a) so gou as redelikerwys moontlik nadat die kode uitgereik is, ’n kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer word wat aandui—

(i) dat die kode uitgereik is; en

(ii) waar afskrifte van die kode gratis vir inspeksie en vir die aankoop daarvan beskikbaar is; en

(b) vir solank as wat die kode van krag is, dat afskrifte daarvan beskikbaar is—

(i) op die Reguleerder se webtuiste;

(ii) vir gratis inspeksie deur lede van die publiek by die Reguleerder se kantore; en

(iii) vir die aankoop of die maak van afskrifte daarvan teen ’n redelike prys deur lede van die publiek by die Reguleerder se kantore.

(2) ’n Gedragskode kragtens artikel 60 uitgereik tree in werking op die 28ste dag na die datum van kennisgewing daarvan in die *Staatskoerant* of op sodanige latere datum soos in die kode vermeld mag word en is bindend op elke klas of klasse van liggaam, bedryf, professie of betrekking wat daarin vermeld word.

Prosedure vir hantering van klagtes

63. (1) ’n Gedragskode kan prosedures voorskryf vir die indiening en hantering van klagtes ingevolge waarvan ’n verbreking van ’n kode beweer word, maar geen sodanige bepaling mag enige bepaling van Hoofstuk 10 beperk of inperk nie.

(2) Indien die kode prosedures vir die indiening en hantering van klagtes uiteensit, moet die Reguleerder oortuig wees dat—

(a) die prosedures aan die—

(i) voorgeskrewe standaarde; en

(ii) riglyne deur die Reguleerder ingevolge artikel 65 uitgereik,

met betrekking tot die indiening en hantering van klagtes, voldoen;

(b) die kode voorsiening maak vir die aanstelling van ’n onafhanklike skeidsregter by wie klagtes ingedien kan word;

(c) die kode voorsiening maak dat, in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede en die uitvoering van sy of haar werksaamhede kragtens die kode, ’n skeidsregter vir die kode die aangeleenthede in artikel 44 vermeld, na behore in ag moet neem;

(d) die kode vereis dat die skeidsregter ’n verslag, in ’n vorm wat vir die Reguleerder aanvaarbaar is, voorberei en binne vyf maande na die einde van ’n finansiële jaar van die Reguleerder met betrekking tot die werking van die kode gedurende daardie finansiële jaar aan die Reguleerder voorlê; en

(e) die kode vereis dat die verslag wat vir elke jaar voorberei word die getal en aard van die klagtes vermeld wat gedurende die betrokke finansiële jaar kragtens die kode by die skeidsregter ingedien is.

(3) A responsible party or data subject who is aggrieved by a determination, including any declaration, order or direction that is included in the determination, made by an adjudicator after having investigated a complaint relating to the protection of personal information under an approved code of conduct, may submit a complaint in terms of section 74(2) with the Regulator against the determination upon payment of a prescribed fee.

(4) The adjudicator's determination continues to have effect unless and until the Regulator makes a determination under Chapter 10 relating to the complaint or unless the Regulator determines otherwise.

Amendment and revocation of codes of conduct

64. (1) The Regulator may amend or revoke a code of conduct issued under section 60.

(2) The provisions of sections 60 to 63 apply in respect of any amendment or revocation of a code of conduct.

Guidelines about codes of conduct

65. (1) The Regulator may provide written guidelines—

(a) to assist bodies to develop codes of conduct or to apply approved codes of conduct;

(b) relating to making and dealing with complaints under approved codes of conduct; and

(c) about matters the Regulator may consider in deciding whether to approve a code of conduct or a variation or revocation of an approved code of conduct.

(2) The Regulator must have regard to the guidelines as set out in section 7(3)*(a)* to *(d)* when considering the approval of a code of conduct for the processing of personal information for exclusively journalistic purposes where the responsible party is not subject to a code of ethics as referred to in section 7(1).

(3) Before providing guidelines for the purposes of subsection (1)*(b)*, the Regulator must give everyone the Regulator considers has a real and substantial legitimate interest in the matters covered by the proposed guidelines an opportunity to comment on them.

(4) The Regulator must publish guidelines provided under subsection (1) in the *Gazette*.

Register of approved codes of conduct

66. (1) The Regulator must keep a register of approved codes of conduct.

(2) The Regulator may decide the form of the register and how it is to be kept.

(3) The Regulator must make the register available to the public in the way that the Regulator determines.

(4) The Regulator may charge reasonable fees for—

(a) making the register available to the public; or

(b) providing copies of, or extracts from, the register.

Review of operation of approved code of conduct

67. (1) The Regulator may, on its own initiative, review the operation of an approved code of conduct.

(2) The Regulator may do one or more of the following for the purposes of the review:

(a) Consider the process under the code for making and dealing with complaints;

(b) inspect the records of an adjudicator for the code;

(c) consider the outcome of complaints dealt with under the code;

(d) interview an adjudicator for the code; and

(e) appoint experts to review those provisions of the code that the Regulator believes require expert evaluation.

(3) 'n Verantwoordelike party of datasubjek wat veronreg voel deur 'n vasstelling, met inbegrip van 'n verklaring, bevel of aanwysing wat in die vasstelling ingesluit is, wat deur 'n skeidsregter gemaak is nadat 'n klagte met betrekking tot die beskerming van persoonlike inligting kragtens 'n goedgekeurde gedragskode ondersoek is, kan, by die betaling van voorgeskrewe gelde, ingevolge artikel 74(2) 'n klagte teen die vasstelling by die Reguleerder indien.

(4) 'n Skeidsregter se vasstelling bly van krag tensy en totdat die Reguleerder 'n vasstelling kragtens Hoofstuk 10 met betrekking tot die klagte maak of tensy die Reguleerder andersins vasstel.

Wysiging en herroeping van gedragskodes

64. (1) Die Reguleerder kan 'n gedragskode kragtens artikel 60 uitgereik, wysig of herroep.

(2) Die bepalings van artikels 60 tot 63 is van toepassing ten opsigte van enige wysiging of herroeping van 'n gedragskode.

Riglyne oor gedragskodes

65. (1) Die Reguleerder kan skriftelike riglyne voorsien—

(a) om liggame behulpsaam te wees in die ontwikkeling van gedragskodes of om goedgekeurde gedragskodes toe te pas;

(b) met betrekking tot die indiening en hantering van klagtes kragtens goedgekeurde gedragskodes; en

(c) met betrekking tot aangeleenthede wat die Reguleerder in ag mag neem in die Reguleerder se besluit hetsy om 'n gedragskode goed te keur of 'n goedgekeurde gedragskode te wysig of te herroep, al dan nie.

(2) Die Reguleerder moet die riglyne soos in artikel 7(3)*(a)* tot *(d)* uiteengesit, in ag neem wanneer die goedkeuring van 'n gedragskode oorweeg word vir die prosessering van persoonlike inligting vir uitsluitlike joernalistieke oogmerke waar die verantwoordelike party nie aan 'n etiese kode in artikel 7(1) bedoel, onderhewig is nie.

(3) Alvorens riglyne vir die doeleindes van subartikel (1)*(b)* voorsien word, moet die Reguleerder almal wat na oordeel van die Reguleerder 'n daadwerklike en wesenlike regmatige belang in die aangeleenthede wat deur die voorgestelde riglyne gedek word, het, 'n geleentheid gun om daarop kommentaar te lewer.

(4) Die Reguleerder moet riglyne wat kragtens subartikel (1) voorsien word in die *Staatskoerant* publiseer.

Register van goedgekeurde gedragskodes

66. (1) Die Reguleerder moet 'n register van goedgekeurde gedragskodes byhou.

(2) Die Reguleerder kan besluit oor die vorm van en wyse waarop die register bygehou moet word.

(3) Die Reguleerder moet die register, op die wyse wat die Reguleerder bepaal, aan die publiek beskikbaar stel.

(4) Die Reguleerder kan redelike gelde hef vir—

(a) die beskikbaarstelling van die register aan die publiek; of

(b) die voorsiening van afskrifte van, of uittreksels uit, die register.

Hersiening van werking van goedgekeurde gedragskode

67. (1) Die Reguleerder kan, uit eie beweging, die werking van 'n goedgekeurde gedragskode hersien.

(2) Die Reguleerder kan een of meerdere van die volgende vir die oogmerke van die hersiening doen:

(a) Die proses vir die indiening en hantering van klagtes kragtens 'n kode oorweeg;

(b) die rekords van 'n skeidsregter vir die kode inspekteer;

(c) die uitslag van klagtes wat kragtens 'n kode hanteer is, oorweeg;

(d) 'n onderhoud met 'n skeidsregter vir die kode voer; en

(e) deskundiges aanstel om daardie bepalings van 'n kode te hersien wat na mening van die Reguleerder deskundige evaluasie vereis.

(3) The review may inform a decision by the Regulator under section 64 to revoke the approved code of conduct with immediate effect or at a future date to be determined by the Regulator.

Effect of failure to comply with code of conduct

68. If a code issued under section 60 is in force, failure to comply with the code is deemed to be a breach of the conditions for the lawful processing of personal information referred to in Chapter 3 and is dealt with in terms of Chapter 10.

CHAPTER 8

RIGHTS OF DATA SUBJECTS REGARDING DIRECT MARKETING BY MEANS OF UNSOLICITED ELECTRONIC COMMUNICATIONS, DIRECTORIES AND AUTOMATED DECISION MAKING

Direct marketing by means of unsolicited electronic communications

69. (1) The processing of personal information of a data subject for the purpose of direct marketing by means of any form of electronic communication, including automatic calling machines, facsimile machines, SMSs or e-mail is prohibited unless the data subject—

(a) has given his, her or its consent to the processing; or

(b) is, subject to subsection (3), a customer of the responsible party.

(2) *(a)* A responsible party may approach a data subject—

(i) whose consent is required in terms of subsection (1)*(a)*; and

(ii) who has not previously withheld such consent,

only once in order to request the consent of that data subject.

(b) The data subject's consent must be requested in the prescribed manner and form.

(3) A responsible party may only process the personal information of a data subject who is a customer of the responsible party in terms of subsection (1)*(b)*—

(a) if the responsible party has obtained the contact details of the data subject in the context of the sale of a product or service;

(b) for the purpose of direct marketing of the responsible party's own similar products or services; and

(c) if the data subject has been given a reasonable opportunity to object, free of charge and in a manner free of unnecessary formality, to such use of his, her or its electronic details—

(i) at the time when the information was collected; and

(ii) on the occasion of each communication with the data subject for the purpose of marketing if the data subject has not initially refused such use.

(4) Any communication for the purpose of direct marketing must contain—

(a) details of the identity of the sender or the person on whose behalf the communication has been sent; and

(b) an address or other contact details to which the recipient may send a request that such communications cease.

(5) **"Automatic calling machine"**, for purposes of subsection (1), means a machine that is able to do automated calls without human intervention.

Directories

70. (1) A data subject who is a subscriber to a printed or electronic directory of subscribers available to the public or obtainable through directory enquiry services, in which his, her or its personal information is included, must be informed, free of charge and before the information is included in the directory—

(a) about the purpose of the directory; and

(3) Die hersiening kan 'n besluit deur die Reguleerder tot gevolg hê om kragtens artikel 64 'n goedgekeurde gedragskode onmiddellik of op 'n toekomstige datum, wat deur die Reguleerder vasgestel word, te herroep.

Gevolg van versuim om aan gedragskode te voldoen

68. Indien 'n kode, wat kragtens artikel 60 uitgereik is, van krag is word versuim om aan die kode te voldoen as 'n verbreking beskou van die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting in Hoofstuk 3 bedoel, en word dit ingevolge Hoofstuk 10 hanteer.

HOOFSTUK 8

REGTE VAN DATASUBJEKTE AANGAANDE DIREKTE BEMARKING DEUR MIDDEL VAN ONGEOORLOOFDE ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE, GIDSE EN GEOUTOMATISEERDE BESLUITNEMING

Direkte bemarking deur middel van ongeoorloofde elektroniese kommunikasie

69. (1) Die prosessering van persoonlike inligting van 'n datasubjek vir die doeleindes van direkte bemarking deur middel van enige vorm van elektroniese kommunikasie, met inbegrip van outomatiese oproepmasjiene, faksimilee masjiene, SMS'e of e-pos word verbied tensy die datasubjek—

(a) daardie datasubjek se toestemming vir die prosessering gegee het; of

(b) behoudens subartikel (3), 'n kliënt van die verantwoordelike party is.

(2) *(a)* 'n Verantwoordelike party mag 'n datasubjek—

(i) wie se toestemming ingevolge subartikel (1)*(a)* vereis word; en

(ii) wat nie voorheen sodanige toestemming weerhou het nie,

slegs een keer nader om die toestemming van daardie datasubjek te versoek.

(b) Die datasubjek se toestemming moet op die voorgeskrewe wyse en vorm versoek word.

(3) 'n Verantwoordelike party mag slegs die persoonlike inligting van 'n datasubjek wat ingevolge subartikel (1)*(b)* 'n kliënt van die verantwoordelike party is, prosesseer—

(a) indien die verantwoordelike party die kontakbesonderhede van die datasubjek in die konteks van die verkoop van 'n produk of diens, verkry het;

(b) vir die doel van direkte bemarking van die verantwoordelike party se eie soortgelyke produkte of dienste; en

(c) indien die datasubjek 'n redelike geleentheid gegun is om, gratis en sonder onnodige formaliteite, beswaar te maak teen sodanige gebruik van daardie datasubjek se elektroniese besonderhede—

(i) op die tydstip toe die inligting ingesamel is; en

(ii) by die geleentheid van elke kommunikasie met die datasubjek vir die doel van bemarking indien die datasubjek nie aanvanklik sodanige gebruik geweier het nie.

(4) Enige kommunikasie vir die doel van direkte bemarking moet—

(a) besonderhede van die identiteit van die versender of die persoon namens wie die kommunikasie gestuur is; en

(b) 'n adres of ander kontakbesonderhede waarheen die ontvanger 'n versoek dat sodanige kommunikasies gestaak moet word kan rig,

bevat.

(5) **"Outomatiese oproepmasjien"**, by die toepassing van subartikel (1), beteken 'n masjien wat daartoe in staat is om outomatiese oproepe sonder menslike toetreding te maak.

Gidse

70. (1) 'n Datasubjek wat 'n intekenaar is tot 'n gedrukte of elektroniese gids van intekenare wat aan die publiek beskikbaar is of wat deur middel van gidsnavraagdienste verkrygbaar is, waarin daardie datasubjek se persoonlike inligting ingesluit is, moet gratis en voordat die inligting in die gids opgeneem word, in kennis gestel word—

(a) aangaande die oogmerk van die gids; en

(b) about any further uses to which the directory may possibly be put, based on search functions embedded in electronic versions of the directory.

(2) A data subject must be given a reasonable opportunity to object, free of charge and in a manner free of unnecessary formality, to such use of his, her or its personal information or to request verification, confirmation or withdrawal of such information if the data subject has not initially refused such use.

(3) Subsections (1) and (2) do not apply to editions of directories that were produced in printed or off-line electronic form prior to the commencement of this section.

(4) If the personal information of data subjects who are subscribers to fixed or mobile public voice telephony services have been included in a public subscriber directory in conformity with the conditions for the lawful processing of personal information prior to the commencement of this section, the personal information of such subscribers may remain included in this public directory in its printed or electronic versions, after having received the information required by subsection (1).

(5) **"Subscriber"**, for purposes of this section, means any person who is party to a contract with the provider of publicly available electronic communications services for the supply of such services.

Automated decision making

71. (1) Subject to subsection (2), a data subject may not be subject to a decision which results in legal consequences for him, her or it, or which affects him, her or it to a substantial degree, which is based solely on the basis of the automated processing of personal information intended to provide a profile of such person including his or her performance at work, or his, her or its credit worthiness, reliability, location, health, personal preferences or conduct.

(2) The provisions of subsection (1) do not apply if the decision—

(a) has been taken in connection with the conclusion or execution of a contract, and—

(i) the request of the data subject in terms of the contract has been met; or

(ii) appropriate measures have been taken to protect the data subject's legitimate interests; or

(b) is governed by a law or code of conduct in which appropriate measures are specified for protecting the legitimate interests of data subjects.

(3) The appropriate measures, referred to in subsection (2)*(a)*(ii), must—

(a) provide an opportunity for a data subject to make representations about a decision referred to in subsection (1); and

(b) require a responsible party to provide a data subject with sufficient information about the underlying logic of the automated processing of the information relating to him or her to enable him or her to make representations in terms of paragraph *(a)*.

CHAPTER 9

TRANSBORDER INFORMATION FLOWS

Transfers of personal information outside Republic

72. (1) A responsible party in the Republic may not transfer personal information about a data subject to a third party who is in a foreign country unless—

(a) the third party who is the recipient of the information is subject to a law, binding corporate rules or binding agreement which provide an adequate level of protection that—

(i) effectively upholds principles for reasonable processing of the information that are substantially similar to the conditions for the lawful processing of personal information relating to a data subject who is a natural person and, where applicable, a juristic person; and

(b) aangaande enige verdere gebruike waarvoor die gids moontlik aangewend kan word, gebaseer op soekfunksies wat deel vorm van elektroniese weergawes van die gids.

(2) 'n Datasubjek moet 'n redelike geleentheid gegun word om, gratis en sonder onnodige formaliteite, teen sodanige gebruik van daardie datasubjek se persoonlike inligting beswaar aan te teken of om kontrolering, bevestiging of ontrekking van sodanige inligting te versoek indien die datasubjek nie aanvanklik sodanige gebruik geweier het nie.

(3) Subartikels (1) en (2) is nie van toepassing nie op weergawes van gidse wat voor inwerkingtreding van hierdie artikel in gedrukte of af-lyn elektroniese formaat geproduseer is.

(4) Indien die persoonlike inligting van datasubjekte wat intekenare is van vaste of mobiele openbare stemtelefoniese dienste voor die inwerkingtreding van hierdie artikel in 'n openbare intekenaargids in ooreenstemming met die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting ingesluit is, kan die persoonlike inligting van sodanige intekenare in hierdie openbare gids, in die gedrukte of elektroniese weergawes daarvan, ingesluit bly nadat die inligting wat ingevolge subartikel (1) vereis word, verkry is.

(5) **"Intekenaar"**, by die toepassing van hierdie artikel, beteken iemand wat 'n party is tot 'n kontrak met 'n diensverskaffer van openbare beskikbare elektroniese kommunikasiedienste vir die verskaffing van sodanige dienste.

Geoutomatiseerde besluitneming

71. (1) 'n Datasubjek mag, behoudens subartikel (2), nie onderhewig wees aan 'n besluit nie wat regsgevolge vir daardie datasubjek inhou, of wat daardie datasubjek op 'n wesenlike wyse raak, wat alleenlik geneem is op grond van die geoutomatiseerde prosessering van persoonlike inligting wat bedoel is om 'n profiel van sodanige persoon daar te stel, met inbegrip van sy of haar werkverrigting, of daardie datasubjek se kredietwaardigheid, betroubaarheid, ligging, gesondheid, persoonlike voorkeure of gedrag.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie, indien die besluit—

(a) in verband met die sluiting of uitvoering van 'n kontrak geneem is, en—

(i) die versoek van die datasubjek ingevolge die kontrak nagekom is; of

(ii) behoorlike maatreëls geneem is om die datasubjek se regmatige belange te beskerm; of

(b) deur 'n wet of 'n gedragskode gereguleer word, waarin behoorlike maatreëls vir beskerming van die regmatige belange van datasubjekte bepaal word.

(3) Die behoorlike maatreëls, in subartikel (2)*(a)*(ii) bedoel, moet—

(a) 'n datasubjek die geleentheid gun om vertoë aangaande 'n besluit in subartikel (1) bedoel, te rig; en

(b) van 'n verantwoordelike party vereis om 'n datasubjek van voldoende inligting, met betrekking tot die onderliggende logika van die geoutomatiseerde prosessering van inligting oor hom of haar, te voorsien ten einde hom of haar in staat te stel om vertoë ingevolge paragraaf *(a)* te rig.

HOOFSTUK 9

INLIGTINGSVLOEI OOR LANDGRENSE

Oordrag van persoonlike inligting buite Republiek

72. (1) 'n Verantwoordelike party in die Republiek mag nie persoonlike inligting aangaande 'n datasubjek aan 'n derde party wat in 'n vreemde land is oordra nie, tensy—

(a) die derde party wat die ontvanger van die inligting is, onderhewig is aan 'n wet, bindende korporatiewe reëls of 'n bindende ooreenkoms wat 'n genoegsame vlak van beskerming bied wat—

(i) beginsels vir die redelike prosessering van die inligting wat wesenlik soortgelyk is aan die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting doeltreffend handhaaf met betrekking tot 'n datasubjek wat 'n natuurlike persoon en, waar van toepassing, 'n regspersoon is; en

(ii) includes provisions, that are substantially similar to this section, relating to the further transfer of personal information from the recipient to third parties who are in a foreign country;

(b) the data subject consents to the transfer;

(c) the transfer is necessary for the performance of a contract between the data subject and the responsible party, or for the implementation of pre-contractual measures taken in response to the data subject's request;

(d) the transfer is necessary for the conclusion or performance of a contract concluded in the interest of the data subject between the responsible party and a third party; or

(e) the transfer is for the benefit of the data subject, and—

(i) it is not reasonably practicable to obtain the consent of the data subject to that transfer; and

(ii) if it were reasonably practicable to obtain such consent, the data subject would be likely to give it.

(2) For the purpose of this section—

(a) **"binding corporate rules"** means personal information processing policies, within a group of undertakings, which are adhered to by a responsible party or operator within that group of undertakings when transferring personal information to a responsible party or operator within that same group of undertakings in a foreign country; and

(b) **"group of undertakings"** means a controlling undertaking and its controlled undertakings.

CHAPTER 10

ENFORCEMENT

Interference with protection of personal information of data subject

73. For the purposes of this Chapter, interference with the protection of the personal information of a data subject consists, in relation to that data subject, of—

(a) any breach of the conditions for the lawful processing of personal information as referred to in Chapter 3;

(b) non-compliance with section 22, 54, 69, 70, 71 or 72; or

(c) a breach of the provisions of a code of conduct issued in terms of section 60.

Complaints

74. (1) Any person may submit a complaint to the Regulator in the prescribed manner and form alleging interference with the protection of the personal information of a data subject.

(2) A responsible party or data subject may, in terms of section 63(3), submit a complaint to the Regulator in the prescribed manner and form if he, she or it is aggrieved by the determination of an adjudicator.

Mode of complaints to Regulator

75. (1) A complaint to the Regulator must be made in writing.

(2) The Regulator must give such reasonable assistance as is necessary in the circumstances to enable a person, who wishes to make a complaint to the Regulator, to put the complaint in writing.

Action on receipt of complaint

76. (1) On receiving a complaint in terms of section 74, the Regulator may—

(a) conduct a pre-investigation as referred to in section 79;

(ii) bepalings, wat wesenlik soortgelyk is aan hierdie artikel, insluit met betrekking tot die verdere oordrag van persoonlike inligting vanaf die ontvanger na derde partye wat in 'n vreemde land is;

(b) die datasubjek tot die oordrag toestem;

(c) die oordrag noodsaaklik vir die uitvoering van 'n kontrak tussen die datasubjek en die verantwoordelike party is, of vir die implementering van voor-kontraktuele maatreëls wat in antwoord op die datasubjek se versoek geneem word;

(d) die oordrag noodsaaklik is vir die sluiting of uitvoering van 'n kontrak wat in die belang van die datasubjek tussen die verantwoordelike party en 'n derde party gesluit is; of

(e) die oordrag tot voordeel van die datasubjek is, en—

(i) dit nie redelikerwys moontlik is om die toestemming van die datasubjek vir daardie oordrag te verkry nie; en

(ii) indien dit redelikerwys moontlik sou wees om sodanige toestemming te verkry, die datasubjek dit waarskynlik sou verleen het.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

(a) **"bindende korporatiewe reëls"** beleid op die prosessering van persoonlike inligting, binne 'n groep van ondernemings, wat deur 'n verantwoordelike party of operateur binne daardie groep van ondernemings nagekom word wanneer persoonlike inligting aan 'n verantwoordelike party of operateur binne daardie selfde groep van ondernemings in 'n vreemde land oorgedra word; en

(b) **"groep van ondernemings"** 'n beherende onderneming en die onderneming se beheerde ondernemings.

HOOFSTUK 10

AFDWINGING

Inmenging met beskerming van persoonlike inligting van datasubjek

73. By die toepassing van hierdie Hoofstuk bestaan inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek, met betrekking tot daardie datasubjek, uit—

(a) enige verbreking van die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting soos in Hoofstuk 3 bedoel;

(b) nienakoming van artikel 22, 54, 69, 70, 71 of 72; of

(c) 'n verbreking van die bepalings van 'n gedragskode kragtens artikel 60 uitgevaardig.

Klagtes

74. (1) Enige persoon kan op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm 'n klagte by Reguleerder indien, waarin inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek beweer word.

(2) 'n Verantwoordelike party of datasubjek kan ingevolge artikel 63(3) op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, 'n klagte by die Reguleerder indien as daardie verantwoordelike party of datasubjek veronreg voel deur 'n vasstelling van 'n skeidsregter.

Wyse van klagtes tot Reguleerder

75. (1) 'n Klagte tot die Reguleerder moet skriftelik ingedien word.

(2) Die Reguleerder moet sodanige redelike bystand verleen as wat in die omstandighede noodsaaklik is om 'n persoon, wat 'n klagte by die Reguleerder wil indien, in staat te stel om die klagte op skrif te stel.

Stappe by ontvangs van klagte

76. (1) By ontvangs van 'n klagte ingevolge artikel 74, kan die Reguleerder—

(a) 'n voor-ondersoek soos in artikel 79 bedoel, uitvoer;

(b) act, at any time during the investigation and where appropriate, as conciliator in relation to any interference with the protection of the personal information of a data subject in the prescribed manner;
(c) decide, in accordance with section 77, to take no action on the complaint or, as the case may be, require no further action in respect of the complaint;
(d) conduct a full investigation of the complaint;
(e) refer the complaint, in terms of section 92, to the Enforcement Committee; or
(f) take such further action as is contemplated by this Chapter.

(2) The Regulator must, as soon as is reasonably practicable, advise the complainant and the responsible party to whom the complaint relates of the course of action that the Regulator proposes to adopt under subsection (1).

(3) The Regulator may, on its own initiative, commence an investigation into the interference with the protection of the personal information of a data subject as referred to in section 73.

Regulator may decide to take no action on complaint

77. (1) The Regulator, after investigating a complaint received in terms of section 73, may decide to take no action or, as the case may be, require no further action in respect of the complaint if, in the Regulator's opinion—

(a) the length of time that has elapsed between the date when the subject matter of the complaint arose and the date when the complaint was made is such that an investigation of the complaint is no longer practicable or desirable;
(b) the subject matter of the complaint is trivial;
(c) the complaint is frivolous or vexatious or is not made in good faith;
(d) the complainant does not desire that action be taken or, as the case may be, continued;
(e) the complainant does not have a sufficient personal interest in the subject matter of the complaint; or
(f) in cases where the complaint relates to a matter in respect of which a code of conduct is in force and the code of conduct makes provision for a complaints procedure, the complainant has failed to pursue, or to pursue fully, an avenue of redress available under that complaints procedure that it would be reasonable for the complainant to pursue.

(2) Notwithstanding anything in subsection (1), the Regulator may in its discretion decide not to take any further action on a complaint if, in the course of the investigation of the complaint, it appears to the Regulator that, having regard to all the circumstances of the case, any further action is unnecessary or inappropriate.

(3) In any case where the Regulator decides to take no action, or no further action, on a complaint, the Regulator must inform the complainant of that decision and the reasons for it.

Referral of complaint to regulatory body

78. (1) If, on receiving a complaint in terms of section 74, the Regulator considers that the complaint relates, in whole or in part, to a matter that is more properly within the jurisdiction of another regulatory body established in terms of any law, the Regulator must forthwith determine whether the complaint should be dealt with, in whole or in part, under this Act after consultation with the body concerned.

(2) If the Regulator determines that the complaint should be dealt with by another body, the Regulator must forthwith refer the complaint to that body to be dealt with accordingly and must notify the complainant of the referral.

Pre-investigation proceedings of Regulator

79. Before proceeding to investigate any matter in terms of this Chapter, the Regulator must, in the prescribed manner, inform—

(b) te eniger tyd gedurende die ondersoek en indien dit gepas is, op die voorgeskrewe wyse as konsiliator optree met betrekking tot enige inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek;

(c) ooreenkomstig artikel 77, besluit om geen stappe ten opsigte van die klagte te doen nie of, na gelang van die geval, geen verdere stappe ten opsigte van die klagte te vereis nie;

(d) 'n volle ondersoek van die klagte uitvoer;

(e) die klagte, ingevolge artikel 92, na die Afdwingingskomitee verwys; of

(f) sodanige verdere stappe doen as wat by hierdie Hoofstuk beoog word.

(2) Die Reguleerder moet, so gou soos redelikerwys moontlik is, die klaer of klaagster en die verantwoordelike party met wie die klag verband hou, verwittig van die stappe wat die Reguleerder beoog om ingevolge subartikel (1) te doen.

(3) Die Reguleerder kan, uit eie beweging, 'n ondersoek aangaande die inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek, soos in artikel 73 bedoel, begin.

Reguleerder kan besluit om geen stappe aangaande klagte te doen nie

77. (1) Die Reguleerder kan, na die ondersoek van 'n klagte wat ingevolge artikel 73 ontvang is, besluit om geen stappe te doen nie of, na gelang van die geval, geen verdere stappe ten opsigte van die klagte te vereis nie, indien, na oordeel van die Reguleerder—

(a) die tydperk wat verloop het vanaf die datum waarop die onderwerp van die geskil in die klagte onstaan het tot die datum waarop die klagte ingedien is van sodanige aard is dat 'n ondersoek van die klagte nie langer moontlik of wenslik is nie;

(b) die onderwerp van die geskil in die klagte onbeduidend is;

(c) die klagte beuselagtig of kwelsugtig is of nie in goeie trou gemaak is nie;

(d) die klaer of klaagster nie verlang dat stappe gedoen word of, na gelang van die geval, mee voortgegaan word nie;

(e) die klaer of klaagster nie 'n voldoende persoonlike belang in die onderwerp van die geskil in die klagte het nie; of

(f) in gevalle waar die klagte betrekking het op 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n gedragskode van krag is en die gedragskode vir 'n klagteprosedure voorsiening maak, die klaer of klaagster versuim het om die moontlikheid van geregtelike vergoeding beskikbaar kragtens die klagteprosedure na te streef, of ten volle na te streef, waar dit redelik sou wees vir die klaer of klaagster om die vergoeding na te volg.

(2) Ondanks enigiets in subartikel (1), kan die Reguleerder op eie diskresie besluit om geen verdere stappe ten opsigte van 'n klagte te doen nie indien dit, in die loop van die ondersoek van die klagte, vir die Reguleerder blyk dat, met inagneming van alle omstandighede van die geval, enige verdere stappe onnodig of onvanpas is.

(3) In enige geval waar die Reguleerder besluit om geen stappe of geen verdere stappe ten opsigte van die klagte te doen nie, moet die Reguleerder die klaer of klaagster van daardie besluit en die redes daarvoor, verwittig.

Verwysing van klagte na regulerende liggaam

78. (1) Indien, by ontvangs van 'n klagte ingevolge artikel 74, die Reguleerder van mening is dat die klagte, in geheel of gedeeltelik, betrekking het op 'n aangeleentheid wat na behore beter binne die jurisdiksie van 'n ander beheerliggaam wat ingevolge enige wet opgerig is, val, moet die Reguleerder onverwyld vasstel of die klagte, in geheel of gedeeltelik, kragtens hierdie Wet hanteer moet word na oorlegpleging met die betrokke liggaam.

(2) Indien die Reguleerder vasstel dat die klagte deur 'n ander liggaam hanteer moet word, moet die Reguleerder die klagte onverwyld na daardie liggaam verwys om dienooreenkomstig mee gehandel te word en moet die Reguleerder die klaer of klaagster van die verwysing verwittig.

Vooraf-ondersoek verrigtinge van Reguleerder

79. Alvorens voortgegaan word met die ondersoek van 'n aangeleentheid kragtens hierdie Hoofstuk, moet die Reguleerder op die voorgeskrewe wyse—

(a) the complainant, the data subject to whom the investigation relates (if not the complainant) and any person alleged to be aggrieved (if not the complainant), of the Regulator's intention to conduct the investigation; and

(b) the responsible party to whom the investigation relates of the—

(i) details of the complaint or, as the case may be, the subject matter of the investigation; and

(ii) right of that responsible party to submit to the Regulator, within a reasonable period, a written response in relation to the complaint or, as the case may be, the subject-matter of the investigation.

Settlement of complaints

80. If it appears from a complaint, or any written response made in relation to a complaint under section 79*(b)*(ii), that it may be possible to secure—

(a) a settlement between any of the parties concerned; and

(b) if appropriate, a satisfactory assurance against the repetition of any action that is the subject matter of the complaint or the doing of further actions of a similar kind by the person concerned,

the Regulator may, without investigating the complaint or, as the case may be, investigating the complaint further, in the prescribed manner, use its best endeavours to secure such a settlement and assurance.

Investigation proceedings of Regulator

81. For the purposes of the investigation of a complaint the Regulator may—

(a) summon and enforce the appearance of persons before the Regulator and compel them to give oral or written evidence on oath and to produce any records and things that the Regulator considers necessary to investigate the complaint, in the same manner and to the same extent as the High Court;

(b) administer oaths;

(c) receive and accept any evidence and other information, whether on oath, by affidavit or otherwise, that the Regulator sees fit, whether or not it is or would be admissible in a court of law;

(d) at any reasonable time, subject to section 81, enter and search any premises occupied by a responsible party;

(e) conduct a private interview with any person in any premises entered under section 84 subject to section 82; and

(f) otherwise carry out in those premises any inquiries that the Regulator sees fit in terms of section 82.

Issue of warrants

82. (1) A judge of the High Court, a regional magistrate or a magistrate, if satisfied by information on oath supplied by the Regulator that there are reasonable grounds for suspecting that—

(a) a responsible party is interfering with the protection of the personal information of a data subject; or

(b) an offence under this Act has been or is being committed,

and that evidence of the contravention or of the commission of the offence is to be found on any premises specified in the information, that are within the jurisdiction of that judge or magistrate, may, subject to subsection (2), grant a warrant to enter and search such premises.

(2) A warrant issued under subsection (1) authorises any of the Regulator's members or staff members, subject to section 84, at any time within seven days of the date of the warrant to enter the premises as identified in the warrant, to search them, to inspect, examine, operate and test any equipment found there which is used or intended to be

(a) die klaer of klaagster, die datasubjek op wie die ondersoek betrekking het (indien die datasubjek nie die klaer of klaagster is nie) en enige persoon (indien nie die klaer of klaagster nie) wat na bewering veronreg voel, verwittig van die Reguleerder se voorneme om 'n ondersoek te onderneem; en

(b) die verantwoordelike party op wie die ondersoek betrekking het van die—

(i) besonderhede van die klagte of, na gelang van die geval, die onderwerp van die geskil van die ondersoek; en

(ii) reg van daardie verantwoordelike party om, binne 'n redelike tydperk, 'n skriftelike antwoord met betrekking tot die klagte of, na gelang van die geval, die onderwerp van die geskil van die ondersoek aan die Reguleerder voor te lê,

verwittig.

Skikking van klagtes

80. Indien dit uit 'n klagte, of 'n skriftelike antwoord wat met betrekking tot 'n klagte kragtens artikel 79*(b)*(ii) voorgelê is, blyk dat dit moontlik kan wees om—

(a) 'n skikking tussen enige van die betrokke partye te bewerkstellig; en

(b) indien dit gepas is, 'n voldoende versekering te verkry teen die herhaling van enige handeling wat die onderwerp van die geskil in die klagte is of teen die verrigting van verdere handelinge van 'n soortgelyke aard deur die betrokke persoon,

kan die Reguleerder, sonder om die klagte te ondersoek of, na gelang van die geval, die klagte verder te ondersoek, op die voorgeskrewe wyse, tot die beste van die Reguleerder se vermoë pogings aanwend om sodanige skikking en versekering te bewerkstellig.

Ondersoekverrigtinge van Reguleerder

81. Vir die doeleindes van die ondersoek van 'n klagte kan die Reguleerder—

(a) die verskyning van enige persone voor die Reguleerder gebied en afdwing en kan die Reguleerder hulle verplig om mondelinge of skriftelike getuienis onder eed af te lê en om enige rekords of voorwerpe wat die Reguleerder nodig ag om die klagte te ondersoek, aan die Reguleerder voor te lê op dieselfde wyse en in dieselfde mate as die Hooggeregshof;

(b) eedsverklarings afneem;

(c) enige bewysmateriaal en ander inligting, hetsy onder eed, deur eedsverklaring of andersins, wat die Reguleerder goedvind, ontvang en aanvaar hetsy dit toelaatbare getuienis in 'n hof is of sal wees, al dan nie;

(d) te eniger redelike tyd, behoudens artikel 81, enige perseel wat deur 'n verantwoordelike party geokkupeer word, betree en deursoek;

(e) 'n privaat onderhoud met 'n persoon in 'n perseel voer wat kragtens artikel 84, behoudens artikel 82, betree is; en

(f) andersins in daardie perseel ondersoeke, wat die Reguleerder ingevolge artikel 82 goedvind, uitvoer.

Uitreiking van lasbriewe

82. (1) 'n Regter van die Hooggeregshof, 'n streeklanddros of 'n landdros, indien oortuig deur middel van inligting wat onder eed deur die Reguleerder voorgelê is dat daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat—

(a) 'n verantwoordelike party met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek inmeng; of

(b) 'n misdryf kragtens hierdie Wet gepleeg is of gepleeg word,

en dat getuienis van die oortreding of van die pleeg van die misdryf op 'n perseel wat in die inligting vermeld word en wat binne die jurisdiksie van daardie regter of landdros is, gevind staan te word kan, behoudens subartikel (2), 'n lasbrief uitreik om sodanige perseel te betree en te deursoek.

(2) 'n Lasbrief wat kragtens subartikel (1) uitgereik is magtig enige van die Reguleerder se lede of personeellede, behoudens artikel 84, om te eniger tyd binne sewe dae vanaf die datum van die lasbrief die perseel soos in die lasbrief geïdentifiseer te betree ten einde dit te deursoek, om enige toerusting wat daar gevind word wat gebruik word of bestem is om gebruik te word om persoonlike inligting te prosesseer te

used for the processing of personal information and to inspect and seize any record, other material or equipment found there which may be such evidence as is mentioned in that subsection.

Requirements for issuing of warrant

83. (1) A judge or magistrate must not issue a warrant under section 82 unless satisfied that—

(a) the Regulator has given seven days' notice in writing to the occupier of the premises in question demanding access to the premises;

(b) either—

(i) access was demanded at a reasonable hour and was unreasonably refused; or

(ii) although entry to the premises was granted, the occupier unreasonably refused to comply with a request by any of the Regulator's members or staff to permit the members or the members of staff to do any of the things referred to in section 82(2); and

(c) that the occupier, has, after the refusal, been notified by the Regulator of the application for the warrant and has had an opportunity of being heard on the question whether the warrant should be issued.

(2) Subsection (1) does not apply if the judge or magistrate is satisfied that the case is one of urgency or that compliance with that subsection would defeat the object of the entry.

(3) A judge or magistrate who issues a warrant under section 82 must also issue two copies of it and certify them clearly as copies.

Execution of warrants

84. (1) A police officer who is assisting a person authorised to conduct an entry and search in terms of a warrant issued under section 82 may overcome resistance to the entry and search by using such force as is reasonably necessary.

(2) A warrant issued under this section must be executed at a reasonable hour unless it appears to the person executing it that there are reasonable grounds for suspecting that the evidence in question would not be found if it were so executed.

(3) If the person who occupies the premises in respect of which a warrant is issued under section 82 is present when the warrant is executed, he or she must be shown the warrant and supplied with a copy of it, and if that person is not present a copy of the warrant must be left in a prominent place on the premises.

(4) A person seizing anything in pursuance of a warrant under section 82 must give a receipt to the occupier or leave the receipt on the premises.

(5) Anything so seized may be retained for as long as is necessary in all circumstances but the person in occupation of the premises in question must be given a copy of any documentation that is seized if he or she so requests and the person executing the warrant considers that it can be done without undue delay.

(6) A person authorised to conduct an entry and search in terms of section 82 must be accompanied and assisted by a police officer.

(7) A person who enters and searches any premises under this section must conduct the entry and search with strict regard for decency and order, and with regard to each person's right to dignity, freedom, security and privacy.

(8) A person who enters and searches premises under this section must before questioning any person—

(a) advise that person of the right to be assisted at the time by an advocate or attorney; and

(b) allow that person to exercise that right.

(9) No self-incriminating answer given or statement made to a person who conducts a search in terms of a warrant issued under section 82 is admissible as evidence against the person who gave the answer or made the statement in criminal proceedings, except in criminal proceedings for perjury or in which that person is tried for an offence

inspekteer, te ondersoek, te hanteer en te toets en om 'n rekord, ander materiaal of toerusting wat aldaar gevind word wat sodanige bewysmateriaal in daardie subartikel vermeld mag wees, te ondersoek of op beslag te lê.

Vereistes vir uitreiking van lasbrief

83. (1) 'n Regter of landdros reik nie 'n lasbrief kragtens artikel 82 uit nie, tensy hy of sy oortuig is—

(a) dat die Reguleerder sewe dae skriftelike kennis aan die okkupeerder van die betrokke perseel gegee het waarin toegang tot die perseel vereis word;

(b) dat—

(i) toegang op 'n redelike tyd vereis is en onredelik geweier is; of

(ii) alhoewel toegang tot die perseel verleen is, die okkupeerder onredelik geweier het om aan 'n versoek van enige van die Reguleerder se lede of personeellede te voldoen om enigiets in artikel 82(2) bedoel, te doen; en

(c) dat die okkupeerder, na die weiering, deur die Reguleerder van die aansoek om die lasbrief in kennis gestel is en 'n geleentheid gegun was om aangehoor te word oor die vraag of 'n lasbrief uitgereik behoort te word.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie indien die regter of landdros oortuig is dat die aangeleentheid 'n saak van dringendheid is of dat voldoening aan daardie subartikel die oogmerk van die toegang sal verydel.

(3) 'n Regter of landdros wat 'n lasbrief kragtens artikel 82 uitreik moet ook twee afskrifte daarvan uitreik en hulle duidelik as afskrifte sertifiseer.

Tenuitvoerlegging van lasbriewe

84. (1) 'n Polisiebeampte wat 'n persoon wat daartoe gemagtig is om 'n betreding en deursoeking ingevolge 'n lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is, uit te voer, mag enige teenstand teen die betreding en deursoeking oorkom deur sodanige geweld te gebruik wat redelikerwys noodsaaklik is.

(2) 'n Lasbrief kragtens hierdie artikel uitgereik moet op 'n redelike tyd uitgevoer word tensy dit vir die persoon wat dit uitvoer blyk dat daar redelike gronde is om te vermoed dat die betrokke bewysmateriaal nie gevind sal word nie indien dit sodanig uitgevoer word.

(3) Indien die persoon wat 'n perseel okkupeer ten opsigte waarvan 'n lasbrief kragtens artikel 82 uitgereik is, teenwoordig is wanneer die lasbrief uitgevoer word, moet die lasbrief aan hom of haar getoon word en moet hy of sy met 'n afskrif daarvan voorsien word, en indien daardie persoon nie teenwoordig is nie, moet 'n afskrif van die lasbrief op 'n prominente plek op die perseel gelaat word.

(4) 'n Persoon wat op enigiets ingevolge 'n lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is, beslag lê, moet 'n ontvangsbewys aan die okkupeerder gee of die ontvangsbewys op die perseel laat.

(5) Enigiets aldus op beslag gelê mag behou word vir solank as wat dit in die omstandighede noodsaaklik is, maar die persoon wat die betrokke perseel okkupeer moet voorsien word van 'n afskrif van enige dokumentasie waarop beslag gelê word, indien hy of sy so versoek en die persoon wat die lasbrief uitvoer van mening is dat dit sonder onnodige vertraging gedoen kan word.

(6) 'n Persoon wat gemagtig is om 'n betreding en deursoeking kragtens artikel 82 uit te voer, moet deur 'n polisiebeampte vergesel en bygestaan word.

(7) 'n Persoon wat 'n perseel kragtens hierdie artikel betree en deursoek moet die betreding en deursoeking met streng inagneming van behoorlikheid en orde en met inagneming van elke persoon se reg op waardigheid, vryheid, sekuriteit en privaatheid, verrig.

(8) 'n Persoon wat 'n perseel kragtens hierdie artikel betree en deursoek, moet, alvorens enige persoon ondervra word, daardie persoon—

(a) van die reg om deur 'n advokaat of prokureur bygestaan te word, verwittig; en

(b) toelaat om daardie reg uit te oefen.

(9) Geen self-inkriminerende antwoord wat gegee is aan of verklaring wat gemaak is teenoor 'n persoon wat 'n deursoeking verrig ingevolge 'n lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is, is toelaatbaar as getuienis in strafregtelike verrigtinge teen die persoon wat die antwoord gegee het of die verklaring gemaak het nie, behalwe in strafregtelike verrigtinge ten opsigte van meineed of ten opsigte waarvan daardie persoon verhoor

contemplated in section 102 and then only to the extent that the answer or statement is relevant to prove the offence charged.

Matters exempt from search and seizure

85. If the Regulator has granted an exemption in terms of section 37, the information that is processed in terms of that exemption is not subject to search and seizure empowered by a warrant issued under section 82.

Communication between legal adviser and client exempt

86. (1) Subject to the provisions of this section, the powers of search and seizure conferred by a warrant issued under section 82 must not be exercised in respect of—

(a) any communication between a professional legal adviser and his or her client in connection with the giving of legal advice to the client with respect to his or her obligations, liabilities or rights; or

(b) any communication between a professional legal adviser and his or her client, or between such an adviser or his or her client and any other person, made in connection with or in contemplation of proceedings under or arising out of this Act, including proceedings before a court, and for the purposes of such proceedings.

(2) Subsection (1) applies also to—

(a) any copy or other record of any such communication as is mentioned therein; and

(b) any document or article enclosed with or referred to in any such communication if made in connection with the giving of any advice or, as the case may be, in connection with or in contemplation of and for the purposes of such proceedings as are mentioned therein.

Objection to search and seizure

87. If the person in occupation of any premises in respect of which a warrant is issued under this Act objects to the inspection or seizure under the warrant of any material on the ground that it—

(a) contains privileged information and refuses the inspection or removal of such article or document, the person executing the warrant or search must, if he or she is of the opinion that the article or document contains information that has a bearing on the investigation and that such information is necessary for the investigation, request the Registrar of the High Court which has jurisdiction or his or her delegate, to attach and remove that article or document for safe custody until a court of law has made a ruling on the question whether the information concerned is privileged or not; or

(b) consists partly of matters in respect of which those powers are not exercised, he or she must, if the person executing the warrant so requests, furnish that person with a copy of so much of the material as is not exempt from those powers.

Return of warrants

88. A warrant issued under section 82 must be returned to the court from which it was issued—

(a) after being executed; or

(b) if not executed within the time authorised for its execution,

and the person who has executed the warrant must make an endorsement on it stating what powers have been exercised by him or her under the warrant.

word vir ’n misdryf by artikel 102 beoog en dan slegs vir sover die antwoord of verklaring tersaaklik is om die ten laste gelegde misdryf te bewys.

Gevalle vrygestel van deursoeking en beslaglegging

85. Indien die Reguleerder ’n vrystelling ingevolge artikel 37 verleen het, is die inligting wat ingevolge daardie vrystelling geprosesseer word nie aan ’n deursoeking en beslaglegging wat gemagtig word deur ’n lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is, onderhewig nie.

Kommunikasie tussen regsadviseur en kliënt vrygestel

86. (1) Die bevoegdhede van deursoeking en beslaglegging wat opgedra is deur ’n lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is moet, behoudens die bepalings van hierdie artikel, nie ten opsigte van—

(a) enige kommunikasie tussen ’n professionele regsadviseur en sy of haar kliënt in verband met die verlening van regsadvies aan die kliënt met betrekking tot sy of haar verpligtinge, aanspreeklikhede of regte; of

(b) enige kommunikasie tussen ’n professionele regsadviseur en sy of haar kliënt, of tussen sodanige adviseur of sy of haar kliënt en ’n ander persoon, in verband met of in afwagting van verrigtinge kragtens of voortvloeiend uit hierdie Wet, met inbegrip van verrigtinge voor ’n hof, en vir die oogmerke van sodanige verrigtinge,

uitgeoefen word nie.

(2) Subartikel (1) is ook van toepassing op—

(a) ’n afskrif of ander rekord van enige sodanige kommunikasie as wat aldaar vermeld word; en

(b) ’n dokument of artikel ingesluit of na verwys in enige sodanige kommunikasie indien die kommunikasie gedoen is in verband met die verlening van enige advies of, na gelang van die geval, in verband met of in afwagting van en vir die oogmerke van enige verrigtinge as wat aldaar vermeld word.

Beswaar teen deursoeking en beslaglegging

87. Indien die persoon wat enige perseel okkupeer ten opsigte waarvan ’n lasbrief kragtens hierdie Wet uitgereik is, beswaar aanteken teen die inspeksie of beslaglegging van enige materiaal kragtens die lasbrief op grond daarvan dat dit—

(a) geprivilegieerde inligting bevat en sodanige inspeksie of verwydering van sodanige artikel of dokument weier, moet die persoon wat die lasbrief of deursoeking uitvoer, indien hy of sy van oordeel is dat die artikel of dokument inligting bevat wat verband hou met die ondersoek en dat sodanige inligting noodsaaklik is vir die ondersoek, die Griffier van die Hooggeregshof wat met regsbevoegdheid beklee is, of sy of haar gedelegeerde, versoek om op daardie artikel of dokument beslag te lê en te verwyder vir veilige bewaring totdat ’n hof ’n bevel met betrekking tot die vraag of die inligting geprivilegieerd is al dan nie, gemaak het; of

(b) gedeeltelik uit aangeleenthede bestaan ten opsigte waarvan daardie bevoegdhede nie uitgeoefen word nie, moet hy of sy, indien die persoon wat die lasbrief uitvoer so versoek, daardie persoon met ’n afskrif van soveel van die materiaal as wat nie van daardie bevoegdhede vrygestel is nie, verskaf.

Relaas van lasbriewe

88. ’n Lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is moet aan die hof, van waar dit uitgereik is, terugbesorg word—

(a) nadat dit uitgevoer is; of

(b) indien dit nie uitgevoer is binne die tyd wat vir die uitvoering daarvan gemagtig is nie,

en die persoon wat die lasbrief uitgevoer het moet ’n endossement daarop aanbring waarin die bevoegdhede wat kragtens die lasbrief deur hom of haar uitgevoer is, vermeld word.

Assessment

89. (1) The Regulator, on its own initiative, or at the request by or on behalf of the responsible party, data subject or any other person must make an assessment in the prescribed manner of whether an instance of processing of personal information complies with the provisions of this Act.

(2) The Regulator must make the assessment if it appears to be appropriate, unless, where the assessment is made on request, the Regulator has not been supplied with such information as it may reasonably require in order to—

(a) satisfy itself as to the identity of the person making the request; and

(b) enable it to identify the action in question.

(3) The matters to which the Regulator may have regard in determining whether it is appropriate to make an assessment include—

(a) the extent to which the request appears to it to raise a matter of substance;

(b) any undue delay in making the request; and

(c) whether or not the person making the request is entitled to make an application in terms of section 23 or 24 in respect of the personal information in question.

(4) If the Regulator has received a request under this section it must notify the requester—

(a) whether it has made an assessment as a result of the request; and

(b) to the extent that it considers appropriate, having regard in particular to any exemption which has been granted by the Regulator in terms of section 37 from section 23 or 24 applying in relation to the personal information concerned, of any view formed or action taken as a result of the request.

Information notice

90. (1) If the Regulator—

(a) has received a request under section 89 in respect of any processing of personal information; or

(b) reasonably requires any information for the purpose of determining whether the responsible party has interfered or is interfering with the personal information of a data subject,

the Regulator may serve the responsible party with an information notice requiring the responsible party to furnish the Regulator, within a specified period, in a form specified in the notice, with a report indicating that the processing is taking place in compliance with the provisions of the Act, or with such information relating to the request or to compliance with the Act as is so specified.

(2) An information notice must contain particulars of the right of appeal conferred by section 97, and—

(a) in a case falling within subsection (1)*(a)*, a statement that the Regulator has received a request under section 89 in relation to the specified processing; or

(b) in a case falling within subsection (1)*(b)*, a statement that the Regulator regards the specified information as relevant for the purpose of determining whether the responsible party has complied, or is complying, with the conditions for the lawful processing of personal information and the reasons for regarding it as relevant for that purpose.

(3) Subject to subsection (5), the period specified in an information notice must not expire before the end of the period within which an appeal can be brought against the notice and, if such an appeal is brought, the information need not be furnished pending the determination or withdrawal of the appeal.

(4) If the Regulator considers that the information is required as a matter of urgency, it may include in the notice a statement to that effect and a statement of its reasons for reaching that conclusion, and in that event subsection (3) does not apply.

Oudit

89. (1) Die Reguleerder moet, uit eie beweging, of op versoek van of namens die verantwoordelike party, datasubjek of enige ander persoon, 'n oudit om te bepaal of 'n geval van prosessering van persoonlike inligting aan die bepalings van hierdie Wet voldoen, op die voorgeskrewe wyse doen.

(2) Die Reguleerder moet die oudit doen indien dit blyk gepas te wees, tensy, waar die oudit op versoek gedoen word, die Reguleerder nie van sodanige inligting voorsien is nie as wat die Reguleerder redelikerwys kan benodig ten einde die Reguleerder—

(a) self te oortuig met betrekking tot die identiteit van die persoon wat die versoek rig; en

(b) in staat te stel om die betrokke aksie te identifiseer.

(3) Die aangeleenthede ten opsigte waarvan die Reguleerder oorweging mag skenk ten einde vas te stel of dit gepas is om 'n oudit uit te voer, behels ook—

(a) die mate waartoe die versoek vir die Reguleerder blyk 'n wesenlike aangeleentheid op te werp;

(b) enige onnodige vertraging in die rig van die versoek; en

(c) of die persoon wat die versoek rig daarop geregtig is om 'n versoek kragtens artikel 23 of 24 ten opsigte van die betrokke persoonlike inligting te rig, al dan nie.

(4) Indien die Reguleerder 'n versoek kragtens hierdie artikel ontvang het moet die Reguleerder die versoeker verwittig—

(a) of die Reguleerder 'n oudit as gevolg van die versoek gedoen het; en

(b) vir sover die Reguleerder dit geskik ag, met besondere inagneming van 'n vrystelling wat die Reguleerder ingevolge artikel 37 van die toepassing van artikel 23 of 24 met betrekking tot die betrokke persoonlike inligting verleen het, van enige standpunt wat ingeneem is of stappe wat gedoen is as gevolg van die versoek.

Inligtingskennisgewing

90. (1) Indien die Reguleerder—

(a) 'n versoek kragtens artikel 89 ten opsigte van enige prosessering van persoonlike inligting ontvang het; of

(b) redelikerwys enige inligting vereis met die oogmerk om vas te stel of 'n verantwoordelike party met die persoonlike inligting van 'n datasubjek ingemeng het of inmeng,

kan die Reguleerder 'n inligtingskennisgewing op die verantwoordelike party beteken wat van die verantwoordelike party vereis om, binne 'n bepaalde tydperk, in die vorm wat in die kennisgewing vermeld word, die Reguleerder te voorsien van 'n verslag waarin aangedui word dat die prosessering in ooreenstemming met die bepalings van die Wet geskied, of van sodanige inligting met betrekking tot die versoek of ten opsigte van die nakoming van die Wet wat as sodanig versoek word.

(2) 'n Inligtingskennisgewing moet besonderhede van die reg tot appèl wat deur artikel 97 verleen word, bevat, en—

(a) in 'n geval in subartikel (1)*(a)* bedoel, 'n verklaring dat die Reguleerder 'n versoek kragtens artikel 89 met betrekking tot die bepaalde prosessering ontvang het; of

(b) in 'n geval in subartikel (1)*(b)* bedoel, 'n verklaring dat die Reguleerder die bepaalde inligting as tersaaklik beskou vir die doel om vas te stel of die verantwoordelike party aan die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting voldoen het of voldoen en die redes waarom dit as tersaaklik vir daardie doel beskou word.

(3) Behoudens subartikel (5), moet die tydperk vermeld in 'n inligtingskennisgewing nie verstryk voor die einde van die tydperk waarbinne 'n appèl teen die kennisgewing aangeteken kan word nie, en, indien sodanige appèl aangeteken word, hoef die inligting, terwyl die vasstelling of terugtrekking van die appèl nog hangende is, nie verskaf te word nie.

(4) Indien die Reguleerder van mening is dat die inligting as 'n saak van dringendheid vereis word, kan die Reguleerder 'n verklaring te dien effekte en 'n verklaring van die Reguleerder se redes vir die afleiding in die kennisgewing invoeg, en in daardie geval geld subartikel (3) nie.

(5) A notice in terms of subsection (4) may not require the information to be furnished before the end of a period of three days beginning with the day on which the notice is served.

(6) An information notice may not require a responsible party to furnish the Regulator with any communication between a—

(a) professional legal adviser and his or her client in connection with the giving of legal advice on the client's obligations, liabilities or rights under this Act; or

(b) professional legal adviser and his or her client, or between such an adviser or his or her client and any other person, made in connection with or in contemplation of proceedings under or arising out of this Act (including proceedings before a court) and for the purposes of such proceedings.

(7) In subsection (6) references to the client of a professional legal adviser include any person representing such a client.

(8) An information notice may not require a responsible party to furnish the Regulator with information that would, by revealing evidence of the commission of any offence other than an offence under this Act, expose the responsible party to criminal proceedings.

(9) The Regulator may cancel an information notice by written notice to the responsible party on whom it was served.

Parties to be informed of result of assessment

91. (1) After completing the assessment referred to in section 89 the Regulator—

(a) must report to the responsible party the results of the assessment and any recommendations that the Regulator considers appropriate; and

(b) may, in appropriate cases, require the responsible party, within a specified time, to inform the Regulator of any action taken or proposed to be taken to implement the recommendations contained in the report or reasons why no such action has been or is proposed to be taken.

(2) The Regulator may make public any information relating to the personal information management practices of a responsible party that has been the subject of an assessment under this section if the Regulator considers it in the public interest to do so.

(3) A report made by the Regulator under subsection (1) is deemed to be the equivalent of an enforcement notice in terms of section 95.

Matters referred to Enforcement Committee

92. (1) After completing the investigation of a complaint or other matter in terms of this Act, the Regulator may refer such complaint or other matter to the Enforcement Committee for consideration, a finding in respect of the complaint or other matter and a recommendation in respect of the proposed action to be taken by the Regulator as referred to in section 93.

(2) The Regulator may prescribe the procedure to be followed by the Enforcement Committee, including—

(a) the manner in which the responsible party and data subject may make submissions to the Enforcement Committee;

(b) the opportunity afforded to the parties who make submissions to the Enforcement Committee to make use of legal or other representation;

(c) the period within which the Enforcement Committee must make a finding and submit its recommendation to the Regulator in respect of the complaint or other matter; and

(d) the manner in which the Enforcement Committee may finalise urgent matters.

(5) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (4) kan nie vereis dat die inligting verskaf word nie voor die einde van 'n tydperk van drie dae vanaf die dag waarop die kennisgewing beteken is.

(6) 'n Inligtingskennisgewing kan nie van 'n verantwoordelike party vereis om die Reguleerder te voorsien van enige kommunikasie tussen 'n—

(a) professionele regsadviseur en sy of haar kliënt in verband met die verlening van regsadvies met betrekking tot die kliënt se verpligtinge, aanspreeklikhede of regte kragtens hierdie Wet nie; of

(b) professionele regsadviseur en sy of haar kliënt, of tussen sodanige adviseur en sy of haar kliënt en enige ander persoon, verleen in verband met of in afwagting van verrigtinge kragtens of voortvloeiend uit hierdie Wet (met inbegrip van verrigtinge voor 'n hof) en vir die oogmerke van sodanige verrigtinge nie.

(7) Verwysings in subartikel (6) na die kliënt van 'n professionele regsadviseur sluit 'n persoon wat sodanige kliënt verteenwoordig in.

(8) 'n Inligtingskennisgewing kan nie van 'n verantwoordelike party vereis om die Reguleerder van inligting te voorsien wat, deurdat dit bewys van die pleeg van 'n misdryf anders as 'n misdryf kragtens hierdie Wet aan die lig bring, die verantwoordelike party aan strafregtelike verrigtinge blootstel nie.

(9) Die Reguleerder kan 'n inligtingskennisgewing by wyse van skriftelike kennisgewing aan die verantwoordelike party op wie dit beteken is, kanselleer.

Partye moet van uitslag van oudit verwittig word

91. (1) Die Reguleerder, by afhandeling van die oudit in artikel 89 bedoel—

(a) moet die uitslae van die oudit en enige aanbevelings wat die Reguleerder goed vind aan die verantwoordelike party rapporteer; en

(b) kan, in geskikte gevalle, vereis dat die verantwoordelike party, binne 'n bepaalde tydperk, die Reguleerder moet verwittig van enige stappe wat gedoen is of wat voorgestel word om gedoen te word om die aanbevelings wat in die verslag vervat is te implementeer of van redes waarom geen sodanige stappe gedoen is nie of nie voorgestel word om gedoen te word nie.

(2) Die Reguleerder kan enige inligting met betrekking tot die bestuurspraktyke oor persoonlike inligting van 'n verantwoordelike party wat die onderwerp van 'n oudit kragtens hierdie artikel was, openbaar maak, indien die Reguleerder dit in die openbare belang ag om so te doen.

(3) 'n Verslag deur die Reguleerder kragtens subartikel (1) gemaak, word as die ekwivalent van 'n afdwingingskennisgewing ingevolge artikel 95 beskou.

Aangeleenthede verwys na Afdwingingskomitee

92. (1) By die afhandeling van die ondersoek van 'n klagte of ander aangeleentheid ingevolge hierdie Wet, kan die Reguleerder sodanige klagte of ander aangeleentheid na die Afdwingingskomitee verwys vir oorweging, 'n bevinding ten opsigte van die klagte of ander aangeleentheid en 'n aanbeveling, soos in artikel 93 bedoel, ten opsigte van die voorgestelde stappe wat deur die Reguleerder geneem behoort te word.

(2) Die Reguleerder kan die prosedure wat deur die Afdwingingskomitee gevolg moet word, voorskryf, met inbegrip van—

(a) die wyse waarop die verantwoordelike party en datasubjek voorleggings aan die Afdwingingskomitee kan maak;

(b) die geleentheid wat gegun kan word aan die partye wat voorleggings aan die Afdwingingskomitee maak om van regsverteenwoordiging of ander verteenwoordiging gebruik te maak;

(c) die tydperk waarbinne die Afdwingingskomitee 'n bevinding moet maak en die Komitee se aanbeveling ten opsigte van die klagte of ander aangeleentheid aan die Reguleerder moet voorlê; en

(d) die wyse waarop die Afdwingingskomitee dringende aangeleenthede kan afhandel.

Functions of Enforcement Committee

93. The Enforcement Committee—

(a) must consider all matters referred to it by the Regulator in terms of section 92 or the Promotion of Access to Information Act and make a finding in respect thereof; and

(b) may make any recommendation to the Regulator necessary or incidental to any action that should be taken against—

(i) a responsible party in terms of this Act; or

(ii) an information officer or head of a private body, as the case may be, in terms of the Promotion of Access to Information Act.

Parties to be informed of developments during and result of investigation

94. If an investigation is made following a complaint, and—

(a) the Regulator believes that no interference with the protection of the personal information of a data subject has taken place and therefore does not serve an enforcement notice;

(b) the Regulator has referred the complaint to the Enforcement Committee for consideration in terms of section 92;

(c) an enforcement notice is served in terms of section 95;

(d) a served enforcement notice is cancelled in terms of section 96;

(e) an appeal is lodged against the enforcement notice for cancellation or variation of the notice in terms of section 97; or

(f) an appeal against an enforcement notice is allowed, the notice is substituted or the appeal is dismissed in terms of section 98,

the Regulator must inform the complainant and the responsible party, as soon as reasonably practicable, in the manner prescribed of any development mentioned in paragraphs *(a)* to *(f)* and the result of the investigation.

Enforcement notice

95. (1) If the Regulator, after having considered the recommendation of the Enforcement Committee in terms of section 93, is satisfied that a responsible party has interfered or is interfering with the protection of the personal information of a data subject as referred to in section 73, the Regulator may serve the responsible party with an enforcement notice requiring the responsible party to do either or both of the following:

(a) To take specified steps within a period specified in the notice, or to refrain from taking such steps; or

(b) to stop processing personal information specified in the notice, or to stop processing personal information for a purpose or in a manner specified in the notice within a period specified in the notice.

(2) An enforcement notice must contain—

(a) a statement indicating the nature of the interference with the protection of the personal information of the data subject and the reasons for reaching that conclusion; and

(b) particulars of the rights of appeal conferred by section 97.

(3) Subject to subsection (4), an enforcement notice may not require any of the provisions of the notice to be complied with before the end of the period within which an appeal may be brought against the notice and, if such an appeal is brought, the notice need not be complied with pending the determination or withdrawal of the appeal.

(4) If the Regulator considers that an enforcement notice should be complied with as a matter of urgency it may include in the notice a statement to that effect and a statement of its reasons for reaching that conclusion, and in that event subsection (3) does not apply.

(5) A notice in terms of subsection (4) may not require any of the provisions of the notice to be complied with before the end of a period of three days beginning with the day on which the notice is served.

Werksaamhede van Afdwingingskomitee

93. Die Afdwingingskomitee—

(a) moet alle aangeleenthede wat ingevolge artikel 92 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting deur die Reguleerder na die Komitee verwys word, oorweeg en 'n bevinding ten opsigte daarvan maak; en

(b) kan 'n aanbeveling aan die Reguleerder maak wat noodsaaklik of bykomstig is tot enige stappe wat gedoen behoort te word teen—

(i) 'n verantwoordelike party ingevolge hierdie Wet; of

(ii) 'n inligtingsbeampte of hoof van 'n privaatliggaam, na gelang van die geval, ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting.

Partye moet van vordering tydens en uitslag van ondersoek verwittig word

94. Indien 'n ondersoek gedoen word wat op 'n klagte volg, en—

(a) die Reguleerder van oordeel is dat geen inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek plaasgevind het nie en derhalwe nie 'n afdwingingskennisgewing beteken nie;

(b) die Reguleerder die klagte na die Afdwingingskomitee verwys het vir oorweging ingevolge artikel 92;

(c) 'n afdwingingskennisgewing ingevolge artikel 95 beteken is;

(d) 'n afdwingingskennisgewing wat beteken is ingevolge artikel 96 gekanselleer word;

(e) 'n appèl aangeteken word teen 'n afdwingingskennisgewing vir die kansellering of wysiging van die kennisgewing ingevolge artikel 97; of

(f) 'n appèl teen 'n afdwingingskennisgewing toegelaat word, die kennisgewing vervang word of die appèl ingevolge artikel 98 van die hand gewys word,

moet die Reguleerder, so gou as wat dit redelikerwys moontlik is, die klaer of klaagster en die verantwoordelike party, op die voorgeskrewe wyse, van enige verwikkeling in paragrawe *(a)* tot *(f)* vermeld en die uitslag van die ondersoek, verwittig.

Afdwingingskennisgewing

95. (1) Indien die Reguleerder, na oorweging van die aanbeveling van die Afdwingingskomitee ingevolge artikel 93, oortuig is dat 'n verantwoordelike party met die beskerming van die persoonlike inligting van 'n datasubjek soos in artikel 73 bedoel, ingemeng het of inmeng kan die Reguleerder 'n afdwingingskennisgewing op die verantwoordelike party beteken wat vereis dat die verantwoordelike party een of beide van die volgende doen:

(a) Om bepaalde stappe binne 'n bepaalde tydperk in die kennisgewing vermeld te doen, of om sodanige stappe nie te doen nie; of

(b) om op te hou om persoonlike inligting in die kennisgewing vermeld, te prosesseer of om op te hou om persoonlike inligting vir 'n doel of op 'n wyse wat in die kennisgewing vermeld is, binne 'n tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, te prosesseer.

(2) 'n Afdwingingskennisgewing moet—

(a) 'n verklaring wat die aard van die inmenging met die beskerming van die persoonlike inligting van die datasubjek en die redes vir daardie afleiding aandui; en

(b) besonderhede van die reg tot appèl deur artikel 97 verleen,

bevat.

(3) Behoudens subartikel (4), kan 'n afdwingingskennisgewing nie vereis dat enige van die bepalings van die kennisgewing nagekom word voor die einde van die tydperk waarbinne 'n appèl teen die kennisgewing aangeteken kan word nie en, indien sodanige appèl aangeteken word, hoef die kennisgewing terwyl die vasstelling of terugtrekking van die appèl nog hangende is, nie aan voldoen te word nie.

(4) Indien die Reguleerder van mening is dat voldoening aan 'n afdwingingskennisgewing as 'n saak van dringendheid vereis word, kan die Reguleerder 'n verklaring te dien effekte, en 'n verklaring van die Reguleerder se redes vir die afleiding, in die kennisgewing invoeg, en in daardie geval geld subartikel (3) nie.

(5) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (4) mag nie vereis dat enige van die bepalings van die kennisgewing aan voldoen word nie voor die einde van 'n tydperk van drie dae vanaf die dag waarop die kennisgewing beteken is.

Cancellation of enforcement notice

96. (1) A responsible party on whom an enforcement notice has been served may, at any time after the expiry of the period during which an appeal may be brought against that notice, apply in writing to the Regulator for the cancellation or variation of that notice on the ground that, by reason of a change of circumstances, all or any of the provisions of that notice need not be complied with in order to ensure compliance with the conditions for the lawful processing of personal information.

(2) If the Regulator considers that all or any of the provisions of an enforcement notice need not be complied with in order to ensure compliance with a condition for the lawful processing of personal information or conditions to which it relates, it may cancel or vary the notice by written notice to the responsible party on whom it was served.

Right of appeal

97. (1) A responsible party on whom an information or enforcement notice has been served may, within 30 days of receiving the notice, appeal to the High Court having jurisdiction for the setting aside or variation of the notice.

(2) A complainant, who has been informed of the result of the investigation in terms of section 77(3) or 96, may, within 180 days of receiving the result, appeal to the High Court having jurisdiction against the result.

Consideration of appeal

98. (1) If in an appeal under section 97 the court considers—

(a) that the notice or decision against which the appeal is brought is not in accordance with the law; or

(b) that the notice or decision involved an exercise of discretion by the Regulator that ought to have been exercised differently,

the court must allow the appeal and may set aside the notice or substitute such other notice or decision as should have been served or made by the Regulator.

(2) In such an appeal, the court may review any determination of fact on which the notice in question was based.

Civil remedies

99. (1) A data subject or, at the request of the data subject, the Regulator, may institute a civil action for damages in a court having jurisdiction against a responsible party for breach of any provision of this Act as referred to in section 73, whether or not there is intent or negligence on the part of the responsible party.

(2) In the event of a breach the responsible party may raise any of the following defences against an action for damages:

(a) *Vis major*;

(b) consent of the plaintiff;

(c) fault on the part of the plaintiff;

(d) compliance was not reasonably practicable in the circumstances of the particular case; or

(e) the Regulator has granted an exemption in terms of section 37.

(3) A court hearing proceedings in terms of subsection (1) may award an amount that is just and equitable, including—

(a) payment of damages as compensation for patrimonial and non-patrimonial loss suffered by a data subject as a result of breach of the provisions of this Act;

(b) aggravated damages, in a sum determined in the discretion of the Court;

(c) interest; and

Kansellasie van afdwingingskennisgewing

96. (1) 'n Verantwoordelike party op wie 'n afdwingingskennisgewing beteken is kan, te eniger tyd na die verstryking van die tydperk waarbinne 'n appèl teen die kennisgewing aangeteken kan word, skriftelik by die Reguleerder aansoek doen om die kansellasie of wysiging van daardie kennisgewing op grond daarvan dat, weens 'n verandering in omstandighede, alle of sommige van die bepalings van daardie kennisgewing nie hoef nagekom te word ten einde voldoening aan die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting te verseker nie.

(2) Indien die Reguleerder van mening is dat alle of sommige van die bepalings van die afdwingingskennisgewing nie aan voldoen hoef te word nie ten einde voldoening aan 'n voorwaarde vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting of voorwaardes waarmee dit verband hou, te verseker, kan die Reguleerder die kennisgewing by wyse van skriftelike kennisgewing aan die verantwoordelike party op wie dit beteken is, kanselleer of wysig.

Reg tot appèl

97. (1) 'n Verantwoordelike party op wie 'n inligtings- of afdwingingskennisgewing beteken is, kan, binne 30 dae nadat die kennisgewing ontvang is, 'n appèl vir die tersydestelling of wysiging van die kennisgewing aanteken by die Hooggeregshof wat met regsbevoegdheid beklee is.

(2) 'n Klaer of klaagster, wat van die uitslag van 'n ondersoek ingevolge artikel 77(3) of 96 in kennis gestel is, kan, binne 180 dae nadat die uitslag ontvang is, 'n appèl teen die uitslag aanteken by die Hooggeregshof wat met regsbevoegdheid beklee is.

Oorweging van appèl

98. (1) Indien in 'n appèl kragtens artikel 97 die hof van oordeel is—

(a) dat die kennisgewing of besluit waarteen appèl aangeteken is nie in ooreenstemming met die reg is nie; of

(b) dat die kennisgewing of besluit 'n uitoefening van diskresie deur die Reguleerder behels het wat anders uitgeoefen moes wees,

moet die hof die appèl toestaan en kan die hof die kennisgewing tersyde stel of sodanige ander kennisgewing of besluit in die plek daarvan stel as wat die Reguleerder veronderstel was om te beteken of te neem.

(2) In sodanige appèl, kan die hof enige feitebevinding waarop die betrokke kennisgewing gebaseer is, hersien.

Siviele remedies

99. (1) 'n Datasubjek of, op versoek van 'n datasubjek, die Reguleerder, kan 'n siviele aksie vir skadevergoeding teen 'n verantwoordelike party instel in 'n hof wat met regsbevoegdheid beklee is vir die verbreking van enige bepaling van hierdie Wet soos by artikel 73 bedoel, hetsy daar opset of nalatigheid aan die kant van die verantwoordelike party is, al dan nie.

(2) In die geval van 'n verbreking kan die verantwoordelike party enige van die volgende verwere teen 'n aksie vir skadevergoeding opper:

(a) *Vis major*;

(b) toestemming van die eiser of eiseres;

(c) skuld aan die kant van die eiser of eiseres;

(d) voldoening in die omstandighede van die betrokke geval nie redelikerwys moontlik was nie; of

(e) die Reguleerder het 'n vrystelling ingevolge artikel 37 verleen.

(3) 'n Hof wat die verrigtinge ingevolge subartikel (1) aanhoor kan 'n bedrag wat regverdig en billik is toeken, met inbegrip van—

(a) betaling van skadevergoeding as vergoeding vir vermoëns- en nievermoëns-skade wat as gevolg van die verbreking van die bepalings van hierdie Wet deur die datasubjek gely is;

(b) verswarende skadevergoeding tot die bedrag wat ingevolge die diskresie van die hof vasgestel word;

(c) rente; en

(d) costs of suit on such scale as may be determined by the Court.

(4) Any amount awarded to the Regulator in terms of subsection (3) must be dealt with in the following manner:

(a) The full amount must be deposited into a specifically designated trust account established by the Regulator with an appropriate financial institution;

(b) as a first charge against the amount, the Regulator may recover all reasonable expenses incurred in bringing proceedings at the request of a data subject in terms of subsection (1) and in administering the distributions made to the data subject in terms of subsection (5); and

(c) the balance, if any (in this section referred to as the ''distributable balance''), must be distributed by the Regulator to the data subject at whose request the proceedings were brought.

(5) Any amount not distributed within three years from the date of the first distribution of payments in terms of subsection (4), accrue to the Regulator in the Regulator's official capacity.

(6) The distributable balance must be distributed on a pro rata basis to the data subject referred to in subsection (1).

(7) A Court issuing any order under this section must order it to be published in the *Gazette* and by such other appropriate public media announcement as the Court considers appropriate.

(8) Any civil action instituted under this section may be withdrawn, abandoned or compromised, but any agreement or compromise must be made an order of Court.

(9) If a civil action has not been instituted, any agreement or settlement, if any, may, on application to the Court by the Regulator after due notice to the other party, be made an order of Court and must be published in the *Gazette* and by such other public media announcement as the Court considers appropriate.

CHAPTER 11

OFFENCES, PENALTIES AND ADMINISTRATIVE FINES

Obstruction of Regulator

100. Any person who hinders, obstructs or unlawfully influences the Regulator or any person acting on behalf of or under the direction of the Regulator in the performance of the Regulator's duties and functions under this Act, is guilty of an offence.

Breach of confidentiality

101. Any person who contravenes the provisions of section 54, is guilty of an offence.

Obstruction of execution of warrant

102. Any person who—

(a) intentionally obstructs a person in the execution of a warrant issued under section 82; or

(b) fails without reasonable excuse to give any person executing such a warrant such assistance as he or she may reasonably require for the execution of the warrant,

is guilty of an offence.

Failure to comply with enforcement or information notices

103. (1) A responsible party which fails to comply with an enforcement notice served in terms of section 95, is guilty of an offence.

(2) A responsible party which, in purported compliance with an information notice served in terms of section 90—

(a) makes a statement knowing it to be false; or

(d) koste van die verrigtinge op sodanige skaal wat deur die hof vasgestel kan word.

(4) Enige bedrag wat kragtens subartikel (3) aan die Reguleerder toegeken is moet op die volgende wyse hanteer word:

(a) Die volle bedrag moet inbetaal word in ’n bepaalde aangewese trustrekening wat deur die Reguleerder by ’n gepaste finansiële instelling geskep is;

(b) as ’n eerste aftrekking teen die bedrag, kan die Reguleerder alle redelike uitgawes verhaal wat met die instelling van die verrigtinge op versoek van ’n datasubjek ingevolge subartikel (1) aangegaan is en in die administrasie van die uitkering wat aan die datasubjek ingevolge subartikel (5) gemaak is; en

(c) die balans, indien enige (in hierdie artikel na verwys as die ‘‘uitkeerbare balans’’) moet deur die Reguleerder aan die datasubjek op wie se versoek die verrigtinge gebring is, uitgekeer word.

(5) Enige bedrag wat nie binne drie jaar na die datum van die eerste uitkering van betalings ingevolge subartikel (4) uitgekeer is nie, val die Reguleerder in die Reguleerder se amptelike hoedanigheid toe.

(6) Die uitkeerbare balans moet op ’n *pro rata* basis aan die datasubjek bedoel in subartikel (1) uitgekeer word.

(7) ’n Hof wat enige bevel kragtens hierdie artikel uitvaardig moet beveel dat die bevel in die *Staatskoerant* en by wyse van sodanige geskikte openbare bekendmaking in die media, as wat die Hof as geskik beskou, openbaar gemaak word.

(8) ’n Siviele aksie wat kragtens hierdie artikel ingestel is, mag teruggetrek, laat vaar of bygelê word, maar ’n ooreenkoms of kompromie moet ’n bevel van die hof gemaak word.

(9) Indien ’n siviele aksie nie ingestel is nie, kan enige ooreenkoms of skikking, indien enige, by aansoek tot die Hof deur die Reguleerder, na behoorlike kennisgewing aan die ander party, ’n bevel van die Hof gemaak word en moet dit in die *Staatskoerant* en by wyse van sodanige ander openbare bekendmaking in die media as wat die Hof as geskik beskou, openbaar gemaak word.

HOOFSTUK 11

MISDRYWE, STRAWWE EN ADMINISTRATIEWE BOETES

Belemmering van Reguleerder

100. Enige persoon wat die Reguleerder, of enige persoon wat namens of kragtens die aanwysing van die Reguleerder optree, in die uitvoering van die Reguleerder se pligte of werksaamhede kragtens hierdie Wet, hinder, belemmer of onregmatig beïnvloed, is skuldig aan ’n misdryf.

Vertroulikheidsbreuk

101. Enige persoon wat die bepalings van artikel 54 oortree, is skuldig aan ’n misdryf.

Belemmering van uitvoering van lasbrief

102. Enige persoon wat—

(a) opsetlik ’n persoon in die uitvoering van ’n lasbrief wat kragtens artikel 82 uitgereik is, belemmer; of

(b) sonder ’n redelike verskoning versuim om aan ’n persoon wat sodanige lasbrief uitvoer sodanige bystand te verleen as wat hy of sy redelikerwys kan vereis vir die uitvoering van die lasbrief,

is skuldig aan ’n misdryf.

Versuim om aan afdwingings- of inligtingskennisgewings te voldoen

103. (1) ’n Verantwoordelike party wat versuim om aan ’n afdwingingskennisgewing wat kragtens artikel 95 beteken is, te voldoen, is skuldig aan ’n misdryf.

(2) ’n Verantwoordelike party wat, in beweerde nakoming van ’n inligtingskennisgewing wat ingevolge artikel 90 beteken is—

(a) ’n verklaring maak wetende dat dit vals is; of

(b) recklessly makes a statement which is false, in a material respect,
is guilty of an offence.

Offences by witnesses

104. (1) Any person summoned in terms of section 81 to attend and give evidence or to produce any book, document or object before the Regulator who, without sufficient cause fails—

(a) to attend at the time and place specified in the summons;
(b) to remain in attendance until conclusion of the proceedings or until he or she is excused by the Chairperson of the Regulator from further attendance;
(c) having attended, refuses to be sworn or to make an affirmation as witness after he or she has been required by the Chairperson of the Regulator to do so;
(d) having been sworn or having made an affirmation, to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him or her; or
(e) to produce any book, document or object in his or her possession or custody or under his or her control, which he or she has been summoned to produce,

is guilty of an offence.

(2) Any person who after having been sworn or having made an affirmation, gives false evidence before the Regulator on any matter, knowing such evidence to be false or not knowing or believing it to be true, is guilty of an offence.

Unlawful acts by responsible party in connection with account number

105. (1) A responsible party who contravenes the provisions of section 8 insofar as those provisions relate to the processing of an account number of a data subject is, subject to subsections (2) and (3), guilty of an offence.

(2) The contravention referred to in subsection (1) must—

(a) be of a serious or persistent nature; and
(b) likely cause substantial damage or distress to the data subject.

(3) The responsible party must—

(a) have known or ought to have known that—
(i) there was a risk that the contravention would occur; or
(ii) such contravention would likely cause substantial damage or distress to the data subject; and
(b) have failed to take reasonable steps to prevent the contravention.

(4) Whenever a responsible party is charged with an offence under subsection (1), it is a valid defence to such a charge to contend that he or she has taken all reasonable steps to comply with the provisions of section 8.

(5) **"Account number"**, for purposes of this section and section 106, means any unique identifier that has been assigned—

(a) to one data subject only; or
(b) jointly to more than one data subject,

by a financial or other institution which enables the data subject, referred to in paragraph *(a)*, to access his, her or its own funds or to access credit facilities or which enables a data subject, referred to in paragraph *(b)*, to access joint funds or to access joint credit facilities.

Unlawful acts by third parties in connection with account number

106. (1) A person who knowingly or recklessly, without the consent of the responsible party—

(a) obtains or discloses an account number of a data subject; or
(b) procures the disclosure of an account number of a data subject to another person,

is, subject to subsection (2), guilty of an offence.

(b) op roekelose wyse 'n verklaring maak wat, in 'n wesenlike opsig, vals is, is skuldig aan 'n misdryf.

Misdrywe deur getuies

104. (1) Enige persoon wat, ingevolge artikel 81 gebied is om voor die Reguleerder te verskyn en getuienis af te lê of enige boek, dokument of objek voor te lê, wat sonder voldoende rede—

(a) nalaat om op die tyd en plek wat in die dagvaarding vermeld is te verskyn;

(b) nalaat om teenwoordig te bly totdat die verrigtinge afgehandel is of totdat hy of sy deur die Voorsitter van die Reguleerder van verdere bywoning verskoon word;

(c) by bywoning, weier om ingesweer te word of om 'n bevestiging af te lê as getuie nadat hy of sy deur die Voorsitter van die Reguleerder vereis is om so te doen;

(d) nalaat om enige vraag wat regmatig aan hom of haar gestel word, nadat hy of sy ingesweer is of 'n bevestiging afgelê het, volledig en bevredigend te antwoord; of

(e) nalaat om enige boek, dokument of objek voor te lê wat in sy of haar besit of bewaring of onder sy of haar beheer is, wat hy of sy gebied is om voor te lê,

is skuldig aan 'n misdryf.

(2) Enige persoon wat, nadat hy of sy ingesweer is of 'n bevestiging afgelê het, valse getuienis voor die Reguleerder aangaande enige aangeleentheid aflê, wel wetende dat sodanige getuienis vals is of nie weet of glo dat dit waar is nie, is skuldig aan 'n misdryf.

Wederregtelike handelinge deur verantwoordelike party in verband met rekeningnommer

105. (1) 'n Verantwoordelike party wat die bepalings van artikel 8 oortree vir sover daardie bepalings op die prosessering van 'n rekeningnommer van 'n datasubjek betrekking het, is, behoudens subartikels (2) en (3), skuldig aan 'n misdryf.

(2) Die oortreding in subartikel (1) vermeld, moet—

(a) van 'n ernstige of voortdurende aard wees; en

(b) waarskynlik wesenlike skade of nood vir 'n datasubjek veroorsaak.

(3) Die verantwoordelike party moet—

(a) geweet het of behoort te geweet het dat—

(i) daar 'n risiko was dat die oortreding sou plaasvind; of

(ii) sodanige oortreding waarskynlik wesenlike skade of nood vir die datasubjek sou veroorsaak; en

(b) versuim het om redelike stappe te doen om die oortreding te voorkom.

(4) Wanneer 'n verantwoordelike party van 'n misdryf kragtens subartikel (1) aangekla word, is dit 'n geldige verweer ten opsigte van sodanige aanklag om aan te voer dat hy of sy alle redelike stappe gedoen het om aan die bepalings van artikel 8 te voldoen.

(5) **"Rekeningnommer"**, by die toepassing van hierdie artikel en artikel 106, beteken enige unieke identifiseerder wat toegewys is—

(a) slegs aan een datasubjek; of

(b) gesamentlik aan meer as een datasubjek,

deur 'n finansiële of ander instelling wat die datasubjek, in paragraaf *(a)* bedoel, in staat stel om toegang tot die datasubjek se eie fondse te verkry of om toegang tot kredietfasiliteite te verkry of wat 'n datasubjek, in paragraaf *(b)* bedoel, in staat stel om toegang tot gesamentlike fondse te verkry of om toegang tot gesamentlike kredietfasiliteite te verkry.

Wederregtelike handelinge deur derde partye in verband met rekeningnommer

106. (1) 'n Persoon wat bewustelik of op roekelose wyse, sonder die toestemming van die verantwoordelike party—

(a) 'n rekeningnommer van 'n datasubjek verkry of bekend maak; of

(b) die bekendmaking van 'n rekeningnommer van 'n datasubjek aan 'n ander persoon bewerkstellig,

is, behoudens subartikel (2), skuldig aan 'n misdryf.

(2) Whenever a person is charged with an offence under subsection (1), it is a valid defence to such a charge to contend that—

(a) the obtaining, disclosure or procuring of the account number was—
  (i) necessary for the purpose of the prevention, detection, investigation or proof of an offence; or
  (ii) required or authorised in terms of the law or in terms of a court order;
(b) he or she acted in the reasonable belief that he or she was legally entitled to obtain or disclose the account number or, as the case may be, to procure the disclosure of the account number to the other person;
(c) he or she acted in the reasonable belief that he or she would have had the consent of the responsible party if the responsible party had known of the obtaining, disclosing or procuring and the circumstances of it; or
(d) in the particular circumstances the obtaining, disclosing or procuring was in the public interest.

(3) A person who sells an account number which he or she has obtained in contravention of subsection (1), is guilty of an offence.

(4) A person who offers to sell the account number of a data subject which that person—

(a) has obtained; or
(b) subsequently obtained,

in contravention of subsection (1), is guilty of an offence.

(5) For the purposes of subsection (4), an advertisement indicating that an account number of a data subject is or may be for sale is an offer to sell the information.

Penalties

107. Any person convicted of an offence in terms of this Act, is liable, in the case of a contravention of—

(a) section 100, 103(1), 104(2), 105(1), 106(1), (3) or (4) to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 10 years, or to both a fine and such imprisonment; or
(b) section 59, 101, 102, 103(2) or 104(1), to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both a fine and such imprisonment.

Magistrate's Court jurisdiction to impose penalties

108. Despite anything to the contrary contained in any other law, a Magistrate's Court has jurisdiction to impose any penalty provided for in section 107.

Administrative fines

109. (1) If a responsible party is alleged to have committed an offence in terms of this Act, the Regulator may cause to be delivered by hand to that person (hereinafter referred to as the infringer) an infringement notice which must contain the particulars contemplated in subsection (2).

(2) A notice referred to in subsection (1) must—

(a) specify the name and address of the infringer;
(b) specify the particulars of the alleged offence;
(c) specify the amount of the administrative fine payable, which amount may, subject to subsection (10), not exceed R10 million;
(d) inform the infringer that, not later than 30 days after the date of service of the infringement notice, the infringer may—
  (i) pay the administrative fine;
  (ii) make arrangements with the Regulator to pay the administrative fine in instalments; or
  (iii) elect to be tried in court on a charge of having committed the alleged offence referred to in terms of this Act; and

(2) Waar 'n persoon van 'n misdryf ingevolge subartikel (1) aangekla word, is dit 'n geldige verweer ten opsigte van sodanige aanklag om aan te voer dat—

(a) die verkryging, bekendmaking of bewerkstelliging van die rekeningnommer—

(i) noodsaaklik is vir die oogmerk van die voorkoming, opsporing, ondersoek of bewys van 'n misdryf; of

(ii) vereis of gemagtig was ingevolge die reg of ingevolge 'n hofbevel;

(b) hy of sy in die redelike veronderstelling opgetree het dat hy of sy regtens daarop geregtig was om die rekeningnommer te verkry of bekend te maak of, na gelang van die geval, die bekendmaking van die rekeningnommer aan 'n ander persoon te bewerkstellig;

(c) hy of sy in die redelike veronderstelling opgetree het dat hy of sy die toestemming van die verantwoordelike party sou gehad het indien die verantwoordelike party van die verkryging, bekendmaking of bewerkstelliging en die omstandighede daarvan bewus sou wees; of

(d) in die besondere omstandighede die verkryging, bekendmaking of bewerkstelliging in die openbare belang was.

(3) 'n Persoon wat 'n rekeningnommer verkoop wat hy of sy in oortreding van subartikel (1) verkry het, is skuldig aan 'n misdryf.

(4) 'n Persoon wat aanbied om die rekeningnommer van 'n datasubjek te verkoop wat daardie persoon—

(a) verkry het; of

(b) daaropvolgend verkry het,

in oortreding van subartikel (1), is aan 'n misdryf skuldig.

(5) 'n Advertensie, by die toepassing van subartikel (4), waarin aangedui word dat 'n rekeningnommer van 'n datasubjek te koop is of te koop kan wees, is 'n aanbod om die inligting te verkoop.

Strawwe

107. Enige persoon wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is strafbaar in die geval van 'n oortreding van—

(a) artikel 100, 103(1), 104(2), 105(1), 106(1), (3) of (4), met 'n boete of met gevanggenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met beide 'n boete en so 'n gevanggenisstraf; of

(b) artikel 59, 101, 102, 103(2) of 104(1), met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met beide 'n boete en so 'n gevanggenisstraf.

Landdroshof het jurisdiksie om vonnisse op te lê

108. Ondanks enige andersluidende bepaling in enige ander wetsbepaling, het 'n Landdroshof jurisdiksie om enige straf in artikel 107 bedoel, op te lê.

Administratiewe boetes

109. (1) Indien beweer word dat 'n verantwoordelike party 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het, kan die Reguleerder 'n oortredingskennisgewing wat die besonderhede beoog in subartikel (2) moet bevat, per hand aan daardie persoon (hierna die oortreder genoem) laat oorhandig.

(2) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel moet—

(a) die naam en adres van die oortreder vermeld;

(b) die besonderhede van die beweerde misdryf vermeld;

(c) die bedrag van die administratiewe boete wat betaalbaar is vermeld, welke bedrag, behoudens subartikel (10), nie R10 miljoen mag oorskry nie;

(d) die oortreder verwittig dat, nie later as 30 dae na betekening van die oortredingskennisgewing nie, die oortreder—

(i) die administratiewe boete kan betaal;

(ii) reëlings met die Reguleerder kan tref om die administratiewe boete in paaiemente te betaal; of

(iii) 'n keuse kan uitoefen om in 'n hof vervolg te word vir die pleeg van die beweerde misdryf ingevolge hierdie Wet bedoel; en

(e) state that a failure to comply with the requirements of the notice within the time permitted, will result in the administrative fine becoming recoverable as contemplated in subsection (5).

(3) When determining an appropriate fine, the Regulator must consider the following factors:

(a) The nature of the personal information involved;
(b) the duration and extent of the contravention;
(c) the number of data subjects affected or potentially affected by the contravention;
(d) whether or not the contravention raises an issue of public importance;
(e) the likelihood of substantial damage or distress, including injury to feelings or anxiety suffered by data subjects;
(f) whether the responsible party or a third party could have prevented the contravention from occurring;
(g) any failure to carry out a risk assessment or a failure to operate good policies, procedures and practices to protect personal information; and
(h) whether the responsible party has previously committed an offence in terms of this Act.

(4) If an infringer elects to be tried in court on a charge of having committed the alleged offence in terms of this Act, the Regulator must hand the matter over to the South African Police Service and inform the infringer accordingly.

(5) If an infringer fails to comply with the requirements of a notice, the Regulator may file with the clerk or registrar of any competent court a statement certified by it as correct, setting forth the amount of the administrative fine payable by the infringer, and such statement thereupon has all the effects of a civil judgment lawfully given in that court in favour of the Regulator for a liquid debt in the amount specified in the statement.

(6) The Regulator may not impose an administrative fine contemplated in this section if the responsible party concerned has been charged with an offence in terms of this Act in respect of the same set of facts.

(7) No prosecution may be instituted against a responsible party if the responsible party concerned has paid an administrative fine in terms of this section in respect of the same set of facts.

(8) An administrative fine imposed in terms of this section does not constitute a previous conviction as contemplated in Chapter 27 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977).

(9) A fine payable in terms of this section must be paid into the National Revenue Fund referred to in section 213 of the Constitution.

(10) The Minister may, from time to time and after consultation with the Regulator, by notice in the *Gazette*, adjust the amount referred to in subsection (2)*(c)* in accordance with the average of the consumer price index, as published from time to time in the *Gazette*, for the immediately preceding period of 12 months multiplied by the number of years that the amount referred to in subsection (2)*(c)* has remained the same.

CHAPTER 12

GENERAL PROVISIONS

Amendment of laws

110. The laws mentioned in the Schedule are amended to the extent indicated in the third column of the Schedule.

Fees

111. (1) The Minister may, subject to section 113 and after consultation with the Regulator, prescribe fees to be paid by data subjects—

(a) to responsible parties as referred to in section 23(1)*(b)*(ii); and
(b) to the Regulator as referred to in section 63(3).

(e) vermeld dat die versuim om aan die vereistes van die kennisgewing binne die toegelate tydperk te voldoen, die gevolg sal hê dat die administratiewe boete soos in subartikel (5) beoog, verhaalbaar sal word.

(3) By die oorweging van 'n gepaste boete, moet die Reguleerder die volgende faktore in ag neem:

(a) Die aard van die persoonlike inligting wat betrokke is;

(b) die duur en omvang van die oortreding;

(c) die getal datasubjekte wat deur die oortreding geraak of moontlik geraak kan word;

(d) of die oortreding 'n saak van openbare belang ophaal;

(e) die moontlikheid van wesenlike skade of nood, met inbegrip van die krenking van die gevoelens van of kommer wat deur datasubjekte gely word;

(f) of die verantwoordelike party of 'n derde party die oortreding kon voorkom het;

(g) enige versuim om 'n risikobepaling uit te voer of 'n versuim om goeie beleid, prosedures en praktyke in plek te stel om persoonlike inligting te beskerm; en

(h) of die verantwoordelike party voorheen 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het.

(4) Indien 'n oortreder verkies om in 'n hof verhoor te word op 'n aanklag van die pleeg van 'n beweerde misdryf ingevolge hierdie Wet, moet die Reguleerder die aangeleentheid aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig en die oortreder dienooreenkomstig verwittig.

(5) Indien 'n oortreder versuim om aan die vereistes van 'n kennisgewing te voldoen, kan die Reguleerder by die klerk of Griffier van enige bevoegde hof 'n staat liasseer wat deur die Reguleerder as korrek gesertifiseer is, wat die bedrag wat die oortreder moet betaal uiteensit, welke staat al die gevolge het van 'n siviele bevel wat regmatig in daardie hof uitgereik is ten gunste van die Reguleerder vir 'n likwiede skuld in die bedrag in die staat vermeld.

(6) Die Reguleerder kan nie 'n administratiewe boete in hierdie artikel beoog, oplê nie indien die betrokke verantwoordelike party van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet ten opsigte van dieselfde feitestel aangekla is.

(7) Geen vervolging kan teen 'n verantwoordelike party ingestel word nie indien die betrokke verantwoordelike party ten opsigte van dieselfde feitestel 'n administratiewe boete ingevolge hierdie artikel betaal het.

(8) 'n Administratiewe boete wat ingevolge hierdie artikel opgelê word vestig nie 'n vorige veroordeling soos in Hoofstuk 27 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), beoog, nie.

(9) 'n Boete wat ingevolge hierdie artikel betaalbaar is moet in die Nasionale Inkomstefonds in artikel 213 van die Grondwet bedoel, inbetaal word.

(10) Die Minister kan, van tyd tot tyd en na oorlegpleging met die Reguleerder, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die bedrag in subartikel (2)*(c)* bedoel, aanpas ooreenkomstig die gemiddeld van die verbruikersprysindeks, soos van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* gepubliseer, vir die onmiddellik voorafgaande tydperk van 12 maande vermenigvuldig met die aantal jare wat die bedrag in subartikel (2)*(c)* bedoel onveranderd gebly het.

HOOFSTUK 12

ALGEMENE BEPALINGS

Wysiging van Verordeninge

110. Die wette vermeld in die Bylae word gewysig tot die mate in die derde kolom van die Bylae aangedui.

Gelde

111. (1) Die Minister kan, behoudens artikel 113 en na oorlegpleging met die Reguleerder, gelde voorskryf wat deur datasubjekte—

(a) aan verantwoordelike partye soos in artikel 23(1)*(b)*(ii) bedoel; en

(b) aan die Reguleerder soos in artikel 63(3) bedoel,

betaal moet word.

(2) Different fees may be prescribed in respect of different categories of responsible parties and data subjects referred to in subsection (1)*(a)* and *(b)*, respectively.

Regulations

112. (1) The Minister may, subject to section 113, make regulations relating to—
(a) the establishment of the Regulator; and
(b) fees referred to in section 111(1).
(2) The Regulator may, subject to section 113, make regulations relating to—
(a) the manner in terms of which a data subject may object to the processing of personal information as referred to in section 11(3);
(b) the manner in which a data subject may submit a request to a responsible party as referred to in section 24(1);
(c) the processing of health information by certain responsible parties as referred to in section 32(6);
(d) the responsibilities of information officers as referred to in section 55(1)*(e)*;
(e) the form in terms of which an application for a code of conduct must be submitted to the Regulator as referred to in section 61(1)*(b)*;
(f) the manner and form within which the data subject's consent must be requested as referred to in section 69(2)
(g) the manner and form in terms of which a complaint must be submitted in terms of section 74;
(h) the Regulator acting as conciliator in relation to any interference with the protection of personal information as referred to in section 76(1)*(b)*;
(i) the notification of the parties concerned of an investigation to be conducted as referred to in section 79;
(j) the settlement of complaints as referred to in section 80;
(k) the manner in which an assessment of the processing of personal information will be made as referred to in section 89(1);
(l) the manner in terms of which the parties concerned must be informed of the developments during and result of an investigation as referred to in section 94; and
(m) matters incidental to the imposition of administrative fines as referred to in section 109.

Procedure for making regulations

113. (1) The Minister, before making or amending any regulations referred to in section 112(1), must publish a notice in the *Gazette*—
(a) setting out that draft regulations have been developed;
(b) specifying where a copy of the draft regulations may be obtained; and
(c) inviting written comments to be submitted on the proposed regulations within a specified period.
(2) After complying with subsection (1) and after consultation with the Regulator in respect of the draft regulations referred to in section 112, the Minister may—
(a) amend the draft regulations; and
(b) subject to subsection (5), publish the regulations in final form in the *Gazette*.
(3) The Regulator, before making or amending any regulations referred to in section 112(2), must publish a notice in the *Gazette*—
(a) setting out that draft regulations have been developed;
(b) specifying where a copy of the draft regulations may be obtained; and
(c) inviting written comments to be submitted on the proposed regulations within a specified period.
(4) After complying with subsection (3), the Regulator may—
(a) amend the draft regulations; and

(2) Verskillende gelde kan ten opsigte van verskillende kategorieë van verantwoordelike partye en datasubjekte onderskeidelik in subartikel (1)*(a)* en *(b)* bedoel, voorgeskryf word.

Regulasies

112. (1) Die Minister kan, behoudens artikel 113, regulasies uitvaardig met betrekking tot—

(a) die instelling van die Reguleerder; en

(b) gelde in artikel 111(1) bedoel.

(2) Die Reguleerder kan, behoudens artikel 113, regulasies uitvaardig met betrekking tot—

(a) die wyse waarop ’n datasubjek kan beswaar maak teen die prosessering van persoonlike inligting soos in artikel 11(3) bedoel;

(b) die wyse waarop ’n datasubjek ’n versoek aan ’n verantwoordelike party kan rig soos in artikel 24(1) bedoel;

(c) die prosessering van gesondheidsinligting deur sekere verantwoordelike partye soos in artikel 32(6) bedoel;

(d) die verantwoordelikhede van inligtingsbeamptes soos in artikel 55(1)*(e)* bedoel;

(e) die vorm ingevolge waarvan ’n aansoek om ’n gedragskode by die Reguleerder ingehandig moet word soos in artikel 61(1)*(b)* bedoel;

(f) die wyse waarop en die vorm waarin die datasubjek se toestemming versoek moet word soos in artikel 69(2) bedoel;

(g) die wyse en vorm ingevolge waarvan ’n klagte ingedien moet word soos in artikel 74 bedoel;

(h) optrede deur die Reguleerder as konsiliator met betrekking tot enige inmenging met die beskerming van persoonlike inligting soos in artikel 76(1)*(b)* bedoel;

(i) die kennisgewing aan die betrokke partye van ’n ondersoek wat onderneem gaan word soos in artikel 79 bedoel;

(j) die beslegting van klagtes soos in artikel 80 bedoel;

(k) die wyse waarop ’n oudit van die prosessering van persoonlike inligting gedoen sal word soos in artikel 89(1) bedoel;

(l) die wyse ingevolge waarvan die betrokke partye van die verloop tydens en die uitslag van ’n ondersoek verwittig moet word soos in artikel 94 bedoel; en

(m) aangeleenthede wat met die oplegging van administratiewe boetes verband hou soos in artikel 109 bedoel.

Prosedure vir uitvaardiging van regulasies

113. (1) Die Minister, alvorens enige regulasies soos in artikel 112(1) bedoel, uitgevaardig of gewysig word, moet ’n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer wat—

(a) vermeld dat konsepregulasies ontwikkel is;

(b) aandui waar ’n afskrif van die konsepregulasies verkry kan word; en

(c) ’n versoek rig dat skriftelike kommentaar op die voorgestelde regulasies binne ’n bepaalde tydperk ingedien word.

(2) Die Minister, by voldoening aan subartikel (1) en na oorlegpleging met die Reguleerder, kan—

(a) die konsepregulasies wysig; en

(b) die regulasies, behoudens subartikel (5), in finale formaat in die *Staatskoerant* publiseer.

(3) Die Reguleerder, alvorens enige regulasies soos in artikel 112(2) bedoel, uitgevaardig of gewysig word, moet ’n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer wat—

(a) vermeld dat konsepregulasies ontwikkel is;

(b) aandui waar ’n afskrif van die konsepregulasies verkry kan word; en

(c) ’n versoek rig dat skriftelike kommentaar op die voorgestelde regulasies binne ’n bepaalde tydperk ingedien word.

(4) Die Reguleerder, by voldoening aan subartikel (3), kan—

(a) die konsepregulasies wysig; en

(b) subject to subsection (5), publish the regulations in final form in the *Gazette*.

(5) *(a)* The Minister or the Regulator, as the case may be, must, within 30 days before publication of the regulations in the *Gazette*, as referred to in subsection (2)*(b)* or (4)*(b)*, table them in Parliament.

		(a) op die webtuiste, indien enige, van die privaatliggaam; *(b)* by die hoof plek van besigheid van die privaatliggaam vir openbare inspeksie tydens normale sake-ure; *(c)* aan enige persoon op versoek en by betaling van 'n redelike bedrag; en *(d)* aan die Inligtingsreguleerder op versoek.''. **13.** Die wysiging van artikel 52— *(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: ''(1) Die hoof van 'n privaatliggaam **[moet]** kan op 'n vrywillige **[en periodieke]** grondslag **[by die Minister]** op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing **[indien]** beskikbaar stel van—''; *(b)* deur subartikel (2) te skrap; en *(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: ''(3) Die enigste geld (indien enige) betaalbaar vir toegang tot 'n rekord**[, wat in 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) ingesluit is,]** in subartikel (1) bedoel, is voorgeskrewe gelde vir reproduksie.''. **14.** Die wysiging van artikel 54— *(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: ''(1) Die hoof van 'n privaatliggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker**[, behalwe 'n persoonlike versoeker,]** vereis om die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) te betaal voordat die versoek verder geprosesseer word.''; *(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: ''(2) Indien— *(a)* die soektog na 'n rekord van 'n privaatliggaam ten opsigte waarvan 'n versoek om toegang deur 'n versoeker**[, behalwe 'n persoonlike versoeker,]** gedoen is; en *(b)* die voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking (insluitende enige reëlings beoog in artikel 29(2)*(a)* en *(b)*(i) en (ii)*(aa)*), na die oordeel van die hoof van die betrokke privaatliggaam meer as die ure sou neem wat vir hierdie doel vir versoekers voorgeskryf is, moet die hoof by kennisgewing van die versoeker**[, behalwe 'n persoonlike versoeker,]** vereis om die voorgeskrewe gedeelte (synde hoogstens een derde) van die toegangsgelde wat betaalbaar sou wees indien die versoek toegestaan word as 'n deposito te betaal.''; en

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		(c) paragraphs *(b)* and *(c)* of subsection (3) of the following paragraphs: "*(b)* that the requester may lodge a complaint to the Information Regulator or an application with a court against the tender or payment of the request fee in terms of subsection (1), or the tender or payment of a deposit in terms of subsection (2), as the case may be; and *(c)* the procedure (including the period) for lodging the complaint to the Information Regulator or the application.". **15.** The amendment of section 56 by the— *(a)* substitution for paragraph *(c)* of subsection (2) of the following paragraph between: "*(c)* that the requester may lodge a complaint to the Information Regulator or an application with a court against the access fee to be paid or the form of access granted, and the procedure, including the period allowed, for lodging a complaint to the Information Regulator or the application."; and *(b)* substitution for paragraph *(c)* of subsection (3) of the following paragraph: "*(c)* state that the requester may lodge a complaint to the Information Regulator an application with a court against the refusal of the request, and the procedure (including the period) for lodging a complaint to the Information Regulator or the application.". **16.** The amendment of section 57 by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (3) of the following paragraph: "*(c)* that the requester may lodge a complaint to the Information Regulator or an application with a court against the extension, and the procedure (including the period) for lodging the application.". **17.** The amendment of section 73 by the— *(a)* substitution for paragraphs *(b)* and *(c)* of subsection (3) of the following paragraphs: "*(b)* that the third party may lodge a complaint to the Information Regulator or an application with a court against the decision of the head within 30 days after notice is given, and the procedure for lodging the complaint to the Information Regulator or the application; and

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		(c) deur paragrawe *(b)* en *(c)* in subartikel (3) deur die volgende paragrawe te vervang: "*(b)* vermeld dat die versoeker 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof kan indien teen die aanbied of betaling van die versoekgeld ingevolge subartikel (1), of die aanbied of betaling van 'n deposito ingevolge subartikel (2), na gelang van die geval; en *(c)* die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indien van 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek vermeld.". **15.** Die wysiging van artikel 56— *(a)* deur paragraaf *(c)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: "*(c)* meld dat die versoeker 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof kan indien, teen die toegangsgelde wat betaal moet word of die vorm van toegang wat toegestaan is, en die prosedure, met inbegrip van die tydperk wat toegelaat word, vir die indien van 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of die aansoek."; en *(b)* deur paragraaf *(c)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang: "*(c)* meld dat die versoeker 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof kan indien, teen die weiering van die versoek, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indien van 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of vir die indien van die aansoek.". **16.** Die wysiging van artikel 57 deur paragraaf *(c)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang: "*(c)* meld dat die versoeker 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof kan indien, teen die verlenging, en die prosedure (insluitende die tydperk) vir die indien van die aansoek.". **17.** Die wysiging van artikel 73— *(a)* deur paragrawe *(b)* en *(c)* in subartikel (3) deur die volgende paragrawe te vervang: "*(b)* meld dat die derde party 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof teen die besluit kan indien, binne 30 dae nadat kennis gegee is, en die prosedure vir indiening van 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of van die aansoek; en

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		(c) that the requester will be given access to the record after the expiry of the applicable period contemplated in paragraph *(b)*, unless a complaint to the Information Regulator or an application with a court is lodged within that period.''; and *(b)* substitution of subsection (4) of the following subsection: ''(4) If the head of the private body decides in terms of subsection (1) to grant the request for access concerned, he or she must give the requester access to the record concerned after the expiry of 30 days after notice is given in terms of subsection (1)*(b)*, unless a complaint to the Information Regulator or an application with a court is lodged against the decision within that period.''. **18.** The amendment of Chapter 1 of Part 4 by the insertion after section 77 of the following sections: **"CHAPTER 1A** **COMPLAINTS TO REGULATOR** **Complaints** **77A.** (1) A requester or third party referred to in section 74 may only submit a complaint to the Information Regulator in terms of this section after that requester or third party has exhausted the internal appeal procedure against a decision of the information officer of a public body provided for in section 74. (2) A requester— *(a)* that has been unsuccessful in an internal appeal to the relevant authority of a public body; *(b)* aggrieved by a decision of the relevant authority of a public body to disallow the late lodging of an internal appeal in terms of section 75(2); *(c)* aggrieved by a decision of the information officer of a public body referred to in paragraph *(b)* of the definition of 'public body' in section 1— (i) to refuse a request for access; or (ii) taken in terms of section 22, 26(1) or 29(3); or *(d)* aggrieved by a decision of the head of a private body— (i) to refuse a request for access; or (ii) taken in terms of section 54, 57(1) or 60, may within 180 days of the decision, submit a complaint, alleging that the decision was not in compliance with this Act, to the Information Regulator in the prescribed manner and form for appropriate relief.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		(c) meld dat die versoeker toegang tot die rekord verleen sal word na verstryking van die toepaslike tydperk beoog in paragraaf *(b)*, tensy 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek binne daardie tydperk by 'n hof ingedien word.''; en *(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: ''(4) Indien die hoof van 'n privaatliggaam ingevolge subartikel (1) besluit om die betrokke versoek om toegang toe te staan, moet hy of sy na verstryking van 30 dae nadat daar ingevolge subartikel (1)*(b)* kennis gegee is, toegang tot die rekord aan die versoeker verleen, tensy 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek binne daardie tydperk by 'n hof ingedien is.''. **18.** Die wysiging van Hoofstuk 1 van Deel 4 deur die volgende artikels na artikel 77 in te voeg: ''**HOOFSTUK 1A** **KLAGTES TOT REGULEERDER** **Klagtes** **77A.** (1) 'n Versoeker of derde party in artikel 74 bedoel kan alleenlik 'n klagte by die Inligtingsreguleerder ingevolge hierdie artikel indien nadat daardie versoeker of derde party die interne appèlprosedure teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam in artikel 74 bedoel, uitgeput het. (2) 'n Versoeker wat— *(a)* onsuksesvol was met 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam; *(b)* veronreg voel deur 'n besluit van die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam om nie die laat aantekening van 'n interne appèl ingevolge artikel 75(2) toe te laat nie; *(c)* veronreg voel deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam in paragraaf *(b)* bedoel van die omskrywing van 'openbare liggaam' in artikel 1— (i) om 'n versoek om toegang te weier; of (ii) ingevolge artikel 22, 26(1) of 29(3) geneem; of *(d)* veronreg voel deur 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam— (i) om 'n versoek om toegang te weier; of (ii) geneem ingevolge artikel 54, 57(1) of 60, kan binne 180 dae na die besluit, 'n klagte vir gepaste regshulp op die voorgeskrewe wyse en vorm by die Inligtingsreguleerder indien waarin beweer word dat die besluit nie aan hierdie Wet voldoen het nie.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		(3) A third party— *(a)* that has been unsuccessful in an internal appeal to the relevant authority of a public body; *(b)* aggrieved by a decision of the information officer of a public body referred to in paragraph *(b)* of the definition of 'public body' in section 1 to grant a request for access; or *(c)* aggrieved by a decision of the head of a private body in relation to a request for access to a record of that body, may within 180 days of the decision, submit a complaint, alleging that the decision was not in compliance with this Act, to the Information Regulator in the prescribed manner and form for appropriate relief. **Modes of complaints to Regulator** **77B.** (1) A complaint to the Information Regulator must be made in writing. (2) The Information Regulator must give such reasonable assistance as is necessary in the circumstances to enable a person, who wishes to make a complaint to the Information Regulator, to put the complaint in writing. **Action on receipt of complaint** **77C.** (1) The Information Regulator, after receipt of a complaint made in terms of section 77A, must— *(a)* investigate the complaint in the prescribed manner; *(b)* refer the complaint to the Enforcement Committee established in terms of section 50 of the Protection of Personal Information Act, 2013; or *(c)* decide, in accordance with section 77D, to take no action on the complaint or, as the case may be, require no further action in respect of the complaint. (2) During the investigation the Information Regulator may— *(a)* act, where appropriate, as conciliator in relation to such complaint in the prescribed manner; or *(b)* take such further action as is contemplated by this Chapter. (3) The Information Regulator must, as soon as is reasonably practicable, after receipt of a complaint, advise the complainant and the information officer or head of a private body, as the case may be, to whom the complaint relates of the course of action that the Information Regulator proposes to adopt under subsection (1).

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		(3) 'n Derde party wat— *(a)* onsuksesvol was in 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam; *(b)* veronreg voel deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam in paragraaf *(b)* van die omskrywing van 'openbare liggaam' in artikel 1 bedoel, om 'n versoek om toegang toe te staan; of *(c)* veronreg voel deur 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam in verband met 'n versoek om toegang tot 'n rekord van daardie liggaam, kan binne 180 dae na die besluit, 'n klagte vir gepaste regshulp op die voorgeskrewe wyse en vorm by die Inligtingsreguleerder indien waarin beweer word dat die besluit nie aan hierdie Wet voldoen het nie. **Wyse van klagtes tot Reguleerder** **77B.** (1) 'n Klagte tot die Inligtingsreguleerder moet skriftelik ingedien word. (2) Die Inligtingsreguleerder moet sodanige redelike bystand verleen wat in die omstandighede noodsaaklik is om 'n persoon, wat 'n klagte by die Inligtingsreguleerder wil indien, in staat te stel om die klagte op skrif te stel. **Stappe by ontvangs van klagte** **77C.** (1) Die Inligtingsreguleerder, na ontvangs van 'n klagte wat ingevolge artikel 77A ingedien is, moet— *(a)* die klagte op die voorgeskrewe wyse ondersoek; *(b)* die klagte na die Afdwingingskomitee ingestel ingevolge artikel 50 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, verwys; of *(c)* ooreenkomstig artikel 77D, besluit om geen stappe ten opsigte van die klagte te doen nie of, na gelang van die geval, geen verdere stappe ten opsigte van die klagte te vereis nie. (2) Tydens die ondersoek kan die Inligtingsreguleerder— *(a)* waar geskik, op die voorgeskrewe wyse as konsiliator optree met betrekking tot sodanige klagte; of *(b)* sodanige verdere stappe doen soos by hierdie Hoofstuk beoog. (3) Die Inligtingsreguleerder moet, so gou soos redelikerwys moontlik is, na ontvangs van 'n klagte, die klaer of klaagster en die inligtingsbeampte of hoof van 'n privaatliggaam, na gelang van die geval, met wie die klagte verband hou, verwittig van die stappe wat die Inligtingsreguleerder beoog om ingevolge subartikel (1) te doen.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		Regulator may decide to take no action on complaint **77D.** (1) The Information Regulator, after investigating a complaint received in terms of section 77A, may decide to take no action or, as the case may be, require no further action in respect of the complaint if, in the Information Regulator's opinion— *(a)* the complaint has not been submitted within the period referred to in section 77A(2) and there are no reasonable grounds to condone the late submission; *(b)* the complaint is frivolous or vexatious or is not made in good faith; or *(c)* it appears to the Information Regulator that, having regard to all the circumstances of the case, any further action is unnecessary or inappropriate. (2) In any case where the Information Regulator decides to take no action, or no further action, on a complaint, the Information Regulator must inform the complainant of that decision and the reasons for it. **Pre-investigation proceedings of Regulator** **77E.** Before proceeding to investigate any matter in terms of this Chapter, the Information Regulator must, in the prescribed manner, inform— *(a)* the complainant of the Information Regulator's intention to conduct the investigation; and *(b)* the information officer of the public body or the head of the private body, as the case may be, to whom the complaint relates of the— (i) details of the complaint; and (ii) right of the information officer or the head to submit to the Information Regulator, within a reasonable period, a written response in relation to the complaint. **Settlement of complaints** **77F.** If it appears from a complaint, or any written response made in relation to a complaint under section 77E*(b)*(ii), that it may be possible to secure a settlement between the parties concerned, the Information Regulator may, without investigating the complaint or, as the case may be, investigating the complaint further, in the prescribed manner, use its best endeavours to secure such a settlement.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		Reguleerder kan besluit om geen stappe aangaande klagte te doen nie **77D.** (1) Die Inligtingsreguleerder kan, na die ondersoek van 'n klagte wat ingevolge artikel 77A ontvang is, besluit om geen stappe te doen nie of, na gelang van die geval, geen verdere stappe ten opsigte van die klagte te vereis nie, indien, na oordeel van die Inligtingsreguleerder— *(a)* die klagte nie binne die tydperk in artikel 77A(2) bedoel ingedien is nie en daar geen redelike gronde is om die laat indiening te kondoneer nie; *(b)* die klagte beuselagtig of kwelsugtig is of nie in goeie trou gemaak is nie; of *(c)* dit vir die Reguleerder blyk dat, met inagneming van al die omstandighede van die geval, enige verdere stappe onnodig of onvanpas is. (2) In enige geval waar die Inligtingsreguleerder besluit om geen stappe of geen verdere stappe ten opsigte van die klagte te doen nie, moet die Inligtingsreguleerder die klaer of klaagster van daardie besluit, en die redes daarvoor, verwittig. **Vooraf-ondersoek verrigtinge van Reguleerder** **77E.** Alvorens voortgegaan word om 'n aangeleentheid kragtens hierdie Hoofstuk te ondersoek, moet die Inligtingsreguleerder, op die voorgeskrewe wyse— *(a)* die klaer of klaagster verwittig van die Inligtingsreguleerder se voorneme om die ondersoek te onderneem; en *(b)* die inligtingsbeampte van die openbare liggaam of die hoof van die privaatliggaam, na gelang van die geval, met wie die klagte verband hou, van die— (i) besonderhede van die klagte; en (ii) die inligtingsbeampte of hoof se reg om, binne 'n redelike tydperk, 'n skriftelike antwoord met betrekking tot die klagte aan die Inligtingsreguleerder voor te lê, verwittig. **Skikking van klagtes** **77F.** Indien dit uit 'n klagte, of enige skriftelike antwoord wat met betrekking tot 'n klagte kragtens artikel 77E*(b)*(ii) voorgelê is, blyk dat dit moontlik kan wees om 'n skikking tussen die betrokke partye te bewerkstellig, kan die Inligtingsreguleerder, sonder om die klagte te ondersoek of, na gelang van die geval, die klagte verder te ondersoek, op die voorgeskrewe wyse, tot die beste van die Reguleerder se vermoë, pogings aanwend om sodanige skikking te bewerkstellig.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		Investigation proceedings of Regulator **77G.** (1) For the purposes of the investigation of a complaint the Information Regulator has powers similar to those of the High Court in terms of section 80 relating to the disclosure of records to it and non-disclosure of records by it. (2) Section 81 of the Protection of Personal Information Act, 2013, applies to the investigation of complaints in terms of this Chapter. **Assessment** **77H.** (1) The Information Regulator, on its own initiative, or at the request by or on behalf of an information officer or head of a private body or any other person may make an assessment in the manner prescribed of whether a public or private body generally complies with the provisions of this Act insofar as its policies and implementation procedures are concerned. (2) The Information Regulator must make the assessment if it appears to be appropriate, unless, where the assessment is made on request, the Information Regulator has not been supplied with such information as it may reasonably require in order to— *(a)* satisfy itself as to the identity of the person making the request; and *(b)* enable it to identify the private or public body concerned. (3) The matters to which the Information Regulator may have regard in determining whether it is appropriate to make an assessment include— *(a)* the extent to which the request appears to it to raise a matter of substance; *(b)* determining that the request is not frivolous or vexatious; and *(c)* whether or not the person making the request is entitled to make an application in terms of this Act in respect of the information in question. (4) If the Information Regulator has received a request under this section it must notify the person referred to in subsection (1)— *(a)* whether it has made an assessment as a result of the request; and *(b)* of any view formed or action taken as a result of the request.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		Ondersoekverrigtinge van Reguleerder **77G.** (1) Vir die doeleindes van die ondersoek van 'n klagte, het die Inligtingsreguleerder bevoegdhede soortgelyk aan die bevoegdhede van die Hooggeregshof ingevolge artikel 80 met betrekking tot die bekendmaking van rekords aan die Inligtingsreguleerder en niebekendmaking deur die Inligtingsreguleerder. (2) Artikel 81 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, is van toepassing op die ondersoek van klagtes ingevolge hierdie Hoofstuk. **Oudit** **77H.** (1) Die Inligtingsreguleerder kan, uit eie beweging of op versoek deur of namens 'n inligtingsbeampte of hoof van 'n privaatliggaam of enige ander persoon, 'n oudit op die voorgeskrewe wyse doen om te bepaal of 'n openbare of privaatliggaam oor die algemeen aan die bepalings van hierdie Wet voldoen vir sover dit die liggaam se beleid en implementeringsprosedures aangaan. (2) Die Inligtingsreguleerder moet die oudit doen indien dit blyk gepas te wees, tensy, waar die oudit op versoek gedoen word, die Inligtingsreguleerder nie van sodanige inligting voorsien is nie as wat die Inligtingsreguleerder redelikerwys kan benodig ten einde die Inligtingsreguleerder— *(a)* self te oortuig met betrekking tot die identiteit van die persoon wat die versoek rig; en *(b)* in staat te stel om die betrokke openbare of privaatliggaam te identifiseer. (3) Die aangeleenthede waaraan die Inligtingsreguleerder oorweging mag skenk ten einde vas te stel of dit gepas is om 'n oudit uit te voer, behels ook— *(a)* die mate waartoe die versoek vir die Inligtingsreguleerder blyk 'n wesenlike aangeleentheid op te werp; *(b)* of die versoek nie beuselagtig of kwelsugtig is nie; en *(c)* of die persoon wat die versoek rig daarop geregtig is om 'n aansoek ingevolge hierdie Wet oor die betrokke inligting te rig, of nie. (4) Indien die Inligtingsreguleerder 'n versoek kragtens hierdie artikel ontvang het, moet die Reguleerder die persoon in subartikel (1) bedoel in kennis stel— *(a)* of die Reguleerder 'n oudit as gevolg van die versoek gedoen het; en *(b)* oor enige standpunt ingeneem of stappe gedoen as gevolg van die versoek.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		Information Notice **77I.** (1) For the purposes of the investigation of a complaint the Information Regulator may serve the information officer or head of a private body with an information notice requiring said party to furnish the Information Regulator, within a specified period, in a form specified in the notice, with the information specified in the notice. (2) An information notice in terms of sub-section (1) must be accompanied by— *(a)* reasons for the issuing of the notice; and *(b)* particulars of the right to appeal conferred by section 78(4). (3) Section 90(3) to (9) of the Protection of Personal Information Act, 2013, applies to the serving of an information notice in terms of this Chapter. **Enforcement Notice** **77J.** (1) The Information Regulator, after having considered the recommendation of the Enforcement Committee, may serve the information officer of a public body or the head of a private body with an enforcement notice— *(a)* confirming, amending or setting aside the decision which is the subject of the complaint; or *(b)* requiring the said officer or head to take such action or to refrain from taking such action as the Information Regulator has specified in the notice. (2) A notice in terms of subsection (1) must be accompanied by— *(a)* reasons for the notice; and *(b)* particulars of the right to make an application to court conferred by Chapter 2 of this Part. (3) Section 95(3) to (5) of the Protection of Personal Information Act, 2013, applies, with the necessary changes, to the serving of an enforcement notice in terms of this Chapter. (4) A copy of the notice referred to in subsection (1) that has been certified by the Information Regulator is, for purposes of the application referred to in section 78, conclusive proof of the contents of the enforcement notice that has been served by the Regulator.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		Inligtingskennisgewing **77I.** (1) Vir die doeleindes van die ondersoek van 'n klagte, kan die Inligtingsreguleerder 'n inligtingskennisgewing op die inligtingsbeampte of hoof van 'n privaatliggaam beteken wat van die party vereis om die inligting in die kennisgewing vermeld binne 'n bepaalde tydperk, in die vorm in die kennisgewing vermeld, aan die Inligtingsreguleerder te voorsien. (2) 'n Inligtingskennisgewing ingevolge subartikel (1) moet vergesel gaan van— *(a)* redes vir die uitreiking van die kennisgewing; en *(b)* besonderhede van die reg tot appèl by artikel 78(4) verleen. (3) Artikel 90(3) tot (9) van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, is van toepassing op die betekening van 'n inligtingskennisgewing ingevolge hierdie Hoofstuk. **Adwingingskennisgewing** **77J.** (1) Die Inligtingsreguleerder, na oorweging van die aanbeveling van die Afdwingingskomitee, kan 'n afdwingingskennisgewing op die inligtingsbeampte van die openbare liggaam of die hoof van 'n privaatliggaam beteken— *(a)* waarin die besluit wat die onderwerp van die klagte is, bevestig, gewysig of ter syde gestel word; of *(b)* waarin van die genoemde beampte of hoof vereis word om sodanige stappe te doen of nie te doen nie wat die Inligtingsreguleerder in die kennisgewing vermeld het. (2) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet vergesel gaan van— *(a)* redes vir die kennisgewing; en *(b)* besonderhede van die reg om 'n aansoek by die hof in te dien soos deur Hoofstuk 2 van hierdie Deel verleen. (3) Artikel 95(3) tot (5) van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, is, met die nodige veranderinge, van toepassing op die betekening van 'n afdwingingsbevel ingevolge hierdie Hoofstuk. (4) 'n Afskrif van die kennisgewing in subartikel (1) bedoel wat deur die Inligtingsreguleerder gesertifiseer is, is vir die oogmerke van die aansoek in artikel 78 bedoel, afdoende bewys van die inhoud van die afdwingingskennisgewing wat deur die Reguleerder beteken is.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		Non-compliance with Enforcement Notice **77K.** An information officer of a public body or head of a private body who refuses to comply with an enforcement notice referred to in section 77J, is guilty of an offence and liable upon conviction to fine or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such a fine and such imprisonment.''. **19.** The amendment of section 78 by the substitution for the following section: ''**Applications regarding decisions of information officers or relevant authorities of public bodies or heads of private bodies or Regulator** **78.** (1) A requester or third party **[referred to in section 74]** may only apply to a court for appropriate relief in terms of section 82 **[after that requester or third party has exhausted the internal appeal procedure against a decision of the information officer of a public body provided for in section 74]** in the following circumstances: *(a)* After that requester or third party has exhausted the internal appeal procedure referred to in section 74; or *(b)* after that requester or third party has exhausted the complaints procedure referred to in section 77A. (2) A requester— *(a)* that has been unsuccessful in an internal appeal to the relevant authority of a public body; *(b)* aggrieved by a decision of the relevant authority of a public body to disallow the late lodging of an internal appeal in terms of section 75(2); *(c)* aggrieved by a decision of the information officer of a public body referred to in paragraph *(b)* of the definition of 'public body' in section 1— (i) to refuse a request for access; or (ii) taken in terms of section 22, 26(1) or 29(3); **[or]** *(d)* aggrieved by a decision of the head of a private body— (i) to refuse a request for access; or (ii) taken in terms of section 54, 57(1) or 60**[,]**; or *(e)* that is aggrieved by any decision of the Information Regulator, may, by way of an application, within **[30]** 180 days apply to a court for appropriate relief in terms of section 82.

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		Nievoldoening met Afdwingingskennisgewing **77K.** 'n Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam of hoof van 'n privaatliggaam wat weier om aan 'n adwingingskennisgewing in artikel 77J bedoel, te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.''. **19.** Die wysiging van artikel 78 deur die volgende artikel te vervang: ''**Aansoeke betreffende besluite van inligtingsbeamptes of tersaaklike owerhede van openbare liggame of van hoofde van privaatliggame of Reguleerder** **78.** (1) 'n Versoeker of derde party **[bedoel in artikel 74]** kan slegs 'n aansoek om 'n gepaste bevel ingevolge artikel 82 onder die volgende omstandighede by 'n hof bring **[nadat die versoeker of derde party die interne appèl prosedure teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge artikel 74 uitgeput het]**: *(a)* Nadat daardie versoeker of derde party die interne appèlprosedure bedoel in artikel 74 uitgeput het; of *(b)* nadat daardie versoeker of derde party die klagteprosedure bedoel in artikel 77A uitgeput het. (2) 'n Versoeker wat— *(a)* onsuksesvol was met 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam; *(b)* veronreg voel deur 'n besluit van die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam om nie die laat aanteken van 'n interne appèl ingevolge artikel 75(2) toe te laat nie; *(c)* veronreg voel deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(b)* van die woordomskrywing van 'openbare liggaam' in artikel 1— (i) om 'n versoek tot toegang te weier; of (ii) geneem ingevolge artikel 22, 26(1) of 29(3); **[of]** *(d)* veronreg voel deur 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam— (i) om 'n versoek tot toegang te weier; of (ii) geneem ingevolge artikel 54, 57(1) of 60**[,]**; of *(e)* veronreg voel deur enige besluit van die Inligtingsreguleerder, kan, by wyse van 'n aansoek, binne **[30]** 180 dae by 'n hof vir 'n gepaste bevel ingevolge artikel 82 aansoek doen.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		(3) A third party— *(a)* that has been unsuccessful in an internal appeal to the relevant authority of a public body; *(b)* aggrieved by a decision of the information officer of a public body referred to in paragraph *(b)* of the definition of 'public body' in section 1 to grant a request for access; **[or]** *(c)* aggrieved by a decision of the head of a private body in relation to a request for access to a record of that body**[,]**; or *(d)* that is aggrieved by any decision of the Information Regulator, may, by way of an application, within **[30]** 180 days apply to a court for appropriate relief in terms of section 82. (4) An information officer or relevant authority of a public body or the head of a private body, as the case may be, aggrieved by a decision of the Information Regulator in terms of section 77E(2)*(b)* or *(c)* may, by way of an application, within 180 days apply to a court for appropriate relief in terms of section 82.''. **20.** The amendment of the heading of Part 5 by substituting the words ''Human Rights Commission'' with the words ''Information Regulator''. **21.** The amendment of sections 32, 83, 84 and 85 by substituting the words ''Human Rights Commission'' wherever they occur, with the words ''Information Regulator''. **22.** The repeal of section 88. **23.** The amendment of the long title for the following long title: **"To give effect to the constitutional right of access to any information held by the State and any information that is held by another person and that is required for the exercise or protection of any rights; to provide that the Information Regulator, established in terms of the Protection of Personal Information Act, 2013, must exercise certain powers and perform certain duties and functions in terms of this Act; and to provide for matters connected therewith."**

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		(3) 'n Derde party wat— *(a)* onsuksesvol was in 'n interne appèl na die tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam; *(b)* veronreg voel deur 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf *(b)* van die woordomskrywing van 'openbare liggaam' in artikel 1 om 'n versoek tot toegang toe te staan; **[of]** *(c)* veronreg voel deur 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam in verband met 'n versoek tot toegang tot 'n rekord van daardie liggaam**[,]**; of *(d)* veronreg voel deur enige besluit van die Inligtingsreguleerder, kan, by wyse van 'n aansoek, binne **[30]** 180 dae by 'n hof vir 'n gepaste bevel ingevolge artikel 82 aansoek doen. (4) 'n Inligtingsbeampte of tersaaklike owerheid van 'n openbare liggaam of die hoof van 'n privaatliggaam, na gelang van die geval, wat veronreg voel deur 'n besluit van die Inligtingsreguleerder ingevolge artikel 77E(2)*(b)* of *(c)* kan, by wyse van 'n aansoek, binne 180 dae by 'n hof aansoek doen om gepaste regshulp ingevolge artikel 82.''. **20.** Die wysiging van die opskrif van Deel 5 deur die woord ''Menseregtekommissie'' deur die woord ''Inligtingsreguleerder'' te vervang. **21.** Die wysiging van artikels 32, 83, 84 en 85 deur die woord ''Menseregtekommissie'', waar dit ook al voorkom, deur die woord ''Inligtingsreguleerder'' te vervang. **22.** Die herroeping van artikel 88. **23.** Die wysiging van die lang titel deur die volgende lang titel: ''**Om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word; te bepaal dat die Inligtingsreguleerder wat ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, ingestel is, sekere bevoegdhede moet uitoefen en sekere pligte en werksaamhede moet verrig ingevolge hierdie Wet; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**''

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
Act 25 of 2002	Electronic Communications and Transactions Act, 2002	**1.** The amendment of section 1 by the substitution for the definition of ''personal information'' of the following definition: '' **'personal information'** means information relating to an identifiable natural person, including, but not limited to— *(a)* information relating to the race, gender, sex, pregnancy, marital status, national, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, physical or mental health, well-being, disability, religion, conscience, belief, culture, language and birth of the person; *(b)* information relating to the education or the medical, financial, criminal or employment history of the person; *(c)* any identifying number, symbol, email address, physical address, telephone number, location information, online identifier or other particular assigned to the person; *(d)* the biometric information of the person; *(e)* the personal opinions, views or preferences of the person; *(f)* correspondence sent by the person that is implicitly or explicitly of a private or confidential nature or further correspondence that would reveal the contents of the original correspondence; *(g)* the views or opinions of another individual about the person; and *(h)* the name of the person if it appears with other personal information relating to the person or if the disclosure of the name itself would reveal information about the person, but excludes information about an individual who has been dead for more than 20 years;''. **2.** The repeal of sections 45, 50 and 51.
Act 34 of 2005	National Credit Act, 2005	**1.** The amendment of section 1 by the substitution of the definition of ''prohibited conduct'' with the following definition: '' **'prohibited conduct'** means any act or omission in contravention of the Act, other than an act or omission as contemplated in section 55(2)*(b)* or that constitutes an offence under this Act, by— *(a)* an unregistered person who is required to be registered to engage in such an act; or *(b)* a credit provider, credit bureau or debt counselor;'' .

No. en jaar van wet	**Kort titel**	**Omvang van herroeping of wysiging**
Wet 25 van 2002	Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002	**1.** Die wysiging van artikel 1 deur die omskrywing van ''persoonlike inligting'' deur die volgende omskrywing te vervang: '' **'persoonlike inligting'** inligting aangaande 'n identifiseerbare, natuurlike persoon, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot— *(a)* inligting met betrekking tot die ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, nasionale, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntering, ouderdom, fisiese of geestelike gesondheid, welsyn, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte van die persoon; *(b)* inligting met betrekking tot die opvoeding of die mediese, finansiële, kriminele of werksgeskiedenis van die persoon; *(c)* enige identifiserende nommer, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, inligting met betrekking tot ligging, aanlyn identifiseerder of ander bepaalde toewysing aan die persoon; *(d)* die biometriese inligting van die persoon; *(e)* die persoonlike menings, sieninge of voorkeure van die persoon; *(f)* korrespondensie gestuur deur die persoon wat vanselfsprekend of uitdruklik van 'n private of vertroulike aard is of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie aan die lig sal bring; *(g)* die sieninge of menings van 'n ander persoon met betrekking tot die persoon; en *(h)* die naam van die persoon waar dit verskyn met ander persoonlike inligting met betrekking tot die persoon of waar die bekendmaking van die naam opsigself inligting oor die persoon aan die lig sal bring, maar sluit inligting uit oor 'n individu wat meer as 20 jaar dood is;''. **2.** Die herroeping van artikels 45, 50 en 51.
UMthetho 34 ka-2005	i*National Credit Act*, 2005	**1.** Die wysiging van artikel 1 van die Xhosa teks deur die vervanging van die woordomskrywing van ''ukuziphatha okungavumelekang'' deur die volgende woordomskrywing: '' **'ukuziphatha okungavumelekang'** kuthetha nasiphi na isenzo okanye ukungenzi okwaphula lo Mthetho, okungesiso isenzo okanye ukungenzi okuxelwe kwisiqendu 55(2)*(b)* okanye okusisenzo esikukona ngokwalo Mthetho, esenziwa— *(a)* ngumntu ongabhaliswanga ekufuneka abe ubhalisiwe ukuze abe wenza eso senzo; okanye *(b)* umbolekisi, iziko labanamatyala okanye umluleki wabanamatyala;''.

No. and year of law	Short title	Extent of repeal or amendment
		2. The amendment of section 55 by the substitution for subsection (2) of the following subsection: "(2) *(a)* Before issuing a notice in terms of subsection (1)*(a)* to a regulated financial institution, the National Credit Regulator must consult with the regulatory authority that issued a licence to that regulated financial institution. *(b)* Sections 68, 70(1), (2)*(b)* to *(g)* and *(i)*, (3) and (4) and 72(1), (3) and (5) will be subject to the compliance procedures set out in Chapters 10 and 11 of the Protection of Personal Information Act, 2013.". **3.** The amendment of section 68 by the deletion of subsection (2). **4.** The amendment of section 136 by the substitution for subsection (1) of the following subsection: "(1) Any person may, subject to section 55(2)*(b)*, submit a complaint concerning an alleged contravention of this Act to the National Credit Regulator in the prescribed manner and form." **5.** The amendment of section 137 by the deletion of subparagraph *(a)* of subsection (1).

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping of wysiging
		2. Die wysiging van artikel 55 van die Xhosa teks deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: "(2)*(a)* Ngaphambi kokukhupha isaziso ngokwesiqendwana (1)*(a)* sisiya kwiziko-mali elilawulwa yimimiselo, iQumrhu Elilawula Amatyala eZwenilonke (National Credit Regulator) malibonisane negunya elilawula ngokwemimiselo elakhuphela elo ziko-mali ilayisenisi. *(b)* Isiqendu 68, 70(1), (2)*(b)* ukuya ku-*(g)* no-*(i)*, (3) no-(4) no-72(1), (3) no-(5) ziya kulawulwa ziinkqubo ezichazwe kwiSahluko 10 nese-11 *Protection of Personal Information Act, 2013*.". **3.** Die wysiging van artikel 68 van die Xhosa teks deur subartikel (2) te skrap. **4.** Die wysiging van artikel 136 in die Xhosa teks deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: "(1) Nawuphi na umntu unokuthi, ngokulawulwa sisiqendu 55(2)*(b)*, angenise isikhalazo esingokwaphulwayo okubikwayo kwalo Mthetho esingenisa kwiNational Credit Regulator ngendlela efunekayo." **5.** Die wysiging van artikel 137 in die Xhosa teks deur subparagraaf *(a)* in subartikel (1) te skrap.